


# 'n Beknopte Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukpers in Suid-Afrika

*DEUR*

P. J. NIENABER

No. XXV

# 'N BEKNOPTE GESKIEDENIS VAN DIE HOLLANDS-AFRIKAANSE DRUKPERS IN SUID-AFRIKA

*DEUR*

P. J. NIENABER

*REDAKSIE:*
PROF. DR. J. DE W. KEYTER
PROF. DR. N. DIEDERICHS
PROF. DR. G. CRONJÉ
DR. P. MEYER

*DIE TWEEDE TREK-REEKS*

No. XXV

Drukkers en Uitgewers
NASIONALE PERS BEPERK,
Bloemfontein, Kaapstad en Port Elizabeth
1943

*„Zuid-Afrika is bedekt met de graven van Hollandse tijdschriften en koeranten; op allen staat hetzelfde opschrift te lezen, nl. Gestorven door gebrek aan ondersteuning."*

—(*Pres. M. T. Steyn.*)

*Opgedra aan Hansie en Engela.*

# INHOUD.

*Hoofstuk* *Bl.*

I. Suid-Afrika kry 'n eie Drukpers .. 3

II. Die Stryd om die Vryheid van die Drukpers .. .. .. .. .. .. .. .. .. 9

III. Joernalistiek in die Kaapkolonie gedurende die 19de Eeu .. .. .. .. 16

IV. Wiegedrukke en die eerste Kaapse Uitgewers .. .. .. .. .. .. .. .. .. 51

V. Die Drukpers in Natal .. .. .. .. .. 71

VI. Die Drukpers in die Vrystaat .. .. 83

VII. Die Drukpers in Transvaal .. .. .. 95

VIII. Die Opkoms van die Afrikaanse Drukpers .. .. .. .. .. .. .. .. .. 105

IX. Die Bloei van die Afrikaanse Drukpers .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 117

Literatuurlys .. .. .. .. .. .. .. .. .. 123

HOOFSTUK I.

# SUID-AFRIKA KRY 'N EIE DRUKPERS

Vanaf die vroegste dae van die volksplanting aan die Kaap, tydens die bewind van die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie, moes alle dagverhale, briewe, wette en proklamasies met die pen geskrywe word. Die enkele Kaapse geskrif wat tot aan die einde van die 18de eeu die lig gesien het, is in Holland gedruk, en 'n Kaapse *Naamboek van de WelEdele Heeren der Hooge Indiesche Regeering* 1771-2, het in 1793 in Batavië verskyn.

In 1784 het Johann Christian Ritter egter in Tafelbaai aan wal gestap—die man wat die drukkuns in Suid-Afrika en die Suidelike Halfrond sou invoer, want eers in 1810 het Suid-Amerika sy eerste drukpers gekry. Ritter is in Bayreuth, Duitsland, op 25 Julie 1755 gebore as seun van 'n boekbinder. In die tweede helfte van 1784 het hy in Kaapstad aangekom as boekbinder in diens van die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie. In 1810 is hy oorlede.

Die regering aan die Kaap het aanvanklik tevergeefs probeer om die Here Sewentien te oorreed om 'n drukpers hierheen te stuur. Uit 'n brief van goewerneur Van de Graaff aan die Here Sewentien blyk dat sy voorganger in 1783 aansoek gedoen het om 'n drukpers vir die gebruik van die Kaapse regering. In 'n brief gedagteken 5 Desember 1783 het die Here Sewentien die versoek geweier. Drie jaar later is die aansoek herhaal en weer geweier. Dit

skyn asof die versoek in 1793 genade gevind het, want in daardie jaar het die Kaapse regering besluit om 'n drukpers op te rig en die superintendentskap van die drukkery aan J. C. Ritter belowe. In Maart 1795 skryf Ritter aan die regering en sê dat hy dit betwyfel of sy hoop en verwagting ooit verwesenlik sal word, want die materiaal vir die drukkery het nog nie aangekom nie. Inderdaad het daar niks van gekom nie, want kort daarná het die Kaap in die hande van Engeland oorgegaan.

Ritter het egter daarin geslaag om 'n drukpersie in die hande te kry, want op 20 Augustus 1800 skryf hy aan sir George Yonge dat hy „such trifles as his apparatus would allow" gedruk het en dat hy ook gedurende drie jaar uitgegee het „small almanacs calculated after the Meridian of this place".

Hierdie „trifles" was waarskynlik handbiljette en advertensies. Dit is seker dat hy almanakke vir 1796 en 1797 gedruk het, en ongetwyfeld ook een vir 1795. Daar is 'n fragment van die almanak vir 1796 in die S.A. Openbare Biblioteek in Kaapstad, die oudste bestaande stukkie drukwerk in Suid-Afrika.

John Barrow wat as private sekretaris van die eerste Engelse goewerneur, lord Macartney, in Mei 1797 in die Kaap aangekom het, het hom gladnie vriendelik uitgelaat oor Ritter se almanakke nie: „No printing press has yet found its way to the Cape of Good Hope, except a small one for cards or hand-bills. They contrive indeed to publish a sort of almanac, but that of the current year has somewhat suffered

in its reputation by having stated an eclipse of the moon to fall on the day preceding the full, and to be invisible, when unluckily for the almanac-maker, it happened at its proper time, visible and nearly total."

Veel simpatieker is lady Anne Barnard in 'n brief van 1 Junie 1800 aan Henry Dundas: „This page is like a newspaper. That reminds me — the Governor is resolved to have one here. If it answers as the printing of an almanac did in the Dutch time, it will be droll. The printer made a fortune of two shillings by it: each of the four districts took one at sixpence — all the inhabitants read or copied out of that one". Sy oordryf natuurlik baie, want Ritter sou nie driekeer agtermekaar 'n almanak uitgegee het as dit nie lonend was nie.

In 1799 het die tweede drukker in die Kaap aangekom — hy was 'n Engelsman, Harry Harwood Smith. Ten spyte van die feit dat hy 'n aanbevelingsbrief gehad het as drukker, is hy aangestel as klerk in die regeringsdepartement. Maar hy moes tog geleentheid gekry het om sy beroep te beoefen, want in 'n versoekskrif van 21 April 1800 sê hy dat hy sedert sy aanstelling behulpsaam was met die druk van die proklamasies en stukke wat nodig was in die kantoor van die regeringsekretaris. Smith moes sy drukwerk op die pers van Ritter gedoen het, want dit was die enigste drukpers in die land. Een van hierdie proklamasies deur Smith gedruk, word in die Staatsargief, Kaapstad, bewaar. Dit is 'n tweetalige militêre prokla-

masie van 26 Februarie 1799 en onderteken deur generaal Dundas.

In sy versoekskrif sê Smith dat hy reeds 'n groot gedeelte van sy drukkersmateriaal ontvang het en 'n drukpers te enige dag verwag. Hy doen dan aansoek om aanstelling tot goewermentsdrukker en verbind hom om net regeringstukke te druk, saam met katalogusse, kennisgewings en handelstukke. In die antwoord van die regering is hom meegedeel dat sy aansoek oorweeg word, maar dat intussen niks gedruk mag word nie, behalwe in diens van die regering.

Intussen het 'n ryk Kaapstadse firma — Walker en Robertson — 'n drukpers ingevoer, saam met drie drukkers en 'n Hollandse vertaler. Mnr. Robertson het self die drukpers uitgesoek toe hy in Londen op besoek was. Op 1 Februarie 1800 is die pers opgerig in Pleinstraat 35, en op 15 Julie het sir George Yonge 'n proklamasie uitgevaardig waarin hy die firma Walker en Robertson aangestel het as die enigste drukkers vir die regering en in die Kolonie, met 'n swaar boete vir enige ander persoon wat drukwerk gaan doen. Hulle is ook toegelaat om 'n weeklikse koerant uit te gee.

Dit is begryplik dat Ritter en Smith baie ontsteld was en hulle het onmiddellik 'n memorie aan die Goewerneur gestuur waarin hulle hom herinner het aan hul aansprake op erkenning. Die regering het belowe om Ritter se drukpers, wat hy uit Europa verwag het, by aankoms te koop, en Smith moes sy drukkersmateriaal aan die regering oorhandig.

Op 18 Augustus 1800 verskyn die eerste staatsblad, *The Cape Town Gazette and African Advertiser. Kaapsche Stads Courant en Afrikaansche Berigter,* waarin behalwe proklamasies ook advertensies en nuusberiggies verskyn. Maar Walker en Robertson was duur met hul drukwerk en van oral-oor het klagtes by die regering ingekom en dit was ook nie weer na hul sin dat 'n staatsblad deur 'n private firma uitgegee word nie. Daarom het die regering op 10 Oktober 1800 sy voorneme deur proklamasie bekend gemaak dat hy die drukpers gaan koop. Walker en Robertson het 'n eis om 17,000 gulde ingestuur, maar die regering het die pers en toebehoorsels teen 12,000 gulde (£2000) gekoop. Heelwaarskynlik is die pers nie dadelik van Pleinstraat na die Kasteel verwyder nie, want in 1801 is die *Troostelyk Gesprek tusschen den Here Jezus en de Moedeloose Ziel* nog „Ter Drukkery van het Goevernement No. 35 Plein Straat" gedruk. Op 14 Oktober 1800 is Smith nou 'n betrekking by die Goewermentsdrukkery belowe, maar wat van Ritter geword het, weet ons nie.

Van nou-af is die staatskoerant en alle drukwerk deur die „Goewernementsdrukkery" gedoen, meer as twintig jaar lank. Gedurende die Bataafse bewind het die *Cape Town Gazette* die *Kaapsche Courant* geheet, 'n naam waaronder dit baie populêr geword het buite Kaapstad. Dit het nou slegs in Hollands verskyn, en het ook markberigte, slawe-verkopings, geboortes en sterfgevalle bevat. Lord Charles Somerset het die koerant byna uitsluitend in Engels laat

verskyn en vanaf 7 Julie 1826 heet dit *The Cape of Good Hope Government Gazette*, en die inhoud net nou feitlik net uit proklamasies bestaan.

Dit het tot gevolg gehad dat ander koerante in die eintlike sin van die woord ontstaan het, soos die *South African Commercial Advertiser* in 1824 van Greig, Pringle en Fairbairn, en *De Verzamelaar* van J. Suasso de Lima, in Januarie 1826, waarin „loutere waarheidsliefde, onderwys en nut" nagestreef sou word.

Dit bring ons by die stryd om die vryheid van die drukpers in Suid-Afrika, maar hieroor in 'n volgende hoofstuk. Die wiegdrukke word ook elders behandel. Hier sal ek nog die verspreiding van die drukpers in ons land skets.

As ons die sending-drukpers voorlopig buite rekening laat, dan vind ons dat Grahamstad ná Kaapstad die eerste is wat 'n drukpers besit, want in 1830 is hier gedruk R. P. Adams se *An eulogy on Dr. Alexander Cowie and Mr. Benjamin Green*. Grahamstad word opgevolg deur Natal. Daar was 'n sending-drukpers in 1838, maar die drukwerk is op 'n wa gedoen, sodat die eerste drukpers in 1840 in Port Natal opgerig is, en die volgende jaar een in Pietermaritzburg. In Natal was die pionier-drukkers Cullingworth van Durban, C. Moll, J. J. Buchanan en May & Davis van Pietermaritzburg. Daarná volg Port Elizabeth, 1845; Bloemfontein, 1850; Oos-Londen, 1850; Potchefstroom, 1857; Pretoria, 1862; Fauresmith, 1871; Johannesburg, 1886; Barberton, 1886, ens.

Die eerste sending-drukpers het in Bethelsdorp gestaan. Dit is veronderstel dat drukwerk in 1805 daar gedoen is, maar dit wil voorkom asof dit eers in die jaar 1815 was. Dan kom Grikwastad, 1821; Gwali, naby Alice, 1823; Chumie 1823 of 1824; Lovedale, 1826; Koeroeman, 1831; Platberg, 1832; Fort Peddie (Euqushwa), 1840; Thabantsjoe, 1840; Port Natal, 1840; Durban (e Thekwini), 1841; Pietermaritzburg (u Mgungundlovu), 1841; Beerseba, 1841; Mount Coke (Emkangiso), 1843; Newtondale (e Mtati), 1844; Thaba Bosigo, 1844; Katrivier (Fort Beaufort), 1845; e Sidumbini (50 myl noord van Durban), 1849; Kingwilliamstown (e Qonce), 1849; Oos-Londen, 1850; Fort Beaufort, 1853; Scheppmannsdorf, 1855; u Msunduzi (30 myl N. van Durban), 1859; Moria, 1860; Genadendal, 1861; i Fafa, 1862; Keiskamma Hoek, 1862; Springvale, 1865; Bethesda, 1866; Pniel, 1870; Masitise, 1872; Gwatyu, 1873; Alice, 1877; Adams, 1880; i Sandlwana, 1885; Mariannhill, 1886; i Ndwe, 1888, ens.

Hierna het byna elke dorp oor 'n eie drukpers, hoe klein ook al, beskik.

---

## HOOFSTUK II.

## DIE STRYD OM DIE VRYHEID VAN DIE DRUKPERS

„In die geskiedenis van Suid-Afrika — veral die geskiedenis wat iets beteken, omdat dit die storie is van probeerslae, om ons volk te ontwikkel — is daar weinige stories wat die belangstelling meer boei as die van die stryd

om ons 'n vrye Drukpers te gee." (*De Volkstem,* 1 Okt. 1924).

Die eerste onafhanklike nuusblad in Suid-Afrika was *The South African Commercial Advertiser,* wat op 7 Januarie 1824 verskyn het. Dit is uitgegee deur die drukker George Greig met medewerking van Thomas Pringle, een van die Engelse setlaars wat 'n mislukking van die boerdery gemaak het, Fairbairn, wat op uitnodiging van Pringle van Engeland gekom het, Louis Henry Meurant en John Eckley.

Greig, Pringle en Fairbairn het op 23 Februarie 1823 met 'n versoekskrif die Goewerneur (lord Charles Somerset) verlof gevra om 'n koerant uit te gee, maar die antwoord was dat Sy Eksellensie gladnie sy toestemming kon gee nie.

Greig het afsonderlik gevra om 'n koerant te druk, en daarop het die Goewerneur geantwoord „dat daar so baie aanvrae was vir permissie om koerante te stig, dat die saak in oorweging moes geneem word voordat daar iets beslis kon word".

In Desember 1823 het Fairbairn en Pringle egter verlof gekry om 'n tydskrif uit te gee saam met dr. A. Faure, om die beurt in Engels en Hollands onder die naam van *The South African Journal* en *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tijdschrift.* In Maart 1824 het die eerste nommer van die *Journal* verskyn. Die tweede nommer het verwys na die „Arbitrary system of government and its consequences". Op 13 Mei 1824 het die Fiskaal (adv. Denysschen)

Pringle ontbied „and demanded security that he would abstain from political and personal controversy". Pringle het geweier om dit te gee en na 'n onderhoud met die Goewerneur self het hy geweier om met die tydskrif aan te gaan „unless it was freed from arbitrary interference". Pringle het hieromtrent geskryf: „The Governor's will is law. His disapproval means ruination".

In oorleg met Greig het Pringle en Fairbairn tog besluit om 'n koerant uit te gee, want hulle het die wetgeleerdes geraadpleeg en gevind dat daar niks is wat hulle verbied om so'n blad te druk nie. Op 30 Desember 1823 het Greig toe die prospektus van *The South African Commercial Advertiser* gedruk, waarin hy die doel en strekking van die blad verduidelik. Dit sou in die eerste plaas handels- en besigheidsnuus versprei, maar letterkundige bydraes sou ook geplaas word. 'n Kopie van die prospektus is aan die Goewerneur gestuur saam met 'n brief waarin die Goewerneur se beskerming gevra word, maar nie verlof om die koerant te druk nie. In die prospektus is belowe „to exclude most rigorously all personal controversy, however disguised, or the remotest discussion of subjects relating to the policy or administration of the Colonial Government". (Meurant: *Sixty Years Ago*).

Somerset het nie op die brief geantwoord nie, maar op 7 Januarie 1824 het die eerste nommer van die *S.A. Commercial Advertiser* verskyn. Die kantoor van die koerant was by

No. 1 Langemarkstraat, en die eienaar en redakteur was George Greig.

Die *Advertiser* was 'n tweetalige blad, hoewel oorwegend Engels. Die inleidingsartikels is gereeld in Nederlands vertaal. Die blad het probeer om samewerking tussen die verskillende rasse te bewerkstellig, en skryf o.a.: „Let us not quibble about words. It does not matter who or what we are — whether we are English, or German or Hollanders — so long as we live here, have our homes here, and as the interest of the country in which we live is our interest, we can call ourselves Africans."

Van die begin af het die *Advertiser* propaganda gemaak vir 'n vrye drukpers; in byna elke nommer kom daar opinies voor oor die nuttigheid en noodsaaklikheid van persvryheid, en as leuse het die koerant gehad die bekende gesegde van Johnson: „The mass of every People must be barbarous where there is no Printing".

Vir 'n ruk het dit goed gegaan met die koerant, hoewel lord Charles Somerset gladnie in sy skik was met die toon daarvan nie, en bepaald nie met sekere artikels nie. Moeilikhede het egter spoedig opgedaag en die deurslag is gegee toe 'n sekere Launcelot Cook 'n memorie opgestel het om aan die Koninklike Kommissarisse voor te lê. Daarin het hy ernstige beskuldigings gemaak teen die hoofbelastingontvanger, Charles Blain, wat 'n persoonlike vriend van die Goewerneur was.

Die memorie is op 22 Januarie 1824 opgestel deur adv. Edwards, en dit is direk na die

Goewerneur gestuur met die versoek om dit onder die aandag van die Kommissarisse te bring. Die Goewerneur het dit nie gedoen nie, maar die memorie teruggehou en boonop gelas dat Cook, Edwards en adv. Johann Hoffman gedagvaar word vir kriminele laster. Die saak het voor 'n spesiale hof gedien, en dit is volledig gerapporteer in die *Advertiser*. Die beskuldigdes is vrygespreek, maar Edwards tot 'n maand tronkstraf veroordeel vir beledigende taal in die hof teenoor die Fiskaal.

In April is Edwards weer voor die hof gedaag vir laster teenoor die Goewerneur. Hy is veroordeel tot sewe jaar hardearbeid, maar om te verhoed dat die hofsaak weer in die *Advertiser* gerapporteer word, is die Fiskaal gelas om van Greig 'n waarborg van £750 te kry en om Greig te gebied om hom by die terme van sy prospektus te hou, en indien hierdie waarborg nie voor die 7de Mei verskaf is nie, moes die drukpers gestop word totdat die waarborg oorhandig is. Die Fiskaal is ook gelas om die drukproewe van die koerant na te sien en om alle aanstootlike dinge te onderdruk.

Op die aand van die 4de Mei is hierdie instruksies volledig uitgevoer deur die Fiskaal. Greig het die proewe aan hom gestuur, waarop die Fiskaal dit teruggestuur het met die kennisgewing dat hy nie kon toelaat dat al die artikels in die koerant verskyn nie.

Die volgende more het al die artikels in die *Advertiser* (dit was die 18de nommer) verskyn saam met 'n verklaring van Greig omtrent die gebeurde en 'n verduideliking: „We find it our

duty, as BRITISH SUBJECTS, under these circumstances, to discontinue the publication of the said paper, *for the present,* in this Colony, until we have applied for redress and direction to His Excellency the Governor and the British Government".

Op Woensdag, die 5de Mei, het dus die laaste nommer van die *Advertiser* verskyn. Die 7de het verbygegaan sonder dat die waarborg van £750 verskaf is, maar met 'n kennisgewing aan die publiek dat Greig van plan is om die feite in verband met die onderdrukking van die koerant te publiseer. Op die 8ste Mei is die Fiskaal gelas om die drukpers te verseël en 'n lasbrief uit te reik waarin Greig versoek word om die Kolonie binne 'n maand te verlaat. Die Fiskaal het aan hierdie opdragte uitvoering gegee.

Maar hoewel die pers verseël is, was die „feite" in verband met die onderdrukking reeds geset, en Greig met sy staf het die pamflette van die verseëlde vorms afgedruk. Die *Verklaring van Feite* is gratis versprei en duisende eksemplare daarvan was reeds Maandagmiddag in omloop.

Die pers is nou deeglik verseël en die Goewerneur het aangebied om dit teen 'n waardasie te koop. Greig het teen sy sin ingewillig, en is toe na Engeland om persoonlik die klagtes van die Koloniste voor die Britse Regering te lê. Sy pers is oorgemaak aan W. Bridekirk, 'n drukker in die *Gazette*-kantoor, en op die 18de Augustus 1824 het die *S.A. Chronicle*

*and Mercantile Advertiser* verskyn — om voort te bestaan tot die einde van 1826.

Greig se sending was 'n volslae sukses. Op 12 Februarie 1825 het Lord Bathurst, Staatssekretaris vir Kolonies, Greig verlof gegee om terug te keer na die Kolonie en 'n koerant te druk, sonder sensuur, en met die belofte dat niemand hom in sy besigheid sou benadeel nie. Lord Charles Somerset is teruggeroep en in 1826 opgevolg deur Sir Lowry Cole.

Op 31 Augustus 1825 het die *Advertiser* weer verskyn onder die redakteurskap van J. Fairbairn, om in 1827 weer stopgeset te word deur 'n regstreekse bevel uit Engeland, wat Lord Charles Somerset aldaar deur sy persoonlike invloed verkry het. Daarop het die Kaapse publiek Fairbairn afgevaardig na Engeland om die saak voor die Britse Regering te bepleit. Huskisson, wat toe Staatssekretaris was, het gehoor gegee aan die wense van die Koloniste, en het namens die Regering verklaar dat „the Press would be placed under the control and protection of *the Law*, and that no arbitrary suppression should take place in future". Fairbairn het teruggekeer na die Kolonie, en op 3 Oktober 1828 het die *Advertiser* vir die derde keer verskyn en voortbestaan tot 1853.

Hiermee was die stryd om die vryheid van die pers in Suid-Afrika gewonne.

## Hoofstuk III.

# JOERNALISTIEK IN DIE KAAPKOLONIE GEDURENDE DIE 19de EEU

„Voor de gewone burger van 1823, die met zijn buurman een pijpje rookte en gesprek voerde op de stoep van zijn woning op de Heerengracht, zou het idée van een private drukpers op te richten belachlik zijn geweest, en om een nieuwsblad uit te geven iets dat niet ver van krankzinnigheid verwijderd was. Alle drukwerk dat gedaan moest worden, kon immers aan de goevernementskantoren verricht worden, en wat betrof een nieuwsblad, wel, zij waren reeds zo lang klaar gekomen daarzonder, dat de gedachte van de oude verordening te doen wijken voor het nieuwe niet ver verwijderd zou zijn van heiligschennis". (Hofmeyr en Reitz: *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr*, 1913, bl. 44.)

En tog het op 7 Januarie 1824 die eerste nommer verskyn van *The South African Commercial Advertiser* en dieselfde jaar ook die *South African Journal* en *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tijdschrift.* Twee jaar later, Januarie 1826, sien die eerste Hollandse koerant in Suid-Afrika die lig, nl. *De Verzamelaar* (*The Gleaner*). Dit was 'n weekblad en het gestaan onder redaksie van die eienaar J. Suasso de Lima. Hierdeur word die „bekeerde kreupele Portugees-Hollandse Jood," De Lima, soos dr. F. C. L. Bosman hom noem, „die vader van die Hollandse koerantwese in Suid-Afrika" (*Hollandse Joernalistiek in Suid-Afrika,* bl. 1.)

De Lima is op 27 Junie 1791 gebore in Amsterdam. Hy het hom toegelê op die studie van die regte, en nadat hy 'n paar jaar in Amsterdam gepraktiseer het as prokureur, het hy na Batavia gegaan as amptenaar in diens van die N.O.I.K. Dit het daar nie goed gegaan met hom nie, en daarom het hy in 1818 na Suid-Afrika gekom om as beëdigde vertaler werksaam te wees. In 1823 was hy verbonde aan die Luterse skool as onderwyser. Daarop het hy 'n boekhandel en drukpers in Kaapstad geopen. Volgens eerw. A. Dreyer (*Lewensketse van Hollandse Joernaliste in Kaapland,* 1930, bl. 20) was dit die eerste Hollandse boekwinkel aan die Kaap, en die besigheid was geleë eers in Pleinstraat en later in Kerk- en Kasteelstrate.

Uit sy pen het verskillende werke gevloei, waarvan baie in Kaapstad gedruk is. Baie bekend is ook sy almanakke.

De Lima was gedurig in geldelike moeilikhede, terwyl hy en Boniface geswore vyande was. Hy het later op *Het Volksblad* gewerk, en sedert 1850 heet hy nie meer drukker van almanakke nie. Op 19 Desember 1858 is hy oorlede in die ouderdom van 67 jaar.

Maar om tot *De Verzamelaar* terug te keer: in hierdie koerant wou De Lima „loutere waarheidsliefde onderwys en nut" nastrewe en godsdienstige en staatkundige sake sou hy, volgens die wens van die goewerneur, buite beskouing laat. 'n Beleid het *De Verzamelaar* nie gehad nie, met die gevolg dat dié kleurlose koerant weinig invloed gehad het. Die peil was oor die algemeen laag. Ten gevolge van

sy doelstelling om die „opkomende letterbloei" te bevorder, het dit 'n menigte gedigte in Nederlands bevat, baie daaronder oorspronklik, maar sonder letterkundige betekenis (sien E. J. Conradie: *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika,* 1934, bl. 240—246).

Vir ons is 'n paar Afrikaanse briewe in *De Verzamelaar* van belang. Na aanleiding van twee platvoerse artikels oor „Ezels" en „Apen" in April 1826 (nrs. 11 en 14) spreek „Een leezende Buytenman" aan „de Uitgeefer van de Verzamelaar" sy genoeë daarmee uit in 'n brief wat sterk Afrikaans-gekleurd is. Van groter betekenis is twee briewe wat vier maande later afgedruk is. Op 9 September 1826 verskyn van Jan Hennepikker uit Worcester 'n brief in „stertjie-Afrikaans" gestel en waarin hy oor die lang omskrywinge klae wanneer 'n brief aan 'n veldkornet gerig word. Nog duideliker Afrikaans is Grietje Geldenaar van „Heks Rivier" se brief wat op 16 Sept. 1826 verskyn het. Hennepikker praat van „U Ed. Kourand met die anker en de schilden, met drie koegelgate," doelende op die wapen van Kaapstad wat op die buiteblad van *De Verzamelaar* pryk.

So het *De Verzamelaar* aan ons die oudste doelbewuste Afrikaanse proewe in briefvorm verskaf (sien P. J. en G. S. Nienaber: *Geskiedenis van die Afr. Letterkunde,* 1941, bl. 29—30).

*De Verzamelaar* kon moeilik wedywer met die Engelse koerante, wat tweetalig was. Maar toe lord Charles Somerset die ou *Kaapsche Courant* van naam, inhoud en formaat verander

het, het De Lima van die ontevredenheid hieroor by die Hollandssprekendes gebruik gemaak en vanaf 1 Januarie 1827 sy koerant genoem: *Kaapsche Courant, Afrikaansche Berigter, of De Verzamelaar.* Dit het nou die formaat gehad van die *Kaapsche Courant.*

Die opbloei was egter kortstondig, en toe De Lima op 6 Maart 1830 bankrot verklaar word, kom P. van Breda, een van sy skuldeisers, in besit van sy drukpers, en op 9 April 1830 verskyn die eerste nommer van *De Zuid-Afrikaan* onder redaksie van De Lima se aartsvyand: C. E. Boniface.

Volgens dr. Bosman (t.a.p., bl. 2) het De Lima na 1830 verskeie kere probeer om *De Verzamelaar* te laat herleef, en dit skyn ook of die blad werklik opgestaan het, want in 1834 het De Lima weer 'n drukpers in die hande gekry. Seker is dat *De Verzamelaar* in 1839 weer sy verskyning maak as 'n tweetalige weekblad en voortbestaan tot 1848. Ten tyde van die Anti-Bandiete-Agitasie in 1849 het De Lima sy drukpers aan die Regering verkoop.

### *De Zuid-Afrikaan*

Soos ons gesien het, het *De Zuid-Afrikaan* op Vrydag 9 April 1830 vir die eerste keer verskyn met P. van Breda as drukker en eienaar, C. E. Boniface as redakteur, en C. N. Neethling as die uitgewer. Aanvanklik het die blad gedeeltelik in Hollands en gedeeltelik in Engels verskyn, maar Hollands was oorwegend. Dit het begin as 'n weekblad van vier bladsye,

maar later het dit halfweekliks verskyn. Volgens gebruik het *De Zuid-Afrikaan* ook 'n spreuk gehad: „Tros Tyriusque mihi nullo discrimine agetur," geneem uit Vergilius. *De Zuid-Afrikaan* het dit self as volg vertaal:

„Each African has equal claims with me,
Whether he be Cape-born, or nurs'd beyond the sea."

Fairbairn, die redakteur van die *S.A. Commercial Advertiser*, was gladnie simpatiek teenoor die Afrikanerstrewe nie, en bepaald vyandig teenoor die Voortrekkers later. *De Zuid-Afrikaan* het dit as sy roeping beskou om die sienswyse van die Afrikaners te vertolk, om as hul mondstuk diens te doen. So word die beleid van die koerant reeds in die eerste uitgawe as volg aangedui:

„Met het aannemen van den naam ‚Zuid-Afrikaan' hijschen wij een banier, waaronder zich kan scharen alle Kolonisten, zoowel oude als nieuwe. Allen feitelijk, die dit land inwonen en hun bestaan uit zijn schoot trekken, zijn Afrikanen en zijn gebonden èn door plicht èn door eigenbelang, de welstand te bevorderen en de goede naam te bewaren van hun land en wie ook die aanvalt behoort door alle Afrikanen, zoo Engelschen als Hollandschen, met de uiterste strafheid te worden bejegend."

Boniface het dadelik begin om die Kapenaars te gésel, hul oë te open en hulle wakker te skud. So verklaar hy in 'n inleidingsartikel: „De Engelsche kolonisten, uwe vrienden, zeggen overluid, dat gij de gulhartigste, de vreedsaam-

ste, de geduldigste soort volk zijt onder de zon. Die menschen hebben gelijk; ik beken het met nationalen hoogmoed, het is in der daad zoo; en wat vooral het geduld betreft, het is zelfs te waar. Maar daar zijn andere Engelschen, alweder, die heel anders, ja, zeer hoonend over u denken, spreeken en schrijven. Deze zeggen niet alleen dat gij totaal onwaardig zijt om de voorrechten van Britsche onderdanen te genieten, dewijl gij te veel vet eet, te min poortwijn drinkt, en u gansch niet met politieke zaken bemoeijen: maar zij verspreiden hier en daar allerlei geruchten, die u, as een volk, zeer veel tot nadeel strekken, en die uwe onverklaarbare stilzwijgendheid schijnt te regvaardigen".

Hy wil hê die Afrikaners moet meer patriotisme en lewenslus toon, en hulle moet ook Engels aanleer: „Zie . . . wij zullen eenvoudig zoo maken: Alle weken, d.i. alle Vrijdagen, zal ik u een kleine les geven, bestaande uit een Humbug of twee-drie, die gij uit uw hoofd zult leeren .... Wy beginnen met Free Press Humbug, Independent Newspaper Humbug, Missionary Humbug, en vooral (want dit is de *paramount of non plus ultra* van alle humbugs), de Philippisch Humbug."

Dit bly nie by 'n belofte nie, want Boniface begin dadelik om dr. Philip te kasty, en hierin het hy die simpatie van sy lesers gehad, want ook hulle was nie gediend met die oordrewe filantropie nie. Boniface word selfs persoonlik, want in 'n artikel oor „De Philippische Humbug" sê hy van dr. Philip o.a.: „O vrienden, een gezicht gelijk dat van dezen man zag de groote

Molière maar eens, en de *Tartuffe* werd geboren" (7 Mei 1830).

Die hofsaak wat W. M. Mackay van Somerset-Oos teen dr. Philip gevoer het oor eerskending i.v.m. die straf vir 'n Hottentot, Hendrik Kok, het daartoe aanleiding gegee dat Boniface in *De Zuid-Afrikaan* van 6 en 13 Augustus 1830 'n kostelike samespraak in Afrikaans geskryf het. Hierdie samespraak is die oudste werklik-goeie voorbeeld van bewus-geskrewe Afrikaans. (Sien *Gesk. v. d. Afr. Lett.*, bl. 32—35).

In *De Zuid-Afrikaan* kom daar nog meer voorbeelde voor van stukke in Afrikaans geskrywe. Tussen 6 Aug. 1830 en 21 Aug. 1831 het nie minder as vyf Afrikaanse stukke in hierdie weekblad verskyn nie. Ná 1860 het daar heelwat meer gekom. Dit is ook in hierdie koerant dat in die sewentiger jare o.a. Pannevis, S. J. du Toit en C. P. Hoogenhout vir Afrikaans begin ywer het.

Maar om terug te keer tot Boniface: ál sy artikels het nie die goedkeuring van sy lesers weggedra nie, veral nie as hy eers begin persoonlik word het nie. 'n Skimpdig in *De Zuid-Afrikaan* teen 'n verloskundige het 'n hofsaak veroorsaak, en Boniface en die uitgewers moes £70 skadevergoeding betaal. Boniface kon nie betaal nie en op 'n deel van die drukkery is beslag gelê. Toe hy later 'n artikel oor *Laster* skrywe, wou die eienaars-uitgewers dit nie plaas nie met die gevolg — 'n nuwe redakteur en Boniface op straat (sedert 29 Oktober 1830).

„Met Boniface se aftrede verloor die hoofartikels ook duidelik hul direktheid van toon, die persoonlike kontak. Hulle word minder gesprekke van 'n hom die meerdere voelende leraar wat met sy kinders, die publiek, die „goede Zuid-Afrikanen" gesels en hulle meer prikkel deur kritiek as lei deur simpatie. Boniface se styl is bombasties, sy werk is deurspek met verwysings na en toespelings op die klassieke, maar by dit alles skryf hy besonder dramaties en lewendig; hy personifieer graag die abstrakte en hou van die dialoogvorm. Wanneer hy dit het oor publieke sake en dit enigsins vertroebeld sien, kan hy besonder skerp wees oor tekortkominge. Hy blameer graag, is selde versoenend, en prys met voorbehoud. As hy oor sy persoonlike houding gesels, kan hy erg banaal wees, en stig dan alleen . . . die koesteraar van haat en laster. Hy is nooit humoristies nie, selde droogkomies, meestal sarkasties-pessimisties. Hy weet altyd beter, en het *alleen* geen Humbug, hoewel sy voorliefdes die onskuldigste nie is nie. Want hy wil altyd hervorm, terwyl hy in die reël vervorm. Waar hy loop en sy gedagtes saai, tier die onkruid van onverdraagsaamheid, laster, agterdog. Vir hom is niks heilig nie, uitgenome sy hoogdunkenheid. Sy vyande vergeet hy nooit en om hulle swart te smeer is alles geoorloof." (T.a.p., bl. 58). *

Boniface is opgevolg deur Robert J. Stapleton as redakteur van *De Zuid-Afrikaan,* maar toe hy

---

* Oor Boniface se lewe: sien G. S. Nienaber: Van Roem tot Selfmoord, 1939.

in sy politiek die negrofilistiese beskouings van Fairbairn openbaar, moes ook hy na ses maande afskeid neem. Ander redakteurs het gekom en gegaan totdat 'n klompie „vurige patriotten", onder wie adv. (later sir) Christoffel Brand, adv. J. de Wet, adv. J. Hofmeyr en die here C. H. Neethling, M. L. Neethling en P. A. Brand die koerant onder hul sorg geneem het. Hulle het 'n sindikaat met tagtig aandeelhouers opgerig, en van toe af het *De Zuid-Afrikaan,* wat kort daarna in die Walestraat gehuisves is, 'n vaster bestaan gekry. Deurdat geen voltydse redakteur benoem is nie, en die inleidingsartikels deur verskillende persone geskryf is, het die koerant nie 'n vaste rigting gehad nie, en daardeur moes hy van sy populariteit inboet. Hy is weleens beskimp as „een onecht kind . . . daar het geen vader had, maar wel tachtig voogden."

Die Engelse blaaie was nie in hul skik met die pro-Afrikaanse beleid van *De Zuid-Afrikaan* nie en het hom dikwels skerp aangeval soos die *Cape of Good Hope Literary Gazette*: „There is no single subject which this miserable print has handled which does not become a mass of inconsistency and absurdity. As a literary composition, both in Dutch and English, the 'Zuid-Afrikaan' is wretched to a proverb. . . . We are bound, in finally summing up, to declare that the paper in question has thrown down all fence and bulwark of public decency."

In 1836 het daar weer verbetering gekom in die beheer van die koerant toe J. J. H. Smuts redakteur en J. W. Lotz die uitgewer geword het. Hulle het „de oude dame van de Walestraat", soos die koerant spottenderwyse genoem is, goed bestuur tot 1868 toe Lotz as landdros in die Vrystaat aangestel is — later het hy Ouditeur-Generaal van die Vrystaat geword.

Met die opkoms van die Liberalisme in Suid-Afrika het *De Zuid-Afrikaan* die Ortodoksgesindes nie gesteun nie. Inteendeel, „De Zuid-Afrikaan werd beschouwd te zijn, zo niet beslist Liberaal in sympathie, dan toch een vijand, daar die geen vriend was". (Hofmeyr en Reitz, t.a.p., bl. 51.) Hierdie houding het hom nie tot voordeel gestrek nie. Na Lotz se vertrek na die Vrystaat het dit begin afdraande gaan met dié koerant, en 'n volgende gevoelige slag was die vertrek van dr. Changuion, want sy inleidingsartikels, hoewel soms kwaai anti-Engels, was baie populêr by die lesers. Smuts moes nou die blad alleen bestuur en self vir die inleidingsartikels sorg. Maar hy het nie meer die geesdrif en moed van sy jeugjare besit nie, en sy artikels wat nogal onbeslis was, kon die lesers nie boei nie. Die blad moes die helfte kleiner gemaak word, want baie van die advertensies het verdwyn.

Eindelik was Smuts, wie se gesondheid intussen baie agteruitgegaan het, verplig om sy koerant aan J. H. Hofmeyr (Onze Jan), die eienaar van *De Volksvriend,* in 1871 gedeeltelik te verkoop. Op 2 September 1871 het die eerste nommer verskyn van *De Zuid-Afrikaan* ver-

*eenigd met de Volksvriend.* Die heer Smuts het nie meer aktief deelgeneem aan die besigheid nie, wat voortaan onder die naam van Smuts en Hofmeyr voortgesit is.

Die nuwe blad was in alles, behalwe die naam, 'n voortsetting van *De Volksvriend*—ook in die gesindheid. Hoewel die blad voortaan nog die Ortodokse sienswyse gesteun het en gewoonlik beskou is as die mondstuk van die Ned. Geref. Kerk, het die kerklike element nou 'n ondergeskikte rol daarin gespeel en is die voorrang aan politieke gebeurtenisse gegee. Hierdie verandering het waarskynlik aanleiding gegee dat die godsdienstige tydskrif *Elpis* weer in die lewe geroep is. Dat *De Zuid-Afrikaan* nie as 'n vyandige blad beskou is nie, blyk daaruit dat *Elpis* sowel as godsdienstige boeke deur Smuts en Hofmeyr gedruk is. Die eertse boeke van die Genootskap van Regte Afrikaners, asook die eerste jaargang van *Die Patriot,* is ook deur hierdie firma gedruk.

*De Zuid-Afrikaan* het nou weer 'n bloeitydperk beleef, en Hofmeyr het soveel wins uit die blad gemaak dat hy vir die res van sy lewe geen geldelike sorge meer gehad het nie. Maar die politiek het sy aandag nou so in beslag geneem dat hy in 1881 die besigheid aan 'n Hollander, Hendrik Regter, verkoop het. Die firma was nou bekend as Hofmeyr en Regter. Hoewel Hofmeyr hom aan die finansiële sake onttrek het, moes hy nog die *Z.A. Tijdschrift* redigeer en die inleidingsartikels vir *De Zuid-Afrikaan* skrywe. In 1883 het hy homself egter ook hiervan vrygemaak.

Intussen is Regter oorlede, en sy seun Jan wat hom opgevolg het, het dr. J. W. G. van Oordt tot redakteur benoem. Hofmeyr het egter nog leiding gegee wat die politiek van die blad betref, sodat *De Zuid-Afrikaan* die groot draer van die Bondsideale was.

Na die dood van *Het Volksblad* in 1886 was *De Zuid-Afrikaan* tot 1892 die enigste Hollandse nuusblad in Kaapstad. Maar daar het ontevredenheid ontstaan oor die strekking van dr. Van Oordt se artikels en begin 1892 is 'n nuwe koerant opgerig: *Ons Land.* Dit het dadelik die ondersteuning van Onze Jan geniet. In 1894 is die blad verenig met *De Zuid-Afrikaan* onder die nuwe naam: *De Zuid-Afrikaan verenigd met Ons Land.* Die tweede naam het dit egter op die eerste gewen sodat die koerant voortaan bekend gestaan het as *Ons Land.*

Die twee blaaie is verenig toe mnr. J. H. Hofmeyr, M.A., redakteur van *Ons Land* was. Hy het ook redakteur van die nuwe blad geword tot 1894. In 1895 het adv. (later senator) F. S. Malan hoofredakteur geword, en hy het hierdie pos veral deur die invloed van Onze Jan gekry, wat nog steeds verband gehou het met die blad. Malan was so uitgesproke in sy houding teenoor die Engelse oorheersing dat hy gedurende die Tweede Vryheidsoorlog in die tronk opgesluit is. Vanaf 1901 tot midde 1902 is *Ons Land* gestaak en het gedurende hierdie tyd onder die naam *Advertentieblad* verskyn. Na die oorlog het Malan sy redakteurskap hervat en as sodanig tot 1908 by *Ons Land* gebly toe

hy in die Merriman-regering Minister van Landbou geword het.

J. P. L. Volsteedt het Malan in 1908 opgevolg as redakteur en dit gebly totdat *Ons Land* op 8 April 1932 vir die laaste keer verskyn het na 'n bestaan van 102 jaar. Dit is die hoogste ouderdom wat 'n koerant nog in Suid-Afrika behaal het. Dit het twee groot krisisse moes deurmaak na Unie, nl. die van die Botha-kabinet in 1912 en die van die Rebellie in 1914. As orgaan van die S.A. Party moes *Ons Land* leiding gee volgens die beginsels van dié politieke party. Volgens *Die Burger* (8 April 1932) het *Ons Land* ondergegaan omdat hy nie meer die mondstuk van die volk was nie, maar van 'n politieke party, en 'n party wat nie die Afrikanerdom verteenwoordig het nie.

*De Meditator.*

Toe dit met Boniface nie so goed gegaan het nie, het hy in 1836 een van sy oud-leerlinge in Frans, nl. Cornelis Moll, die seun van 'n bemiddelde Kapenaar, omgepraat om sy kapitaal in 'n voorgenome drukkersaak met mnr. Hammes as vennoot te steek en 'n populêre tydskrif uit te gee — met die „talentvolle en bevoegde" oud-redakteur van *De Zuid-Afrikaan* as sy regterhand natuurlik.

Op 3 Januarie 1837 het *The Moderator of the Cape of Good Hope Impartial Observer* in Kaapstad verskyn met C. Moll op die imprimatuur as redakteur en eienaar. Dit was 'n onpartydige Engelse blad, maar Moll het gou gesien dat daar

vir so'n blad nog nie plek in Kaapstad was nie, en daarom het hy dit in Julie 1837 herdoop tot *De Meditator.* Dit het nou 'n „besadigde maar besliste Hollandse sienswyse" gehuldig. Tog was Boniface die eintlike redakteur. Ons herken hom in 'n *Ode Aan* . . . (13 Febr. 1838), waarin hy dr. Philip weer te lyf gaan, hy die

„Akelig monster! vloek der aarde
Aanvoerder eener dievenbende!
Dat ons doet vluchten 't vaderland!"

Daar het oorspronklike digwerk in *De Meditator* verskyn, waarvan die bekendste wel is die smartvolle treursang van 'n onbekende oor *Het lot van Zuid-Afrika* (2 Jan. 1838). Hierdie lied was geliefd onder die Voortrekkers en is later in die volksmond verafrikaans met heel veel variante. Die eerste en laaste koeplette lui:

„O Afrika! gij macht wel weenen!
Want uw' heilzon is verdwenen;
Ziet! — een duistre nacht verschijnt,
En uw' vrede en rust verdwijnt......

Men heeft ons *goed* aan ons ontnomen,
Ons in gebrek en nood doen komen,
Ons nog met ramp en druk belaan,
en dit, — dit heeft de *Brit* gedaan!!!"

Moll het egter nie baie sukses gehad met *De Meditator* nie, en in April 1840 moes hy die uitgawe weens bankrotskap staak.

*De Ware Afrikaan.*

Op 4 Oktober 1838 het in Kaapstad onder redaksie van die eienaar R. H. Atkinson 'n Hollandse weekblad verskyn: *De Ware Afrikaan,* en dit het voortbestaan tot 1842. As leuse het dit gehad: „Het Volk is de Oorsprong van Alle Magt." In sy eerste inleidingsartikel het die redakteur sy beleidsverklaring gegee— dit sou die Hollandse sienswyse vertolk teenoor dié van die Engelse. Hy verklaar: „dat de verschijning van dit blad zijn oorsprong alleen te danken heeft aan onze zucht om de zaak der Afrikanen te helpen." Die blad was dan ook besonder simpatiek teenoor die Trekbeweging.

*Het Kaapsche Handelsblad.*

In 1843 hoor ons van *Het Kaapsche Handelsblad en Zee-Kronijk* van C. Werdmuller en J. J. Steytler. „Die bestaan van so'n blad nie alleen nie, maar ook van die tweetaligheid van ander bepaaldelik handelsblaaie hierdie tyd, moet waarskynlik toegeskrywe word, deels aan die nog groot Hollandse handelselement in Kaapstad, maar deels ook aan die feit dat Kaapstad toe nog (tot 1865, toe die Suez-kanaal gegrawe is) die groot hawe vir Hollandse skepe op weg na Oos-Indië was." (Bosman, t.a.p., bl. 8).

*Het Volksblad.*

B. J. van de Sandt de Villiers, die oprigter van *Het Volksblad,* is gebore in 1826. Hy sou waarskynlik boer geword het as dit nie was dat

'n familielid, aan wie hy sy naam ontleen het en wat hom as sy eie seun aangeneem het, nl. B. J. van de Sandt, 'n drukkery in Kaapstad gehad het nie. Hy het 'n goeie opvoeding van sy pleegvader ontvang, maar sy beroep was die van 'n drukker. Op jeugdige leeftyd is hy getroud met 'n dogter van die vroeëre sendeling Marquard.

Van de Sandt de Villiers het hom vereenselwig met die Agitasie teen die Bandiete-Beweging, en tydens hierdie periode van samewerking tussen Hollands- en Engelssprekendes, het hy in 1849 *Het Volksblad* opgerig. Dit het egter 'n kortstondige bestaan gehad: net één jaar.

Net soos sy swaer, L. Marquard, was Van de Sandt de Villiers 'n uitgesproke Liberalis, en nou tref dit so dat die liberalisme na 1850 vinnig veld gewin het in die Ned. Geref. Kerk. Destyds was daar nog geen Teologiese Kweekskool in Suid-Afrika nie, en predikante moes uit Holland of Skotland ingevoer word, terwyl Suid-Afrikaners wat predikant wou word, hul opleiding in Holland moes ontvang. Die Liberalisme het nou juis die Hollandse Kerk deurtrek en die Calvinisme geleidelik op die agtergrond gedring. In 1854 het die Sinode toegelaat dat feitlik alle leerstellings beskou sou word as 'n „saak van opinie", met uitsondering alleen van eerbied vir die Heilige Skrif en geloof in die Saligmaker. Die Kerk is in werklikheid verdeel in drie of meer afsonderlike partye.

In die leer van die Liberalisme is baie van die Suid-Afrikaanse predikante opgelei en tus-

sen 1850 en 1860 het die Liberalisme ook in Suid-Afrika sy kop uitgesteek. In die Sinode van 1862 sou dit definitief tot 'n uitbarsting kom, maar intussen het die Ortodokse party hulle hierteen verset. In 1859 het hulle die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch opgerig en in 1853 reeds het hulle die Christelijke Boeken Vereeniging gestig. In 1859 verskyn ook die tydskrif *De Wekker.*

Die Liberale Party het ook nie stil gesit nie, maar 'n maandblad, *De Onderzoeker,* in 1860 opgerig onder redaksie van L. Marquard. *De Zuid-Afrikaan* het hom teen 1856 nog stip neutraal gehou in die kerklike stryd en het geweier om òf die een òf die ander kant beslis te ondersteun, maar in 1856 laat Van de Sandt de Villiers *Het Volksblad* herlewe. Aangesien hy self liberaal was en terselfdertyd die redakteur van die koerant, het hy spoedig 'n toon in die koerant aangeslaan wat direk vyandig was teen die Ortodokse party. Hierdie houding het die *Volksblad* gou populêr gemaak by die Liberale party en dit het so vinnig vooruit gegaan dat dit drie- i.p.v. eenmaal per week kon verskyn. Dit het met *De Zuid-Afrikaan* begin wedywer sowel wat die grootte as die sirkulasie betref het.

Wat Van de Sandt de Villiers se beleid betref, het hy doelbewus gestrewe na „samenwerking der beide kolonistenrassen ten behoeve van hun Zuid-Afrikaansch vaderland, en van zichzelve als heerschend volk", soos dit deur *Ons Tijdschrift* (III, bl. 149) bewoord is. Steeds het die *Volksblad* 'n versoenende houding ingeneem,

gepleit vir verdraagsaamheid, en ekstremisme aan beide kante afgekeur. (Sien o.a. *Het Volksblad* van 15 Jan., 13 Aug., 24 Sept. en 10 Des. 1857). *De Zuid-Afrikaan* laat hom as volg uit oor sy tydgenoot: „Zoo geneigd om alle geschillen tusschen Hollanders en Engelschen met den mantel der liefde te bedekken".

Hoewel Van de Sandt de Villiers in naam hoofredakteur was, het hy selde 'n inleidingsartikel vir sy koerant geskryf. Hy het dit oorgelaat aan prof. Roderick Noble en later aan adv. F. S. Watermeyer. Laasgenoemde was 'n besonder bekwame joernalis, volgens die getuienis van 'n kollega van hom in die *Cape Argus*.

Vanaf 1863 tot 1872 het Jan Celliers die blad geredigeer, toe hy na Pretoria verhuis het om *De Volkstem* daar op te rig. Hy is opgevolg deur dr. J. W. G. van Oordt. Volgens *Ons Tijdschrift* (III, bl. 146) het Van de Sandt de Villiers in 1862 pogings aangewend om Conrad Busken Huet, wat kort tevore die predikantsamp laat vaar het, oor te haal om redakteur te word van sy blad. Huet was 'n liberale predikant.

Vir die student van die Afrikaanse taal het die *Volksblad* 'n besondere betekenis, want hierin het baie van die oudste Afrikaanse stukke verskyn. Die eerste Afrikaans wat hierin gepubliseer word (afgesien van verstrooide stukkies in die sketse *Toneelen uit het Politiehof*) is nr. 1 van Klaas Waarzegger se *Zamenspraak* (22 Des. 1860), en dis die begin van baie oorgenome en oorspronklike stukke. *Het Volksblad* is van nou af tot aan die einde van 1875 die belangrikste

tuisplek van geskrewe Afrikaans, kwantitatief bepaal; tot 1870 is daar by 'n 150 nommers met Afrikaans. In hierdie koerant het in 1870 die „Boerenbrieven uit Fraserburg" van Samuel Zwaartman verskyn, asook F. W. Reitz se verwerkinge van 'n paar gedigte van Burns.

Die laaste paar maande voor sy dood het Van de Sandt de Villiers se gesondheid so agteruitgegaan dat hy die blad vanuit sy huis moes bestuur. In April 1878 is hy oorlede maar sy koerant het nog voortbestaan tot 1886. Die drukkery en uitgewery is egter voortgesit. In begin 1894 het die firma Van de Sandt de Villiers en Ko. *De Zuid-Afrikaan* gekoop van die firma Hofmeyr en Regter, toe verteenwoordig deur mej. M. G. Regter. In dieselfde jaar, soos ons reeds gesien het, is *De Zuid-Afrikaan* verenig met *Ons Land*. Met die dood van *Ons Land* in 1932, het die firma Van de Sandt de Villiers en Ko. ook opgehou om te bestaan.

## *De Volksbode.*

*Het Volksblad* het in 1887 feitlik herleef in *De Volksbode* wat toe uitgegee is, maar met 'n ander beleid, nl. ortodoks en pro-Afrikaans, d.w.s. dit het die Afrikaner-standpunt gesteun. Daarom het dit ook groot kerklike steun geniet. Dit was gerig teen die politiek van Rhodes. „Selfs in die dae van die nouste samewerking tussen Rhodes en ‚Onze Jan' het die blad gedurig teen Rhodes gewaarsku." (Bosman, t.a.p., bl. 14).

Die redaksie het bestaan uit 'n kommissie, onder wie di. B. P. Marchand en C. F. J. Muller.

Met die samesmelting van *De Zuid-Afrikaan* en *Ons Land* in 1894 het *De Volksbode* oorbodig geword en is dit dan ook drie jaar later dood.

*De Volksvriend.*

Hoërop het ons gesien dat die Liberale party 'n sterk steun gekry het in 1856 met die oprigting van *Het Volksblad.* Die posisie van die Ortodokse party het hoe langer hoe slegter geword: „zij geraakte in laagwater." Hulle rig toe in 1857 die tydskrif *Elpis* op, maar dit was nie bestand teen die mag van *Het Volksblad* nie, en op 16 en 17 Januarie 1861 is daar in Kaapstad 'n Christelike Konferensie gehou, bygewoon deur al die Protestantse predikante in die omtrek. Professor Hofmeyr het by dié geleentheid die drukpers van die dag aangeval en 'n skema voorgelê vir die oprigting van 'n Christelike koerant. Omtrent dieselfde tyd het ds. J. H. Neethling die Koloniale drukpers met die vererende titel van „spuwbalies" bestempel.

In Augustus 1861 het die leiers van die Ortodokse party weer vergader saam met die teologiese professore, en van die vernaamste predikante. Hulle het besluit om 'n *Christelijke Drukpers Vereeniging* in die lewe te roep met die doel om 'n blad uit te gee om hom te wy aan „het behoud en de verspreiding van de Konservatief-Orthodoxe opvatting van de godsdienst en de politiek."

Op 8 Januarie 1862 het dan die eerste nommer van *De Volksvriend* verskyn met 'n oplaag van 1000 eksemplare. Dit was 'n halfweeklikse

koerant wat homself uitdruklik as 'n „godsdienstig en maatschappelik" joernaal bekend gestel het. Die verskaffing van nuus was vir die eienaars van minder belang. As kenspreuk het die blad gehad: „De vreeze des Heeren is het beginsel der wijsheid".

*De Volksvriend* was opgestel in die styl van *Het Volksblad;* dit was byna heeltemal in Hollands, dog met 'n inleidingsartikel en miskien met 'n stuk of wat aantekeninge of 'n brief in Engels. Dit het om die beurt uit vier of twee bladsye bestaan. Die kantoor van die koerant, wat elke Woensdag en Saterdag verskyn het, was in Langemarktstraat, langs die *Argus*-gebou, en die blad is gedruk deur Cowen, die eienaar van die *Monitor.*

Die eerste redakteur was eerw. D. J. H. Ruijtenbeeck, maar sy inleidingsartikels was van so 'n aard dat hulle nie gepak het nie. Sy redakteurskap was geen sukses nie; hy het dit self gevoel en weer teruggekeer na die kansel. Ook sy opvolger, W. R. Thomson, het nie lank gebly nie. Dit sou aan 'n klerkie op die personeel gegee wees om *De Volksvriend* groot en sterk te maak, nl. Jan H. Hofmeyr (Onze Jan).

Op 17-jarige leeftyd het hy volle beheer oor die blad gekry teen die pragtige salaris van £7 per maand. Maar die blad was in so 'n treurige toestand dat Hofmeyr nie altyd sy salaris kon kry nie. Die blad het ook van drukkers verwissel: eers Cowen, toe Saul Solomon en Ko., en eindelik Mathew van die *Chronicle,* wat sy kantoor in die Kasteelstraat gehad het. In 1865

het Mathew bankrot geraak, en toe het Jan Hofmeyr, bygestaan deur familielede, die drukpers op sy eie naam oorgeneem, en die kantoor van die blad na die drukkery verplaas.

Langsaam het die gehalte van *De Volksvriend* verbeter totdat die koerant in 1869 werklik begin betaal het. Die inleidingsartikels het meer algemeen en minder kerklik geword, hoewel die koerant sy uitgesproke ortodokse rigting gehandhaaf het; die rapporte oor die verrigtinge van die parlement het uitgebreider geword en die nuuskolomme meer ooreenkomstig met wat in die smaak van die lesende publiek geval het. Gaandeweg het *De Volksvriend* 'n groot en populêre blad geword, sodat hy *De Zuid-Afrikaan* verbygestreef het.

Op 3 September 1870 het Hofmeyr die koerant van die Christelijke Drukpers Vereeniging oorgeneem en is die vereniging ontbind. Dit is nou gepubliseer deur J. H. Hofmeyr, jnr., 6 Houtstraat, Kaapstad. 'n Jaar later is *De Volksvriend* verenig met *De Zuid-Afrikaan*. Hierdie samesmelting was natuurlik nie na die sin van *Het Volksblad* nie, wat die volgende skertsende reëls gepubliseer het:

Jan: Kom, hoor toch reis, mijn beste maat,
Die ou vrou van die Walestraat
Het met die „Volksvriend" nou gaan trou.
So 'n huwelik was nog nooit op tou.
Piet: Maar wat seg Horak?
Saar: Wel, Horak sê op Mosselbaai
Het iets gebeur ook net so fraai;
Verlede maand het hij getrou

Een jonge man en oude vrou;
Die vrou was sestig en, ja wrintig!
Die man die was maar een-en-twintig.

Die verdere geskiedenis van *De Zuid-Afrikaan* is bekend.

*Het Dagblad.*

'n Laaste Hollandse koerant van Kaapstad wat ek noem, is *Het Dagblad*, geredigeer deur ds. S. J. du Toit. Dit het in 1896 verskyn en was die eerste Hollandse dagblad aan die Kaap. Langer as twee jaar kon hy dit egter nie volhou nie. *Het Dagblad* is, na beweer word, met behulp van Rhodes gestig, en het dieselfde pro-Engelse gesindheid as die *Patriot* van dié tyd geopenbaar.

*Tweetalige Engelse Blaaie.*

Merkwaardig is dit seker dat die heel eerste koerante wat in die vorige eeu in Suid-Afrika uitgegee is, almal tweetalig was. Eienaardig genoeg het die gebruik van beriggewing in dieselfde blad tot in die tweede helfte van die 19de eeu bly voortbestaan. Die eerste koerant in Kaapstad en ook in Bloemfontein het selfs die naam in albei tale gehad.

Tot dusver het ek net die koerante bespreek wat alleen of in die eerste plek Hollands was. Nou was met weinige uitsonderings, soos aangestip, ook die Engelse uitgawes gedurende die eerste helfte van die 19de eeu tweetalig. Van

hulle sal ek net 'n lysie gee, en dan maak ek hoofsaaklik gebruik van die gegewens van dr. Bosman (t.a.p., blss. 9—10).

Daar is die *South African Commercial Advertiser* (tot 1843, later weer gedeeltelik; die *South African Chronicle and Mercantile Advertiser* (1824—1826), van Bridekirk; die *South African Chronicle* (*Zuid-Afrikaansche Kronijk*), in 1844 van P. Harmsen, redakteur, en G. J. Pike, uitgewer; *The Cape of Good Hope and Port Natal Shipping and Mercantile Gazette*, 1844, tot 'n paar jaar na 1860, van G. W. Silberbauer (in latere tyd deur sy weduwee voortgesit) as gevolg van die samesmelting van sy ouere *Shipping List* (*Scheepsregister*?) en *Price Current* (*Prijs Courant*, sedert 1838); *The Shopkeepers' and Tradesmens' Journal* (1847), onder redaksie van eers G. E. Whiley en dan die reedsgenoemde Petrus Harmsen; *The Cape Mercantile Advertiser* (1853 en tientalle jare daarna), en vir 'n groot gedeelte gratis versprei, van Saul Solomon en Ko. (later *Argus*-Maatskappy), waarskynlik as 'n herleefde *Shopkeepers'* (*ens.*) *Journal* van 1852. Sommige tydskrifte het, hoewel eentalig Engels, ook Hollandse stukke gepubliseer. So het van pres. Reitz se gedigte in die *Cape Monthly Magazine* verskyn.

## *Die Plattelandse Pers*

Hiermee kom ons dan tot die koerante wat buite Kaapstad verskyn het, en hier neem Grahamstad die eerste plek in met L. H.

Meurant (1811—1893) as die drukker en uitgewer van die *Graham's Town Journal.*

Van vaderskant is Meurant 'n Switser, van moederskant Engels, maar na hy sy moeder op sewejarige leeftyd deur die dood verloor het, is hy in die Afrikaanse gesin van die boumeester en argitek M. J. Smit groot gemaak. Hy is later met Smit se dogter getroud en het by haar agt kinders gehad. Meurant wou die drukkersberoep aanleer en in 1823 het sy vader met £300 'n pers, bestem vir 'n Indiese nuusblad wat moes gestaak word, vir die beroepsdrukker Greig gekoop met die verstandhouding dat Greig sy seun in die beroep moet oplei en hom later as vennoot inneem.

As 'n volleerde drukker het Meurant toe in 1831 'n saak in Grahamstad begin, en op 30 Sept. 1831 verskyn die eerste koerant van die Oostelike Provinsie, Meurant se *Graham's Town Journal,* wat hy in 1838 aan sy vennoot R. Godlonton (sedert 1834) verkoop het. Hierdie koerant het tweetalig begin, maar was tog hoofsaaklik Engels. Dit is nou opgeneem in *Grocott's Penny Mail.*

In 1840 het Meurant die drukker geword van J. G. Franklin se *Cape Frontier Times,* en vier jaar later gee hy weer sy eie koerantjie uit, die Hollandse weekblad: *Het Kaapsche Grensblad,* wat op 12 Julie 1844 in Grahamstad verskyn het, maar in 1850 opgehou het om te bestaan. Hierdie blaadjie het vir ons groot betekenis om die Afrikaanse stukke wat daarin die lig gesien het, die eerste op 31 Oktober 1844. Hulle volg mekaar vinnig op sodat ons in die

eerste vyftien maande veertien poginge tel (tot begin Febr. 1846), maar dan breek dit tot 1849 heeltemal af. Ons kan die veertien proewe as die eerste golfslag beskou. Die tweede golfslag vorm die sewe stukke wat tussen Desember 1849 en Desember 1850 opgeneem is. Heelwat van hierdie stukke (briewe) is deur Meurant self geskryf, onder die skuilnaam Elsie Beuzemstok. Miskien is hy ook Platje Wijsneus en Pouwel Grootschoen. (Sien: *Gesk. van die Afrikaanse Letterkunde*, 1941, blss. 39—43.)

Vanaf ongeveer 1853 tot ongeveer 1864 het Robert Godlonton in Grahamstad *De Grahamstadsche Register en Boerenvriend* uitgegee.

Na 1850 het die plattelandse pers vinnig vordering gemaak, sodat die vernaamste plattelandse dorpe naderhand oor 'n eie koerantjie beskik het. Die plattelandse blaaie was gewoonlik tweetalig. Ná Grahamstad neem Graaff-Reinet en Cradock die voortou. Teen 1851 gee D. Edwards die *Graaff-Reinet Courant* uit, maar in 1852 word dit opgevolg deur die *Graaff-Reinet Herald*. Teen 1850 publiseer O. W. Jeffrey in Cradock die *Cradock News*, wat egter nie langer as 'n jaar bestaan het nie. Die volgende Cradockse koerant is die Engelse weekblaadjie *The Cadock News* (±1858—±1865).

Dit is in hierdie blaadjie dat L. H. Meurant op 4 en 11 Desember 1860 twee Afrikaanse samesprake geskryf het oor die afskeidingsbeweging. Hulle is met soveel geesdrif gelees en verwelkom, dat J. S. Bold, drukker en uitgewer van *The Cradock News*, besluit het om 'n Hollandse weekblad uit te gee. Op 12

Januarie 1861 het *Het Cradocksche Nieuwsblad* vir die eerste keer verskyn en 'n jaar lank voortbestaan. In hierdie koerant het Meurant nou nog vier samesprake geskryf, en saam met die twee origes is hulle apart uitgegee op 6 April 1861 onder die titel: *Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar over het onderwerp van Afscheiding tusschen de Oostelyke en Westelyke Provincie.* Dit is die eerste boek in Afrikaans, en het soveel byval gevind dat ook ander koerante van die samesprake en briewe van Meurant oorgeneem het.

By die ander plattelandse koerante kan ek nie stilstaan nie, en sal hulle net noem. In Burgersdorp het J. C. Eckley, vroeër van Kaapstad, die *Albert Times* (±1856—1859) uitgegee; in Swellendam het ons die *Overberg Courant* (±1859—±1864), wat ortodoks was in strekking, net soos die latere *Volksvriend* in Kaapstad. In 1863 en 1864 het in hierdie koerant vier Afrikaanse stukke verskyn. Vermelding verdien ook die *Dagster* (ongeveer 1859) deur W. S. Giddy in Colesberg uitgegee. Die volgende jaar (1860) kry ons *The Colesberg Advertiser and Boerenvriend,* 'n tweetalige weekblad; in 1869 *The Beaufort West Courier,* ook 'n tweetalige weekblad, net soos *The Frontier Guardian and Dordrecht Advocate* (1873), en eindelik *The Oudtshoorn Courant and South Western Chronicle* (1879), 'n tweetalige koerant wat driekeer per week verskyn het. Teen 1890 het die meeste plattelandse dorpe hul eie koerant.

## *Tydskrifte*

Die eerste Hollandse tydskrif wat in Suid-Afrika uitgegee is, is *Het Nederduitsch Zuid-Afrikansch Tijdschrift* (1824—1843). Op 3 Februarie 1823 het ds. A. Faure en Thomas Pringle 'n prospektus aan die Regering gestuur van 'n maandelikse tydskrif wat hulle om die beurt in Engels en Nederlands wou publiseer. Die Goewerneur, lord Charles Somerset, was nie baie in sy skik met dié versoek nie, en het eers aan lord Bathurst, die Koloniale Sekretaris, omtrent die saak geskryf. Lord Bathurst het toestemming gegee, „provided all topics of political or personel controversy were rigidly excluded". Op 2 Desember 1823 het die Goewerneur formeel toestemming verleen aan ds. Faure en Pringle om hul tydskrif uit te gee.

Die eerste uitgawe in Engels, onder die titel *South African Journal,* het op die 5de Maart 1824 verskyn, in April opgevolg deur 'n Hollandse uitgawe onder die titel *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift.* Die tweede nommer van die *S.A. Journal* (7 Mei 1824) het 'n artikel bevat „dealing with the distressed settlers and attributing the cause of the arbitrary system of government and the abuse of powers by local functionaries". Op die 13de Mei het die Fiskaal mnr. Pringle laat roep en wou die versekering van hom hê dat dergelike artikels nie weer sou verskyn nie. Pringle het geweier om dit te gee en na 'n onderhoud met die Goewerneur het hy besluit om nie met die tydskrif voort te gaan, „unless it was freed from

arbitrary interference". Gevolglik is die *S.A. Journal* gestaak.

Maar die *Nederduitsch Z.A. Tijdschrift* is voortgesit onder redaksie van ds. Faure. Dit het elke twee maande verskyn, en is „Gedrukt voor den redakteur, Ter Gouvernements Drukkerij".

Die tydskrif sou stukke oor onderwerpe van allerlei aard opneem, soos die geskiedenis van die Kolonie, die teenwoordige staat van die land en ander lande, veral Engeland, nuwe ontdekkinge op die gebied van die wetenskap, „met mengelschriften over letterkundige, wetenschappelijke, en *vooral Godsdienstige* onderwerpen" (*Ned. Z.A. Ts.*, Programma, Dl. I).

Godsdienstige stukke het inderdaad die botoon gevoer. Aan geskiedenis is ook baie aandag gewy, en hier was ds. Meent Borcherds die vernaamste medewerker. Hy het allerlei wetenswaardighede uit die Stellenbosse argief versamel en in die vorm van 'n *Beschrijving van Stellenbosch* in die tydskrif geplaas. Die skoonheid van sy omgewing het aanleiding tot twee korter sketse gegee: *De Waterval in den Jonkershoek nabij Stellenbosch* (1828), ('n vervolgstuk uit die *Commercial Advertiser* van 7 Januarie van dieselfde jaar), en 'n *Beschrijving van de Fransche Hoeks Hottentots Hollands Kloof* in 1830.

Die tydskrif het 'n groot skat van boustowwe vir algemene geskiedenis bekend gemaak, soos die *Dagverhaal van den Wel-Ed. Heer Jan van Riebeeck,* wat „Africanus" gehoop het, sou „van eenigen dienst zijn voor den Geschied-

schrijver, die ondernemen mogt eene algemeene Geschiedenis dezer Volksplanting in het licht te geven" (*Ned. Z.A. Ts.*, dl. I.).

Oorspronklike letterkundige werk is ook gelewer, en hier moet die naam van ds. Meent Borcherds weer met eer vermeld word. Noemenswaardig is sy leerdig *Een Levensreis* (*Ned. Z.A. Ts.* dele III en IV). Maar oor die algemeen is die oorspronklike prosa en poësie in dié tydskrif nie baie belangrik nie. Die toon is dieselfde as die van die negentiende eeuse predikantdigters in Holland: godsdienstig, huislik en vaderlandsliewend.

Na 1830 het die bekende dr. A. N. E. Changuion gereeld meegewerk aan die *Tijdschrift*, en hy was ook 'n tydlank redakteur gewees. Hy is die stigter (1833) van die „Maatschappij ter uitbreiding van Beschaving en Letterkunde" aan die Kaap, 'n vereniging wat die tydskrif nou onder sy beskerming geneem en dit feitlik as sy offisiële orgaan gebruik het.

„Aan ds. Faure kom egter die eer toe van die blad te gestig het en die grootste bydrae tot sy sukses te gedoen het. Hy het die eerste suksesvolle stoot aan die letterkundige beoefening in Suid-Afrika gegee en verdien dan ook om genoem te word 'De Vader der Zuid-Afrikaansche Literatuur' " (Bosman, t.a.p., bl. 9).

In 1843 het *Het Nederduitsch Z.A. Tijdschrift* ondergegaan, om weer in 1878 deur Onze Jan teruggeroep te word in die lewe. Maar daaroor later.

In Februarie 1833 het 'n godsdienstige weekblad van vier bladsye in afsonderlike uitgawes van Hollands en Engels, nl. *De Kaapsche Cyclopaedia — The Cape Cyclopaedia,* verskyn. W. Gorrie van die Z.A. Athenaeum en eerw. dr. Adamson was aan die blad verbonde. Dit het voortbestaan tot 1837.

Behalwe *De Meditator* het daar by Cornelis Moll in dieselfde twee jaar (1837 en 1838) 'n kwartaalblad verskyn: „*Lees-Vruchten.* Aangename en Nuttige Tijdkortingen, voor den beschaafden stand. Door het Lees-geselschap ‚Scientia et Amicitia'."

In 1838 het die bekende ds. A. Faure „*De Honigby,* Maandschrift voor Godsdienstminnende Lezers," uitgegee. 'n Eerste reeks het bestaan tot 1844, en is opgevolg deur 'n tweede van 1845 tot 1846. Dit was die eerste kerkblad in Suid-Afrika, wat in 1849 vervang is, ook onder redaksie van ds. Faure, deur *De Gereformeerde Kerkbode,* wat hy twintig jaar geredigeer het. Die eerste reeks van hierdie godsdienstige tydskrif het voortbestaan tot 1879; die tweede onder die naam *De Christen,* van 1880—1883; die derde reeks, onder die naam *De Kerkbode,* van 1884 tot 1910; die vierde reeks strek dan van 1910 tot vandag. In 1910 word *De Kerkbode* erken as die offisiële orgaan van die Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika.

Vanaf ongeveer 1851 het die Kaapse Traktaatvereniging vir 'n paar jaar *De Maandelijksche Bezoeker* gepubliseer. Dit het 'n oplaag gehad van nagenoeg 5000 eksemplare.

En hiermee het ons weer by die kerklike stryd, Ortodoksie teenoor Liberalisme, aangeland. Soos hoërop genoem, is 'n *Christelijke Boeken Vereeniging* in 1853 gestig om ortodoksgesinde lektuur te versprei, en na die oprigting van 'n Teologiese Seminarium op Stellenbosch, is in 1859 'n maandblad, wat die sienswyse van die ortodokse groep sou vertolk, onder die titel *De Wekker,* uitgegee. Dit het gestaan onder redaksie van ds. J. H. Neethling, wat die blad met 'n onmiddellike sirkulasie van by die 5000 begin het. Ds. Neethling se dogter Ella, het die blad voortgesit tot kort voor haar dood. In werklikheid het die blad tot 1925 bestaan. As spreuk het dit gehad: „Ontwaakt, gij die slaapt! en staat op uit de dooden; en Christus zal over u lichten" (Ef. 5:14).

Die Ortodokse party het nog 'n ander tydskrif tot hul beskikking gehad, nl. *Elpis, Algemeen Tijdschrift voor Zuid-Afrika.* Dit het driemaandeliks verskyn en het gestaan onder redaksie van dr. Servaas Hofmeyr, met medewerking van verskillende vooraanstaande Gereformeerdes in Suid-Afrika. Dit het selfs die steun gehad van Hollanders, soos drs. N. Beets en Van Oosterzee. Die Kaapstadse uitgawe is „'n skakel in 'n ketting" van vier uitgawes van die blad, nl. in Kaapstad, Rotterdam, New-York en Batawië. *Elpis* was bedoel as teenpropaganda teen *Het Volksblad* en *De Zuid-Afrikaan.* Die eerste reeks het geloop vanaf 1857 tot 1861, toe die *Christelijke Drukpers Vereeniging* gestig is met *De Volksvriend* (1862) as hul spesiale publikasie. Na die samesmelting van

*De Volksvriend* en *De Zuid-Afrikaan* het *Elpis* weer herleef (1873—1879).

Die Liberale party kon natuurlik nie langer stilsit nie, en daarom het hulle ook 'n maandblad opgerig, nl. *De Onderzoeker*, wat opgetree het as voorligter vir hul teologiese beskouings. Die redakteur daarvan was L. Marquard, later landmeter-generaal van die Kaapkolonie, en een van die vernaamste uiteensetters van die Liberale beskouings. Sy uitgewer was sy swaer, B. J. van de Sandt de Villiers, wat tegelykertyd ook die uitgewer van die genoemde ortodokse tydskrifte was.

„Een ding is intussen duidelik," sê dr. Bosman (t.a.p., bl. 7), „en staan uit tussen al hierdie rumoer van kerklike stryd. Die godsdienstige stryd het veel gedoen om leeslus onder die Afrikaanse volk op te wek, dit sy dan veral vir stigtelike lektuur; dit het veel gedoen om die Hollandse joernalistiek weer vorentoe te stoot wat in hierdie jare Engelse mededinging sterk begin voel het. Die waarde van een en ander om die Hollandse taal lewend te hou behoef weinig betoog. Na 1865 sal veral die gebeurtenisse tussen Engeland en die Republieke in die Noorde die Hollandse volksgevoel wek en natuurlik in die proses sy taal bewaar. Ondertussen het die Kerk, hoe onbedoeld ook, op besondere wyse vir die taal gesorg, juis in 'n periode toe die volksgevoel op sy laagste eb was in Kaapland."

Met die nasionale ontwaking wat daar onder die Afrikaners gekom het in die sewentigerjare, soos te sien was in die stigting van die

Genootskap van Regte Afrikaners en later in die Afrikanerbond, het hulle ook meer taalbewus geraak. Jan Hofmeyr het die tyd ryp geag vir 'n tydskrif, maar in Hollands, en dit terwyl *Die Afrikaanse Patriot* volop Afrikaanse leesstof aan sy lesers verskaf het.

Hofmeyr kondig sy tydskrif aan in *De Zuid-Afrikaan* van 1 Des. 1877, onder die naam *Het Zuid Afrikansche Tijdschrift* (*Nieuwe Reeks*). Die woord *Nederduitsch* is nou weggelaat. Die doel was: „eenvoudige en degelijke lectuur te verschaffen aan het Hollandschsprekend publiek en niet om de belangen van de eene of andere partij te bevorderen. Godsdienstige en staatkundige polemiek zal worden vermeden".

Redakteur was J. H. Hofmeyr vanaf 1878 tot 1891. In 1893 het dit ondergegaan. Hofmeyr het ook die wetenskaplike gedeelte onder sy sorg gehad, terwyl prof. Marais die teologiese gedeelte, en die heer F. W. Reitz snr., veeboer te Swellendam, die afdeling *Landbouw* op hom geneem het. C. P. Hoogenhout het ook baie artikels vir hierdie rubriek bygedra.

Daar het verskillende verhale in die tydskrif verskyn, ook gedigte, o.a. van Hubertus Elffers en A. Pannevis. Maskew het sy Afrikaanse rympies eers hierin gepubliseer voordat hy hulle in 1890 gebundel het onder die titel: *'n Jolly Hotnot en andere snaakse Versies uit die Ouwe Doos.*

Hoewel hierdie tydskrif seker sy deel bygedra het om die letterkundige smaak van die Afrikaners te help ontwikkel, was sy sukses nie te vergelyk met die van die *Patriot* nie—dit

kon die volk tog nie beetpak nie, omdat die taal waarin dit verskyn het nie hulle s'n was nie.

In 1890 is die Z.A. Taalbond gestig met die doel om Nederlands in Suid-Afrika te bevorder. Voor die dood nog van die *Z.A. Tijdschrift*, het die voormanne van die Taalbond in Januarie 1893 'n nuwe tydskrif opgerig: *„Jong Zuid Afrika* — Maandblad voor Jongelieden en Onderwijzers". Dit het gestaan onder redaksie van M. J. Stucki, met medewerking van manne soos prof. De Vos, Jan Hofmeyr, Hubertus Elffers, en selfs 'n lid van die G.R.A.: C. P. Hoogenhout. Die eerste jaargang is gedruk deur D. F. du Toit & Co., Paarl — daarna is die blad gegee aan Townshend, Taylor en Snashall, Kaapstad. Intekengeld was 4/- per jaar.

Die toon van die blad was didakties: „wij zoeken en streven er naar om u iets goeds, iets nuttigs te leveren .... om de jongelingschap te bekwamen en te veredelen door middel van hunne moedertaal." Onder moedertaal word natuurlik Nederlands verstaan. So het die redakteur op 1 Nov. 1895 'n heftige aanval op die *Patriot* en Afrikaans gemaak. Voorligting is gereeld gegee hoe om Nederlands korrek te praat, en verslae van die werk van vergaderings van die Taalbond. Populêr-wetenskaplike en opvoedkundige artikels is geplaas, en ook verhale en gedigte. Baie van die letterkundige bydraes was nie oorspronklik nie. Oor die algemeen was die standaard van hierdie blad met sy 500 intekenaars, nie hoog nie. Dit word dan ook in 1896 gestaak om plek te maak vir

„een meer uitgebreid en bovenal een geïllustreerd tijdschrift, *Ons Tijdschrift*".

Hierdie tydskrif is op bekwame wyse geredigeer deur 'n redaksie, wat o.a. bestaan het uit ds. A. Moorrees, ds. Edm. de Beer, dr. W. J. Viljoen, prof. P.. J. G. de Vos en mnr. M. J. Stucki. Dit het bestaan van 1896—1900 en weer van 1900—1901, en is uitgegee deur Jacques Dusseau & Co., Amsterdam-Kaapstad. Die oorlog het *Ons Tijdschrift* tot 'n spoedige einde gebring.

Dit was jammer, want dit was ongetwyfeld een van die beste Hollandse letterkundige tydskrifte in Suid-Afrika, en dit het deurgaans 'n hoogstaande peil gehandhaaf. D'Arbez het hierin gedebuteer en verskeie van sy historiese romans het hierin verskyn soos *David Malan.* Ook *Johanna Cloete* van ds. J. D. Kestell is eers hierin gepubliseer, net soos Melt Brink se *Reis naar Kaapstad van Oom Gijsbert van Graan.* Daar was 'n groot verskeidenheid van leesstof om aan almal se smaak te voldoen, en die tydskrif is pragtig geïllustreer.

Die Afrikaanse koerante en tydskrifte word elders behandel.

---

## HOOFSTUK IV.

## WIEGEDRUKKE EN DIE EERSTE KAAPSE UITGEWERS.

Van die wiegedrukke in Suid-Afrika van 1800 tot 1805 bestaan daar vandag min voorbeelde. 'n Paar goewermentskennisgewings en

proklamasies van 1799, 1800 en verderaan het oorgebly. Die eerste publikasie van 'n nie-amptelike aard was die genoemde *Troostelyk Gesprek* van 1801. „It may have been in this year, sê Lloyd, „that Meent Borcherds, the *predikant* of Stellenbosch, issued a poem dedicated to the Agricultural Society. This is said to be the first literary production of the press in South Africa, but no copy of it is known to me, and I do not even know its title." Maar van Meent Borcherds is bekend die gedig *De Maan,* wat in vier dele uitgegee is gedurende die jaar 1802 tot 1803. Die verkoopte eksemplare het egter nie eens genoeg opgelewer om die koste van die papier te dek nie! Dit is in 1858 „Herdrukt naar het oorspronkelijke in 1802 uitgegeven en destijds de eerste Lettervrucht in de Kolonie," by Van de Sandt de Villiers & Co., met 'n kort *Levens Berigt* deur P. B. Borcherds.

In 1802 verskyn „*De Afrikaansche Staats Almanak voor het jaar MDCCCII.* Onder approbatie van het Gouvernement. Saamgesteld door H. H. Smith." Die jaar daarop het ons Baron A. van Ballandt se *Remarques Générales sur le Cap de Bonne Espérance,* waarvan vyftig eksemplare gedruk is deur die goewermentsdrukkery sonder die toestemming van die Goewerneur. In dieselfde jaar het die *Wetten van het Departement der Maatschappij tot Nut van het Algemeen* verskyn.

Op 9 Februarie 1804 is die *Proclamatie Jan Willem Janssens . . . .,* gedruk. 'n Eksemplaar hiervan is gevind in die biblioteek van die American Antiquarian Society in Worcester, Massa-

chusetts. Van dieselfde jaar is weer *The African Almanac* waarvan 'n eksemplaar in die Kimberleyse biblioteek bewaar word.

In 1804 verskyn W. S. van Rijneveld se *Aanmerking voor de verbetering van het vee aan de Kaap de Goede Hoop.* Dit is gedruk deur A. Richert. Hy was 'n meesterdrukker wat reeds sedert die Bataafse bewind aan die goewernementsdrukkery verbonde was. Met die koms van die Engelse het hy „printer and corrector of the Dutch" geword, om ten slotte 1821—'25 Geo. Ross as superintendent van die drukkery op te volg, en blykbaar daarna as sekretaris van die Koloniale Weeskamer sy loopbaan te beëindig (sien Bosman: *Jaarboek*, bl. 77).

Ek is nie van plan om al die proklamasies op te noem wat deur die goewernementsdrukkery die land ingestuur is nie, of om telkens tot die Almanakke terug te keer. Die geskiedenis van die Almanakke is noukeurig beskryf deur dr. F. C. L. Bosman in die 1931-*Jaarboek vir die N.G. Kerke in Suid-Afrika.* Ek sal my slegs by die belangrikste boeke en pamflette bepaal, sonder om terselfdertyd 'n volledige lys te gee.

Vir 1805 het ons die *Lijsten van alle Collegien, Civiele en Kerkelijke Ambtenaaren in de Bataafsche Volkplanting aan de zuid' punt van Afrika. Ter drukkery van het gouvernement.* Verder: *Provisioneel Regelment op den Garnisoens Dienst aan de Kaap de Goede Hoop voor het Corps d'Armee in Dienst van de Bataafsche Republiek.* Eindelik: *Ordonnantie raakende het Bestier der Buiten Dis-*

*tricten, in de Nederlandsche Zuid-Africaansche Volkplanting, aan de Kaap de Goede Hoop.*

Afgesien van die proklamasies en almanakke, sal dit tot 1811 duur voor daar 'n Hollandse boekie van die goewermentsdrukkery kom. J. Deiman publiseer nou sy *Korte Schets der Christelijke Vraagstukken van de Katechetische Aanleiding tot die kennis der Christelijke Leere.* Dit beslaan 52 bladsye. In dieselfde jaar kom 'n *Bijbelsch Lees Boekje* van die pers af (48 bladsye).

In 1815 kry ons J. P. Serrurier se *Ene Leerrede uitgesproken op Dinsdag den 26 September* 1815, *by gelegenheid der inwyding van 't gestigte Weeshuis aan de Kaap de Goede Hoop,* en in 1818 rig Christiaan Fleck, predikant van Kaapstad, sy *Herderlijke brief aan zijne gemeente.*

Ses jaar later (1824) gee ds. Van den Berg 'n boekie uit oor *Kort Onderwijs in de leer van den Christelijke Godsdienst, getrokken uit de Bijbelsche Historien.* Dit is gedruk deur William Bridekirk op die Goewernementsdrukkery.

Een van die laaste Hollandse boekies wat van die Goewernementsdrukkery gekom het, is geskryf deur P. H. Poleman: *Over het maken van Brandewijn en 't verbetering van den gewonen Kaapschen Brandewijn; met eenige inleidende aanmerkingen. Overhandigd aan het Wijn Committee op den 23sten Maart.* 1826.

*George Greig.*

Die eerste uitgawes van 'n publieke pers was die *South African Commercial Advertiser,* en 'n Latynse grammatika van ongeveer 90 bladsye, uitgegee in 1824. Die grammatika is gepubliseer deur George Greig, maar gedruk deur Bridekirk. Of dit op die Goewernementsdrukkery gedruk is, is onseker.

George Greig het in 1823 in die Kaap gekom, en die volgende jaar die eerste eintlike koerant uitgegee, die bogenoemde *Commercial Advertiser.* Hy het saam met John Fairbairn die stryd vir die vryheid van die drukpers gevoer. Behalwe sy koerant, het hy ook boekies en pamflette in Nederlands gedruk. Die eerste jaargang van *Het Nederduitsch Z.A. Tijdschrift* is b.v. deur die Goewernementsdrukkery gedruk, die lateres deur Greig.

Met die koms van Greig word die boeke in Suid-Afrika gedruk nou ook meer volop. Dit is reeds duidelik hoe geweldig skaars die pamflette en boekies is van die wiegeperiode in ons drukkuns tussen die jare 1800 en 1810. Vanaf 1810 tot 1815 is hulle nog baie skaars. Dit is in werklikheid nie voor 1830 dat die boekies en pamflette in Nederlands redelik volop word nie. In 1842 was daar reeds nege drukkerye, sewe koerante en ses boekwinkels in die Kaap.

Een van die eerste Hollandse pamflette deur Greig (Groente Plein) gedruk, is die *Verslag der Werkzaamheden door den Sekretaris van het Zuid-Afrikaansche Zendelings Genootschap*

(1825). In 1826 volg 'n pamflet deur J. C. Berrange: *Godsdienst redevoering bij gelegenheid der Kerkinwyding aan den Tijgerberg,* en in dieselfde jaar een van C. J. Brand: *Iets over den Kaapschen Brandewijn, gestookt wordende door Den Hr. M. J. Mulder, Medegedeeld door Mnr. C. J. Brand.* Sy drukkery is nou op die Marktplein. In 1827 publiseer hy van sir Rufane Donkin: *Een brief over het Gouwernement van de Kaap de Goede Hoop en over zekere gebeurtenissen . . . . uit het Engelsch vertaald.*

In 1829 is Greig op die Heerengracht en toe weer op die Keizersgracht, volgens die twee pamflette, onderskeidelik: *Verrichtingen van het Committee ter oprichting van een Wijn Depot van Februarie en Maart* 1829, en *Verslag der Handelingen van den Raad van Directeuren en Toezight houders van het Zuid Afrikaansche Athenaeum.*

Eers twee jaar later kom weer twee pamfletjies van die drukpers van Greig (nog op die Keizersgracht): *Het Achtste Rapport van het Juffrouwen Weldadig Genootschap aan de Kaap de Goede Hoop,* en: *Het Derde Jaarlijksche Verslag van het Menschlievende Genootschap aan de Kaap de Goede Hoop . . . .*

Na 1831 sal daar egter nie veel meer Hollandsche geskrifte deur Greig se drukpers gaan nie. Ek weet net van nog twee: 'n gedig van J. Suasso de Lima in 1833: *Ter* 55*ste Verjaring van den Heer Johannes Albertus van Breda, gevierd aan Eerste Rivier,* en *Levens beschrij-*

*ving van John Knox, den Schotschen Hervormer.* Dit beslaan 30 bladsye en is 'n oordruk uit die *Kaapsche Cyclopadie.*

*W. Bridekirk.*

Die volgende aan die beurt is W. Bridekirk. Hy was aan die Goewernementsdrukkery verbonde, maar ook drukker en uitgewer van die *South African Chronicle* (1824—1826), die semi-offisiële koerant wat deur lord Charles Somerset in die lewe geroep is nadat hy die *S.A. Commercial Advertiser* onderdruk het.

Bridekirk het die eerste Kaapse geskiedenisboekie gedruk, geskryf deur J. Suasso de Lima: *Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop* (1825). Die boekie beslaan 'n honderd bladsye, en is geskryf in die vorm van vraag en antwoord. Theal sê (*History of S.A.* 1795—1854) die boekie „was prepared to suit the views of Lord Charles Somerset", en ds. A. Faure noem dit (*Ned. Z.A. Tijdschrift*) 'n „kreupel geschrijf . . . . beneden alle critiek". Tog het De Lima 'n heel gunstige karakterskets van die Afrikaner gegee, en oor hulle taal merk hy op: „Als wordende hier over het algemeen de Nederduitsche taal zeer slecht gesproken, dat meestdeels toe te schrijven is aan de slaven, aan welke de Kaapsche jeugd zoo zeer is toevertrouwd."

In 1826 druk Bridekirk die *Kopyen der briefwisseling gehouden omtrent de Slaven Ordonnantie No. 19.* Sy drukkery was gevestig by 31 Heerengracht. 1828 volg: *Wetten voor de Loge de Goede Hoop,* en die volgende jaar die *Zesde*

*Verslag van de algemeene vergadering van Bestuurders en leden Bijbel-Vereeniging, aan de Kaap de Goede Hoop.* In 1830 druk hy ook die *Verslag van de Zevende Algemeene Vergadering van Bestuurders en Leden der Bijbel Vereeniging,* aan die „Gazette Kantoor, Heerengracht."

'n Laaste Hollandse pamflet, sover my bekend, deur Bridekirk gedruk, is die *Verslag van de Elfde algemeene vergadering van Bestuurders en Leden der Bijbel Vereeniging* (1835).

*J. Suasso de Lima* (1791—1858).

De Lima se naam is al dikwels genoem. Ons het reeds vroeër met hom kennis gemaak as die eienaar van *De Verzamelaar,* die eerste Hollandse koerant aan die Kaap. In 1832 het hy die *Kaapsche Almanak* uitgegee en van 1833—1854 (miskien met enige onderbrekinge), die *Kaapsche Almanak en Naamboek.* Die Almanakbesigheid was 'n „newebedryf" van sy drukkery. Die meeste van sy eie pennevrugte het hy egter elders laat druk, soos ons reeds gesien het.

In 1829 verskyn by „De Kaapsche Drukkery, J. Suasso de Lima," die *Redevoering gedaan door den Eerw. Dr. Philip en anderen omtrent de Kaap de Goede Hoop. Eene vertaling; Kaapstad.*

Baie jare later (1840) verskyn in Kaapstad, „ter drukkery van den dichter" (De Lima) 'n bundel *Nieuwe Gedichten,* bestaande uit verskillende afdelings „Bybelstoffe", Godsdienstige mengeldigte en Vaderlandse sange.

## *C. Moll.*

Moll is ook reeds 'n bekende, en 'n besonder ywerige drukker. Hy kom in 1833 op die voorgrond as die drukker van *Lees-Vruchten,* by 31 Burgstraat, en in 1837 gee hy sy eie koerant uit: *De Meditator.* Die volgende jaar het hy die eerste 35 inleidingsartikels van sy koerant in boekvorm oorgedruk onder die titel: *Waarheid en Onpartijdigheid of de Meditator in het Klein.*

Die eerste boekie (126 bladsye) deur Moll gedruk (1836), heet: *Correspondentie tusschen den eerwaarden Kerkenraad der Nederduitsche Hervormde Gemeente in de Kaapstad, en een Aantal Leden Derzelve.* In 1837 druk hy „voor rekening van de Redakteur en Eigenaar Johannes Jacobus de Kock": *Iets: of verzameling van vermakelijke stoffen* (Deel I, No. 1, 9 November 1837). Dit is 'n pamflet van vier bladsye, en „dit pamphlet wordt alle Donderdagen uitgegeven."

In 1844 druk Moll *De Natalier* in Pietermaritzburg, en in 1859 *De Oude Emigrant* in Potchefstroom.

## *P. A. Brand.*

Hoërop het ons gesien dat met die stigting van *De Zuid-Afrikaan* in 1830 Boniface vir ses maande redakteur was, en na hom Stapleton vir ook ongeveer ses maande. Daarop is 'n sindikaat van tagtig aandeelhouers opgerig wat hulle vir die koerant verantwoordelik gehou het. Daar was geen vaste redakteur nie, maar

Philippus Albertus Brand was vir die meeste inleidingsartikels verantwoordelik, en in etlike jaargange vanaf 1832 word die naam van P. A. Brand, Stalplein, genoem as die verantwoordelike uitgewer en redakteur van *De Zuid-Afrikaan,* en sy naam kom ook voor op baie van die boekies en pamflette wat deur die drukkery van *De Zuid-Afrikaan* die wêreld ingestuur is.

P. A. Brand is op 15 Mei 1808 in Kaapstad gebore. Jarelank was hy parlementslid vir die kiesafdeling Richmond. Op 20 Maart 1872 is hy oorlede.

In 1832 het Brand, „drukkery van de Zuid-Afrikaan . . . . voor rekening van J. Suasso de Lima" 'n pamflet gedruk: *Verslag der gehoudene byeenkomst en juiste aantekeningen der redevoeringen bij die gelegenheid gedaan door de Advocaten Cloete, Brand, De Wet, Faure, Hofmeyr en andere heeren op Maandag, den* 17 *September,* 1832, *in de Beurszaal.*

,Een van die belangrikste Hollandse letterkundige werke van die negentiende eeu in ons land, is deur P. A. Brand, Markt Plein, in 1832 gedruk, nl. *De Nieuwe Ridderorde of de Temperantisten,* deur C. E. Boniface. Dit is „die oudsbestaande oorspronklike dramatiese werk in Suid-Afrika" (Bosman: *Drama en Toneel,* bl. 300). Belangrik is dit dat in hierdie drama ook Afrikaans gebruik word.

*G. J. Pike.*

'n Belankrike drukker gedurende hierdie vroeë jare in die geskiedenis van ons druk-

kuns, is G. J. Pike. Reeds in 1830 druk hy van dr. Adamson: *Een Adres aan de aandeelhouders van het Zuid Afrikaansche Athenaeum,* en in 1834 'n pamfletjie van die „South African Christian Instruction Society", nl.: *Hoe zult gij verlost worden van de schuld uwer zonden?* Pike is ook die drukker van *De Kaapsche Cyclopedie,* wat ons vroeër reeds teengekom het. Sy drukkery was gevestig by No. 11 St. Georgesstraat.

Wat die verband is tussen G. J. Pike en die firma Richert en Pike, weet ek nie, maar laasgenoemde firma het in 1836 deel XIII van *Het Nederduitsche Zuid Afrikaansche Tydschrift* en *Het Twaalfde Verslag van de Algemeene Vergadering van . . . . den Bijbel Vereeniging* gedruk. In 1839 druk Richert en Pike vir die rekening van die „Zuid-Afrikaansche Traktaat en Boek Genootschap" 'n boek uit Engels vertaal met 'n voorwoord deur ds. A. Faure: *Roepstem tot de Onbekeerden, of Weg ten Hemel aangewezen.* Ds. Faure het ook die voorwoord geskrywe vir 'n volgende boek deur hierdie firma herdruk: *De Gronden mijner Geloofs- Belydenis, opengelegd voor mijne Kinderen, door Mr. Hieronymus van Alphen.* Die eerste druk van een van dr. A. N. E. Changuion se belangrikste boeke is deur Richert Pike & Co. in 1844 gedruk, en uitgegee deur J. H. Collard: *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika Hersteld.*

## *Saul Solomon.*

Saul Solomon was die bekende staatsman, wat ook 'n groot drukkery gehad het, eers onder sy eie naam alleen, later Saul Solomon & Co., totdat dit in 1886 omgeskep is in *The Argus Printing and Publishing Co.*

Van sy vroegste drukwerk in Hollands is: *Kaapstad's Municipaliteit Markt Regulatien* (1833), „Gazette Kantoor, 30 St. George's Straat". In 1840 druk hy 'n pamflet van James Backhouse en G. W. Walker: *Eene Christelijke Vermaning aan de Gekleurde Inwoners van Zuid-Afrika,* en twee jaar later 'n boekie van Hieronymus Van Alphen: *Kleine Gedichten voor Kinderen.* Die firma Saul Solomon en Co. druk in 1862 ds. J. Beijer se *Journaal gehouden van Port Elizabeth (Algoabaai) naar Reddersburg (Oranje Vrijstaat).* Hierdie firma is ook die drukker van die bekende boek van Kommandant Weilbach en C. N. J. du Plessis: *Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog* (1882).

Met hierdie laaste boek het ek reeds te ver in die 19de eeu gedring. Uit die jeugjare van ons drukkuns wil ek nog 'n paar drukkers noem wat Hollandse boeke deur hulle perse laat gaan het. Die meeste van hierdie drukkers het egter nie meer as een boek in Hollands gedruk nie.

Eerstens is daar die Wesleyan Printing Office, „No. 19 Barrack St.", wat in 1825 *Lessen van twee Letters* gedruk het — 'n enkelgevoude blaadjie. In 1827 laat H. Helm op die Bethelsdorpse Sendingpers sy *Leesboek voor Eersbegin-*

*nende Leerlingen* druk, en in 1831 druk C. C. Vogelgezang van 65 Breestraat, Kaapstad, die (*Arms*) *Hollandsch Volkslied.* Dit was verkrygbaar by De Lima, 19 Burgstraat — 'n enkele bladsy maar.

Nog iemand wat in hierdie vroeë jare 'n paar Hollandse boekies gedruk het, is S. J. Mollet van „Grave Straat". In 1836: *„Verzameling van Hollandsche Liederen* door Johannes Jacobus de Kock. Te bekomen by den Heer C. Ackerman, Jun., Stellenbosch, by den Heer W. Kriel te Worcester en No. 20 Wale Straat, Kaapstad." Die volgende jaar volg nog twee: De *Kracht des geloofs, de Liefde en des Gebeds of de geschiedenis van August Herman Franke. Twee Druk* — 'n boekie van 54 bladsye. En dan: *Levens geschiedenis van Mevrouw Paterson* Dit bevat 35 bladsye en is geïllustreerd.

Ek noem een boekie wat deur J. H. Collard, Heerengracht, in 1842 gedruk is. Dit is 'n vertaling uit Engels deur ds. G. W. Stegmann, nl. *'s Christens Reize naar de Eeuwigheid, door John Bunyan.*

Een van die eerste Hollandse pamflette deur 'n plattelandse drukpers in die lig gegee is: *Een kort verhaal van den Vader omtrent het Leven en Sterven van zijn Dochter met name Elsje Cecilia Hattingh getrouwd geweest met Casparus Johannes van Wyk, en ook zyn Tweede dochter Susanna Elisabeth Hattingh.* Dit is in 1837 gedruk deur Meurant en Godlonton.

Hiermee is die vernaamste drukkers en hul drukwerk van die eerste veertig jaar van die

19de eeu afgehandel. Na 1840 is Hollandse boeke in Suid-Afrika gedruk nie meer skaars nie, en groot drukkersfirmas maak nou hul verskyning, asook boekhandelaars. Dit is opvallend dat tot nou toe hoofsaaklik verslae van verenigings, verslae van vergaderings, godsdienstige lektuur en almanakke gedruk is. Suiwer letterkundige werke het maar baie selde uit 'n Kaapse drukpers gekom. Gedurende die tweede helfte van die 19de eeu oorweeg godsdienstige lektuur. Die vernaamste drukkersfirma van hierdie periode is ongetwyfeld:

*Van de Sandt de Villiers & Co.*

By die bespreking van die Kaapse koerante het ons reeds met hierdie firma kennis gemaak. B. J. van de Sandt de Villiers (1826—1878) was die pleegseun van B. J. van de Sandt, sr., wat self 'n drukker was. Reeds as jong seun in 1809 vind ons hom op die Goewernementsdrukkery in Kaapstad, en in 1832 is hy Superintendent van die drukkery, 'n pos wat hy behou totdat dié drukkery in 1844 afgeskaf is. Vanaf 1836 tot sy dood in 1850 het hy almanakke uitgegee, en toe het die almanak oorgegaan in die hande van B. J. van de Sandt de Villiers.

Hy was die pleegseun van B. J. van de Sandt, Sr., en het van hom die drukkerskuns op die Goewernementsdrukkery geleer. In 1845 het hy sy eie drukkery begin onder die naam: *B. J. van de Sandt, Jr.* In 1847 word die firma genoem *B. J. van de Sandt de Villiers,* want die seun het nou sy geboortenaam bygeneem. In

1848 heet dit *Van de Sandt de Villiers & Co.*, wat met uitsondering van 'n paar jaar die naam bly van die firma as drukkers en uitgewers, totdat dit in 1932 tot vrywillige likwidasie oorgegaan het met die staking van die uitgee van *Ons Land* (Vgl. Bosman: *Jaarboek*, bl. 79).

Soos hoërop geblyk het, het Van de Sandt de Villiers en Co. *Het Volksblad, De Volksbode,* en verskillende godsdienstige tydskrifte uitgegee, soos *De Onderzoeker* en *Elpis*. In begin 1894 het hierdie firma ook die eienaars geword van *De Zuid-Afrikaan*, wat hulle gekoop het van die firma Hofmeyr en Regter.

Dit is nie moontlik om al die boeke op te noem wat deur Van de Sandt de Villiers en Co. (later Bpk.) gedruk en uitgegee is nie. Ek sal my net by 'n paar bepaal.

Eerstens is daar „*Leerrede over Johannes VI*: 67 *tot* 69. Uitgesproken in de Evangelisch-Luthersche Kerk op den Avond van den 24sten October 1847. Door P. N. van Ham, predikant te Fransch Hoek" (1847). In 1852 het daar 'n bundeltjie *Nieuwe Hollandsche Gezelschapsliederen* deur J. J. de Kock by hierdie firma die lig gesien. Hierin verklaar De Kock dat sy *Vaderlandsliefde* beperk is tot die eie:

„Een wereldburger ben ik niet,
'k Ken geen Holland noch Bataaf;
Daar weet men niets van mij."

Vroeër reeds (1850) het Van de Sandt de Villiers & Co. van 'n ander digter, M. J. Tromp, 'n bundel gedigte uitgegee onder die titel: *Eenvoudige Mengeldichten over Godsdienstige onderwerpen onder den naam van Eenzame*

*Gemeenschap met den Vader der Lichten.* Dit moes tot „vermaak en aangenaamheid van eenvoudigen in Christus" dien.

In 1859 druk hierdie firma 'n pamflet van 22 bladsye oor 'n baie aktuele vraagstuk destyds: *De Oprigting eener Theologische Kweekschool in Zuid-Afrika,* en in 1865 weer 'n bundeltjie gedigte, dié keer van die bekende dr. A. N. E. Changuion: *Nagalmen.* Dit bevat „eene reeks van photographiën van zijn inwendig bestaan, op verschillende tijdstippen van zijn leven". (Voorrede).

### *De Christelijke Boeken Vereeniging.*

In 1853 is De Christelijke Boeken Vereeniging opgerig. „Het doel was om tegen redelike prijzen standaardwerken van Europa te herdrukken en uit te geven, en de vereniging werd ook gebruikt om de belangen van de Orthodoxie te bevorderen. Zij werd bestierd op het model van een boekeklub, en wel met zoveel sukses, dat een Engelse tak en een andere om leesstof voor de jeugd te verschaffen gesticht werden." (Hofmeyr en Reitz: *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr,* 1913, bl. 50).

Van die eerste van hierdie boekies is gedruk deur Van de Sandt de Villiers & Co., soos *„De Twee Broeders.* Naar het Hoogduitsch van C. Schmid. Eerste Werkje voor 1860." Later word hulle gedruk deur J. H. Hofmeyr & Co., No. 14 Kasteelstraat, Kaapstad, soos *„De Vrybuiter.* Een Kersverhaal voor Jong en Oud, door J. de Liefde. Derde Werkje voor 1866," en *„Verhalen*

*voor Kinderen van Cesar Malan.* Uit het Fransch. . . . Eerste Werkje voor 1868." Hierdie boekies was te kry by N. H. Marais, „Depothouder."

N. H. Marais was die „depothouder" vir baie ander boeke in Kaapstad gedruk, soos *Bezwaren tegen bezwaren, of Dr. A. N. E. Changuion weerlegd* (1854); *De Laatste woorden van wijlen den Heer Hermanus Lambertus Bosman* (1855), *Paarlsche Gedichtjens* (1856) van ds. P. Huet, en selfs *Die Geskiedenis van Josef* (1873) deur C. P. Hoogenhout — die derde Afrikaanse boekie, gedruk deur Smuts en Hofmeyr.

In 1861 het die leiers van die Ortodokse party die Christelijke Drukpers Vereeniging gestig en in 1862 *De Volksvriend* uitgegee. Die geskiedenis van hierdie koerant is reeds beskryf; ons het ook verneem dat J. H. Hofmeyr (Onze Jan) dié koerant in 1870 oorgeneem het en dat dit voortaan gepubliseer is deur J. H. Hofmeyr, jnr., 6 Houtstraat, Kaapstad.

Hierdie firma het vroeër, onder die naam J. H. Hofmeyr & Co., behalwe die boeke van die Christelijke Boeken Vereeniging, ook ander boeke gedruk, soos *Vier Leerredenen tegen De Hedendaagsche Dwaling* (1868) deur N. J. Hofmeyr.

Toe Hofmeyr in 1871 *De Zuid-Afrikaan* van die eienaar J. J. H. Smuts oorneem en dit verenig met *De Volksvriend,* het die nuwe firma geheet Smuts en Hofmeyr en was gevestig by 11 Kasteelstraat. Van die eerste Afrikaanse boeke is deur dié firma gedruk, soos *Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons*

*Volk* (1877), en ook die eerste jaargang (1876) van *Die Afrikaanse Patriot.*

In 1881 het Hofmeyr *De Zuid-Afrikaan* aan Hendrik Regter verkoop, en van toe af was die firma bekend onder die naam Hofmeyr en Regter, No. 11 Kasteelstraat.

Ook T. F. Burgers, die latere Transvaalse president, het sy pennevrugte deur hierdie firma laat druk. Sy *Toneelen uit ons Dorp* het oorspronklik in *Het Volksblad* verskyn. Dat dit 'n groot leserskring gevind het, hier sowel as in Holland, bewys die afsonderlike druk in drie bundeltjies van die eerste twaalf sketse in 1867 by Van de Sandt de Villiers & Co. In 1871 maak Burgers 'n reis na Transvaal, en dit gee hom die stof vir die reeks artikels wat van November tot Desember in *Het Volksblad* verskyn het en in 1872 afsonderlik in brosjurevorm uitgegee is onder die titel *Schetsen uit de Transvaal,* by Van de Sandt de Villiers & Co.

Met die opkoms van Afrikaans het hierdie firma ook 'n paar Afrikaanse boeke gepubliseer soos *Karroo Blommetjies* (1909) van D. F. Malherbe.

Begin 1894 het Van de Sandt de Villiers & Co. eienaars geword van *De Zuid-Afrikaan.* Hulle het dit gekoop van die firma Hofmeyr en Regter, toe verteenwoordig deur mej. M. G. Regter. Hiermee het dié firma opgehou om te bestaan.

### *J. C. Juta & Kie., Bpk.*

Dit is die oudste bestaande uitgewersfirma in ons land vandag. In 1853 het Jan Carl Juta

'n „Boek en Papierhandel"-besigheid geopen op die „Hoek van de Wale en Burgstraten, Kaapstad". Hy het nie alleen Bybels van verskillende groottes nie, maar ook Engelse, Franse, Duitse, Nederlandse en Italiaanse boeke voorhande gehad. Verder het hy sigare en reukwater verkoop.

Juta was veral 'n uitgewersfirma. In 1854 het hy sy eerste Hollandse boek uitgegee, nl. *„Geschiedenis der Fransche Protestantsche Vlugtelingen, van de Herroeping van het Edict van Nantes tot op onzen tijd.* Uit het Fransch vertaald en gedeeltelijk verkort door dr. A. N. E. Changuion". Juta het ook dr. Changuion se *Elements of Translation in easy Lessons* uitgegee. Dit is baie jare lank op die Kaapse skole gebruik.

Dit is nie bekend wanneer die besigheid van J. C. Juta omgeskep is in dié van J. C. Juta & Co. nie, maar in 1867 kom hierdie naam voor op die geskiedenisboeke wat deur A. Wilmot geskryf is. Na Juta se dood het sy vrou die besigheid voortgesit, maar toe dit te veel geword het vir haar, het sy mnre. Duncan, Woodbridge en Cuypers in die besigheid geneem as vennote, en dit was van nou af tot 1919 bekend as J. C. Juta & Co. In daardie jaar is dit verander in 'n beperkte maatskappy. Die firma het in verskillende stede en dorpe takke gehad, maar vandag het dit net een tak in Johannesburg.

Die besigheid het vinnig uitgebrei, en hoewel dit allerlei boeke uitgegee het, het hy hom later hoofsaaklik op onderwysboeke toegespits. Vroeër jare het hy ook heelwat godsdienstige

boeke uitgegee, soos die populêre *Kaapsche Kinderbijbel* van John Murray, wat in 1857 binne ses maande uitverkoop was, „een ongehoord feit hier aan de Kaap". (*Elpis,* 1857, bl. 236.)

Hollandse skoolboeke deur Juta & Co. gepubliseer, is o.a. die *Hollandse Spraakkunst voor Zuid-Afrika* deur M. J. Stucki (12de druk 1906) en verskeie van die boeke van Hubertus Elffers, soos sy *Leesboeken voor Zuid-Afrika.* Van Elffers het in 1893 by Juta ook 'n drama in twee bedrywe verskyn: *Debora.*

Met die intrede van Afrikaans in die skool moes Juta Hollandse skoolboeke ter waarde van nagenoeg £10,000 vernietig. Hierdie firma het tred gehou met die ontwikkeling van Afrikaans en dadelik Afrikaanse skoolboeke begin uitgee. Maar nog voor die offisiële erkenning van Afrikaans, reeds voor 1900, het Juta boeke in Afrikaans gepubliseer. So het hierdie firma Melt Brink aan die Afrikaners bekend gestel toe hy Brink se verskillende bundels *Grappige Stories en andere Versies in Kaaps-Hollands* (1893, 1894, 1896, 1898, ens.) gepubliseer het. Juta is ook die uitgewer van *Klaas Gezwint en zijn Paert: and other Songs and Rijmpies of South Africa in English and Cape Dutch* (1884).

Dit is interessant om te weet dat Juta van die eerste Afrikaanse novelles gedurende die Tweede Tydperk in die Afrikaanse Beweging uitgegee het, nl. *Twee Susters* deur Chris Everard, en die vervolg daarop: *Twee Broers.* Hierdie boeke het by die Stellenbosse tak van Juta verskyn.

Tot Juta se latere Afrikaanse publikasies moet gereken word: *Ongebaande Weë* (1931) deur C. P. Naudé; *Uit die Lewe van 'n Gensbok* (1921) deur H. A. Aschenborn; *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie* 1652—1795, deur dr. P. S. du Toit, en dan 'n groot aantal Afrikaanse skoolboeke.

### *J. H. Rose*

'n Ander uitgewersfirma in Kaapstad gedurende die laaste kwart van die vorige eeu, is J. H. Rose, eers gevestig in 45 Langestraat en daarna in Adderleystraat as J. H. Rose & Co. Boeke deur hom uitgegee, is: *De Kinderharp. Verzameling van Gedichten voor Huis en School. Met Muziek* (1876); *Voor den Veeboer. Rapport van Prof. W. C. Branford* (1877); *Het Opstandingsleven. Vier Preken* (1879) — hierdie boekie is gedruk deur Saul Solomon & Co., en eindelik: *Twintig Jaren in Zoutpansberg* (1890) deur Stefanus Hofmeyr.

---

## HOOFSTUK V.

## DIE DRUKPERS IN NATAL

Toe dit vir Boniface in Kaapstad onuithoudbaar geword het, het hy planne beraam om na Natal te gaan en daar 'n nuwe koerant in die lewe te roep. Cornelis Moll van *De Meditator* sou die drukker en eienaar wees, en Boniface

die redakteur. Die plan was om die blad in Port Natal (Durban) uit te gee, maar Pietermaritzburg het groter vooruitsigte gebied.

In November 1843 het Boniface toe die prospektus opgestel van *De Natalier en Pietermaritzburgsche Trouwe Aantekenaar,* en hy het die reg verkry van die Natalse Volksraad om die weekblad op te rig.

Op Vrydag 19 April 1844 het Natal se eerste koerant dan verskyn as 'n weekblaadjie van vier kwarto-pagina's. Die intekengeld was een pond per jaar. Op die eerste bladsy was advertensies, verder was daar plaaslike nuus, verslae, markberigte en ook onderhoudende lektuur. Die blad het 'n Latynse lyfspreuk gehad: *Vitam impendere vero.*

Die tipiese Boniface het reeds in die eerste uitgawe voor die dag gekom, waar hy allerhande hekelende toespelings maak op die ondertekenaars van die adres aan majoor Smith. Die hoofartikel van die tweede uitgawe gaan voort met die hekeling, en in dieselfde uitgawe verskyn onder die opskrif *Men Zegt,* plaaslike nuus, „maar 'n klomp ou wywe kon nie beter daarin geslaag het om skindernuus puur en simpel van so'n suggestiewe gehalte te lewer nie". (G. S. Nienaber: *Van Roem tot Selfmoord,* 1939, bl. 92.)

Boniface het die nuwe trekbeweging onder die Boere beveg, maar ook republikeinse en demokratiese beginsels bepleit, tot ergernis van die Britse Bestuur. So skryf Graham Mackeurtan (*Cradle Days of Natal,* bl. 291): „Major Smith, Commandant of Natal, was much in-

censed by the tone of a newspaper called *De Natalier.* He sent one to the Governor to show the seditious spirit in which it was written and described the editor as an unprincipled Frenchman of the name of Boniface".

Getrou aan sy aard, het Boniface ongevraagd die stryd aangebind, deur middel van insinuasies, teen die meeste van die hooggeplaaste amptenare in Natal. Veral die landdros, Zietsman, moes dit ontgeld. Baie klagtes hieroor is by Moll ingedien, en uiteindelik het hy Boniface afgedank nadat hy sewe maande redakteur was, weens „het onbehoorlijk bestier......waardoor vele intekenaren zich hadden teruggetrokken en anderen geweigerd intekenaren te worden". Hiermee was Boniface natuurlik nie gediend nie, en hy het dadelik 'n hofsaak teen Moll ingestel, wat hy gewen het. Ander hofsake het met die loop van tyd teen Moll en die nuwe redakteur, Walker, gevolg, en op 29 September 1846 is die uitgawe van Natal se eerste koerant gestaak.

Dit is in hierdie blad, wat na Boniface se uittrede ook in Engels verskyn het, dat 'n stuk Afrikaans van Boniface afgedruk is (18 Oktober 1844). Dit is die oudste voorbeeld van bewusgeskrewe Afrikaans in Natal, soos deur blankes gebesig. Ook behoort dit tot een van die vroegste gevalle van beskaafde Afrikaans.

Op 4 Desember 1846 het *De Natalier* weer verskyn met dieselfde eienaar en redakteur. Dit heet nou *De Patriot — The Patriot;* op 19 November 1847 is die woord *Natalsche* bygevoeg. Dit was vir die grootste gedeelte in Engels

uitgegee, met brokstukke Hollands. Na baie rondspartel het dit in Durban ondergegaan in 1848.

Die tweede koerant in Natal was *The Natal Witness — De Natalsche Getuige,* en dit het sedert 27 Februarie 1846 verskyn met David Dale Buchanan as eienaar en redakteur. Gedurende die eerste jaar het dit verskyn as 'n weekblad in albei tale, Engels voorop, maar in die loop van 1847 het die redaksionele kolomme net in Engels nuus bevat. Die moontlikheid word genoem om 'n Hollandse byvoegsel uit te gee (13/8/'47), wat ook werklik die 20ste Augustus sy verskyning gemaak het. Die bestaan van die Byvoegsel van *De Natalsche Getuige* was kort, 'n paar nommers maar.

In antwoord op herhaalde versoeke het Boniface besluit om vanaf die begin van 1847 'n driemaandelikse tydskrif in Nederlands uit te gee onder die naam: *De Natalsche Diogenes of De Nacht Wandelaar.* Dit het verskyn, maar daar bestaan geen eksemplaar meer daarvan nie.

J. Archbell het vir twee maande lank aan die Afrikaners 'n koerant opgedis, sonder dat hulle daarmee gediend was. *De Natal en Zuid-Oost Afrikaan* het vanaf 2 April 1853 tot 28 Mei 1853 bestaan!

Cornelis Moll het dieselfde jaar (7 Oktober) weer 'n koerant uitgegee, nl. *De Zuid-Oost Afrikaan,* maar dit het net twee jaar aan die gang gebly. Op 12 September 1855 het dit in Durban herleef as *The Natal Chronicle.* Nou is Moll op versoek van genl. A. W. J. Pretorius in 1856 na

Potchefstroom waar hy 'n nuusblad *De Oude Emigrant,* opgerig het. Dit was egter weer 'n mislukking, en daarom het Moll sy pers aan die Transvaalse Regering verkoop en opgetree as Staats-sekretaris van die S.A. Republiek. Later was hy landdros van Pretoria. Uiteindelik het hy gaan boer en is in 1869 op die plaas Waterberg oorlede. Hy was dan die eerste joernalis onder die Voortrekkers. Maar dit terloops.

Dit skyn asof die heer P. Zietsman ook 'n tydskrif onder die naam van *Afrikaansche Voorstander* uitgegee het. Lank kon dit egter nie bestaan het nie. Dr. Preller (*De Volkstem,* 1 Okt. 1924) noem nog *De Ware Patriot,* wat op 20 November 1856 sy verskyning gemaak het.

Toe die drie Natalse predikante, di. Biccard, F. Lion Cachet en P. Huet, op 18 Oktober 1861 in konferensie byeen was, het hulle besluit om 'n Hollandse tydskrif van stigtelike aard vir die gemeentelede uit te gee: *De Natal Bode.* 'n Uitgewer het hulle gevind in J. Stuart, en op 17 Februarie 1862 is die eerste nommer die Natallers aangebied. Dit het dieselfde ortodokse strewe gehad as *De Volksvriend* in die Kaapkolonie, en was feitlik net 'n kerkblad met die gebruiklike preeksketse, gemeentelike kennisgewings en lektuur van stigtelike aard. Ds. Huet het van sy gedigte hierin gepubliseer. Op 29 Desember 1862 het ook *De Natal Bode* die weg van sy voorgangers opgegaan.

Vir meer as twintig jaar het die Hollandssprekendes in Natal geen koerant gehad nie, totdat J. Herschensohnn, snr. in 1885 met *De*

*Natal Boeren Vriend* gekom het. Herschensohnn is in 1834 uit Duits-Joodse ouers gebore in die Russiese distrik Ekaterinoslav. Hy was soldaat en het aan die slag van Alma deelgeneem. Uiteindelik het hy besluit om na Kaapstad te kom, en in 1858 is hy na Natal. Daarna na die Vrystaat en Transvaal, waar hy aan die Eerste Vryheidsoorlog deelgeneem het. In 1881 is hy weer na Natal om hom voortaan aan die joernalistiek te wy. Deur sy toedoen is die „Natal Publishing and Printing Co., Ltd." opgerig, 'n maatskappy wat in 1885 ook kontrole oor die *Times of Natal* gekry het. Onder redaksie van Herschensohnn is deur hulle toe ook 'n Hollandse blad uitgegee, *De Natal Boeren Vriend.*

In hierdie koerant, wat vier bladsye beslaan het, het Herschensohnn dadelik sy politiek verkondig wat ten doel gehad het 'n verenigde Suid-Afrika en gelyke regte vir alle blanke seksies. Daarom het hy by die verontregte Afrikaners begin en organisasies gestig, soos die Helpmekaar-Boerevereniging, waardeur die Boere hulle belange behartig kon kry.

*De Natal Boeren Vriend* was 'n ware pleitbesorger vir die belange van die Afrikaner; dit het hulle van advies bedien en leiding gegee. In plaas van nuusblad word dit politieke blad. Dié koerant het 'n lokkende toekoms gehad, maar toe kom daar onenigheid tussen Herschensohnn en die Printing and Publishing Co., Ltd., sodat hy uit die vennootskap tree en in 1886 'n opposisie-koerant stig: *De Natal Afrikaner.*

Op 4 November 1887 het *De Natal Boeren Vriend* opgehou om te bestaan, want *De Natal*

*Afrikaner* het hom verdruk. J. R. Herschensohnn het hierdie koerant langs dieselfde weë gevoer as sy vorige een, en hoewel *De Natal Afrikaner* onder moeilike omstandighede begin is, het dit tog gou redelike vordering gemaak. Maar teen die uitgang van die vorige eeu het ook hierdie blad se populariteit afgeneem. Die redakteur was geen ondersteuner van pres. Kruger se Uitlander-politiek nie, en het dit skerp veroordeel. Sy politieke geloofsartikel („Het streven naar één Verenigd Zuid Afrika en het daarstellen van gelijke rechten voor Afrikaner en Engelschman") is gedurende en na die oorlog verkeerd toegepas, volgens die mening van sy lesers, sodat daar uiteindelik net 150 intekenaars oorgebly het, en *De Natal Afrikaner* het op 4 Oktober 1904 vir die laaste keer verskyn.

'n Drukkersmaatskappy, nl. De Afrikaner Drukkers en Uitgevers Maatschappij Beperkt, is nou gevorm met John M. Herschensohnn as besturende direkteur, en op 14 Oktober 1904 het hierdie maatskappy *De Afrikaner* uitgegee met J. S. M. Rabie, vroeër van die Bloemfonteinse koerant *De Express*, as redakteur. Hy het dit egter net gebly tot 1906 toe hy opgevolg is deur Van Schermbeek, en laasgenoemde in dieselfde jaar nog deur dr. J. Vrolik. Teen die middel van 1907 het die koerant die eiendom geword van Otgaar en Vorster.

Rabie het deur middel van *De Afrikaner* baie propaganda gemaak vir Afrikaans. Op 20 Januarie 1905 skryf hy: „Onze toekomst is Afrikaans of *niets*". Die pleidooi van ds. W.

Postma in *De Vriend des Volks* vir Afrikaans, het hy oorgeneem en weekliks 'n prys uitgeloof vir die beste bydrae van tussen 500 en 2000 woorde „in Afrikaans of Hollands". Op dié wyse het hy mev. Carinus-Holzhausen (skuilnaam Paula), skryfster van *Donkere Wolken*, ontdek. Dié roman het eers in *De Afrikaner* as vervolgverhaal verskyn. Vir 'n lang ruk het Rabie ook sy inleidingsartikels in Afrikaans geskryf.

Hierdie koerant het dan die leiding geneem in die stryd vir Afrikaans in Natal, hoewel hy baie versigtig moes wees om nie verdeeldheid te veroorsaak nie. Na Rabie se vertrek het die beweging feitlik doodgeloop. Dog ná 1910 het *De Afrikaner* (die bepalende lidwoord is eers op 17 Januarie 1919 vervang deur *Die*) al meer en meer stukke in Afrikaans bevat. Die hele stryd vir die erkenning van Afrikaans in Natal is deur dié koerant gedra, en die betekenis van *De Afrikaner* vir die geskiedenis van hierdie tydperk kan nie oorskat word nie.

In 1918 het De Nationale Pers, Beperkt, *Die Afrikaner* op versoek oorgeneem, maar in 1925 het die hele besigheid in Pietermaritzburg oorgegaan in die hande van Die Natalse Pers, Beperk. Hierdie firma het die gebou vergroot en ook nuwe masjinerie aangeskaf vir die druk van *Die Natalse Afrikaner* en die *Provincial Gazette*. In Mei 1932 is die koerant 'n tydlank gestaak. Die Natalse Pers, Bpk. het belangrike werk in Natal gedoen en jaar na jaar so gegroei en ontwikkel dat dit vandag met reg een van die toonaangewende perse in Natal genoem kan

word. Verskeie gedenkuitgawes en boeke is deur hierdie firma gedruk, maar dit besit geen eie boekwinkel nie, en verkoop uitsluitlik aan boekhandelaars.

Ten slotte moet nog vermeld word dat mnr. P. Bruchhausen in Oktober 1932 in Ladysmith *Die Brandwag* in die lewe geroep het, 'n halfweeklikse koerant wat die politiek van die Nasionale Party voorgestaan het. Lank het dié koerant egter nie geleef nie.

In die rigting van tydskrifte het teen die einde van 1908 *De Kondschapper* sy verskyning gemaak. Dit was 'n kwartaalblaadjie in pamfletvorm, van omtrent 20 bladsye. Dit het gestaan onder redaksie van ds. G. M. Pellissier. Aanvanklik is hierdie tydskrif aangekondig as „Orgaan van de Ned. Geref. Gemeente van Pietermaritzburg", maar spoedig het die ander gemeentes die blad verwelkom, en sedertdien word die titel gekwalifiseer: „Cirkuleert in de Ned. Ger. Kerk van Natal". Vanaf Januarie 1910 het dit as 'n maandblad verskyn met intekengeld wat van 2/6 tot 3/6 per jaar verhoog is.

Dit was eintlik 'n kerkblaadjie wat gemeentelike nuus en leesstof van stigtelike aard bevat het. Maar deur gebrek aan ondersteuning het *De Kondschapper* na 'n sukkelbestaan van vier jaar ondergegaan. Dog na twee jaar was daar al weer 'n plaasvervanger. Ondersteun deur 'n vaste komitee van medewerkers wat byna al die Natalse predikante en sendelinge ingesluit het, het *De Bode* in 1914 verskyn as 'n „Godsdienstig en Geschiedkundig half-maandeliks

Nieuwsblad", en nie uitsluitlik as 'n kerkblad nie, met die belofte om opbouende lektuur te gee aan kinders en jongmense.

Die blad het mooi vordering gemaak, maar oorlogstoestande het hom gedurig geknel en uiteindelik moes die publikasie gestaak word op 1 Mei 1915.

In Augustus 1928 het 'n tussengemeentelike maandelikse tydskrif sy verskyning gemaak, nl. *Die Voortrekker.* Die Natalse Pers is vir die finansiële en administratiewe verpligtinge verantwoordelik, en 'n kommissie van die Ned. Geref. Kerk sorg vir die leesstof, wat bestaan uit „Gemeentelike Nuus", artikels oor kerk- en landsgekiedenis, en preke. In 1932 is *Die Voortrekker* tydelik stopgesit, maar spoedig weer voortgesit as 'n weekblad met 'n ortodoks-kulturele strekking.

'n Belangrike Natalse vereniging is die Saamwerk-Unie van Kultuurverenigninge (vroeër van Natalse Verenigninge). Die orgaan van die Saamwerk-Unie was *Die Afrikaner,* maar toe die kolomme van die S.U. van so groot betekenis geword het, het die gedagte opgekom om dit as 'n aparte blaadjie uit te gee. Op 18 Julie 1919 het die eerste nommer van vier bladsye verskyn. Die aflewering was egter baie ongereeld, en in September 1920 is die aparte uitgawe om geldelike redes gestaak. Oor hierdie lang tydperk van 15 maande het net 16 nommers i.p.v. 30 die lig gesien. Die intekengeld was 5/- per jaar. Die S.U. het teruggekeer tot die ou reëling van twee kolom per week in *Die Afrikaner.*

Die kongres van 1929 het besluit om weer 'n eie orgaan in die lewe te roep, en vanaf September 1929 tot 1939 het *Die Saamwerk* halfmaandeliks verskyn. Dit is gratis gestuur aan ongeveer 2000 jongmense in Natal en op sommige plekke in die res van die Unie. Dr. P. C. Schoonees was tot 1933 redakteur en is opgevolg deur mnr. L. Biebuyck, dr. G. S. Nienaber, mnr. J. V. Smit en J. H. Stander.

*Die Saamwerk* het gewoonlik 24 kwartopagina's beslaan. Dit het leiding gegee aan vereniginge t.o.v. die opstel van joernale, oor kuns-aande, boekerye, ens. Lede is aangemaan om hulle taal te suiwer van anglicismes. Daar was ruimte vir verenigingsnuus, en opbouende artikels het ook 'n plekkie gevind.

Nou kan ek nog 'n klompie boeke en pamflette noem wat in Natal gedruk en uitgegee is. Die oes is wel nie baie groot nie, maar belangrik is dit dat reeds in 1858 'n Hollandse boekie in Natal gedruk is, en boonop van letterkundige aard. Dit is *Stichtelijke Gedichtjes* (oud en nieuw) deur ds. P. Huet. Dit is gedruk deur May en Davis, een van die alleroudste firmas in Pietermaritzburg, en ook in Natal.

Deur P. Davis en Zoon (vanaf 1865 „Zonen") (Pietermaritzburg) is verder van die oudste Natalse boeke en pamflette gedruk, soos ds. F. Lion Cachet se *Verslag van het Zending-Werk te Ladismith* (*Van December* 1861 *tot April* 1863) en ds. P. Huet se *Herderlijke Brief aan de Leden der Nederduitsch Gereformeerde Kerk behoorende tot den Ring van Natal* (1863). Die jaar daarop publiseer ds F. Lion Cachet

by dieselfde firma 'n pamflet van 14 bladsye: *aan de Leden der Nederduitsch Gereformeerde Kerk in de Gemeente Ladismith, Natal.* Hierdie firma druk in 1864 ook twee stukke van die Ned. Ger. Kerk, nl. *Verslag van de Werkzaamheden van de Tweede Natalsche Ringsvergadering, gehouden te Utrecht,* 23, 24, 25 *Maart,* 1864; en *Ontwerp van Wetten en Bepalingen voor de Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Natal.*

Al die ander stukke deur die firma P. Davis en Zoon (Zonen), Langemarkstraat, gedruk, was vir die Ned. Geref. Kerk van Natal. Ek noem nog slegs een naam: *Extrakt van Notulen van de Tweede Algemeene Kerkvergadering van de Ned. Gereformeerde Kerk van Natal, gehouden te Weenen op den 6den en 7den Juny,* 1868.

Daar sal nou 'n hele aantal jare verloop (volgens my kennis) voor ons weer 'n gedrukte boekie of pamflet van 'n Natalse drukpers kry.

In 1893 het A. von Levetzow, Vryheid, (toe nog deel van die Z.A.R.) verskyn: *De Geschiedenis van de Hollandsch-Afrikaansche Boeren, vanaf hun Vertrek uit de Kaapkolonie, tot op de aftreding van President Burgers,* door J. H. Hattingh Sr. Paula se *Donkere Wolken—een Geschiedenis uit de Boeren Oorlog,* het verskyn by Otgaar en Vorster, Pietermaritzburg, 1909.

Deur De Natalse Nationale Pers, Pietermaritzburg, is 'n paar Afrikaanse boeke in die begin van die twintigste eeu uitgegee, en ook deur die Natalse Pers, Pietermaritzburg.

# HOOFSTUK VI.

## DIE DRUKPERS IN DIE VRYSTAAT

Die Vrystaat is nie oorstroom met koerante en tydskrifte nie, maar die klompie wat daar was, het almal 'n besembos-taaiheid openbaar. Die eerste Vrystaatse koerant, *The Friend,* bestaan vandag nog, en dit kan van geen ander provinsie se eerste koerant gesê word nie.

Die eerste uitgawe van hierdie blad, wat destyds bekend was as *The Friend of the Sovereignty and Bloem Fontein Gazette*, of in Hollands, want dit was tweetalig, *De Vriend van de Souvereiniteit en Bloem Fonteinsche Courant,* het op 10 Junie 1850 verskyn. Dit is uitgegee deur Godlonton en White, en het gestaan onder redaksie van Thomas White.

As doel het *The Friend* gehad: „De verspreiding van naauwkeurige berigten, de handhaving van regtvaardige wetten en goede orde, het verbreiden van vriendelijke en edelmoedige gevoelens; de bevordering van opvoeding; het inprenten van Christelijke waarheid; de uitbreiding van landbouw en handel, en in een woord, het bevorderen van aller welvaart door alle regtvaardige middelen".

Verder sou die belange van almal, afgesien van ras of kleur, behartig word. Ten spyte van hierdie doelstelling, was *The Friend* die orgaan van die Engelse party wat die outonomie van die Vrystaatse Republiek wou vernietig, of tenminste 'n federasie onder Britse vlag verlang het. Begryplikerwyse was die koerant na 1854 die Republikeinse Regering nie goedgesind nie.

In 1854 het Thomas White die drukkery oorgeneem en alleen die koerant uitgegee, nou onder die naam „De Vriend van den Oranje Vrijstaat en Bloem Fonteinsche Courant" of „Friend of the Free State and Bloem Fontein Gazette", want dit was nog in albei tale. In 1871 het die koerant oorgegaan in hande van White, Barlow & Ko. Later is White dood, en het Gebrs. Barlow & Ko. in besit gebly.

Op 15 Maart 1900 het die Engelse troepe Bloemfontein binnegetrek en daar die koerant van Barlow nie hul sienswyse vertolk het nie, het lord Roberts dit vir die maand wat die troepe in die Vrystaatse hoofstad sou bly vir £200 oorgeneem. Onder redaksie van Julian Ralph (Amerikaanse oorlogskorrespondent), F. W. Buxton van die Johannesburgse „Star", Perceval Landon van die „Times" en H. A. Gwynne van die Reuter-agentskap het die eerste uitgawe van die „Friend" toe op 16 Maart 1900 die lig gesien.

Later is Rudyard Kipling tot redakteur van die blad benoem en hy het as sulks aangebly tot 16 April 1900, toe die troepe Bloemfontein verlaat het.

Hoe onsimpatiek hierdie koerant teenoor die Vrystaatse Regering ook al was, het dit tog baie gedoen om die Vrystaters politiek-bewus te maak, en hulle te laat belangstel in staatkundige aangeleenthede. Vir die welvaart van die boerdery het dit geywer en die boere aangeraai om damme te maak om die droogtes te bestry. Die Vrystaat is deur die koerant geadverteer en immigrante aangelok.

Die eerste voorbeelde van geskrewe Afrikaans in die Vrystaat sal ons in die kolomme van *De Vriend* aantref. Die aanloop van hierdie geskryf staan onmiddellik in die teken van Meurant se *Brieve,* waarvan drie tussen 5 en 26 Julie 1861 deur *De Vriend* oorgeneem is. Op 9 Augustus 1861 verskyn die eerste oorspronklike stuk in hierdie weekblad.

Die vrugbaarste briefskrywer van die periode meld hom op 23 Augustus 1861 aan. Hy gebruik meer as een skuilnaam, maar verkies Klaas Waarzegger Klaas(s) Zoon, en Klaassie, en rig sy briewe aan Klaas Waarzegger de Oude (Meurant), vir wie hy as „vaayer" aanspreek. Sy anglisismes, veral in idioom en sintaksis meer as in woordkeuse, en sy uitgesproke pro-Engelse en anti-Republikeinse houding laat hom maklik as 'n Engelsman uitken, soos Jan de Boer (20 Sept. 1861) dan ook aanmerk: „Mynheer Waarzegger, uwe spraak is een Dopper, maar uwe inhoudt is lunsriem......" Oor die algemeen skrywe hy redelik goed en vlot, maar slordig; dikwels is hy grappig of komieklik, maar die toon van sy poginge met al die lae en plat verdagmakery van 'n gebore onnasionale skinderbeluste persoon maak hulle grof en ongenietbaar. Hy mis die beskawing van sy „vaayer". Van die staatspresident, die republiek en die volksraad is hy geen vriend nie; waar hy kan, verkleineer hy hulle op lasterlike wyse en prys die Britse imperialistiese en negrofilistiese staatsgedagte vurig aan.

Terloops wil ek nog daarop wys dat *De Tijd* *De Vriend* om sy vyandige houding *Vijand van den Vrijstaat* genoem het.

Dit bring ons dan tot die eerste Hollandse weekblad in die Vrystaat, nl. *De Tijd.* Dit is beskrywe as 'n „Staatkundig Nieuws- en Advertentieblad". Die eerste uitgawe hiervan het op 29 Oktober 1862 verskyn. Die doel van hierdie koerant was „om een staatkundig leven onder de burgers op te wekken; om hen in te lichten omtrent en te herinneren aan hunne regten en pligten als inwoners van een vrij en nieuw land; om hen op de hoogte te houden van de voornaamste voorvallen zoo wel in als buiten dit wêrelddeel; om door de behandeling van onderwerpen van landbouw, veeteelt en nijverheid in het algemeen hun weg aan te wijzen tot verhooging van hunne stoffelijke welvaart; om de handhaving van vrede en eene goede verstandhouding met onze naburen, eendragt onder de verschillende bestanddeelen van ons volk en de zamenwerking van het volk met de regeering te bevorderen, waar deze binnen de palen harer bevoegdheid en in overeenstemming met de algemeene belangen handelt of eene geocrloofde en krachtige oppositie tegen regeeringsmaatregelen in het leven te roepen, waar deze onwettiglijk genomen worden of met de belangen (van het volk?) in strijd zijn."

In teenstelling met *De Vriend* was die beleid van *De Tijd* dus sterk pro-Republikeins. Hy het die staatshoofde en die Boerevolk altyd in beskerming geneem en die beginsels van 'n soewerein-outonome republiek hoog gehou.

Hierdie koerant het bestaan tot 25 Februarie 1875, en vir meer as vyf jaar was J. M. L. Heijligers die redakteur daarvan. Dit is gedruk by en uitgegee deur J. W. Spruyt, maar het later oorgegaan in besit van J. F. Iddekinge, wat ook as redakteur opgetree en hoë joernalistieke beginsels gehuldig het.

Hoewel *De Tijd* nie so baie Afrikaanse stukke as *De Vriend* gehad het nie, is sy betekenis in ons literatuurgeskiedenis veel groter om die flink-geskrewe, eg-menslike briewe van Trijna Snaaks (Antje Brits). Is sy die eerste Afrikaanse skryfster in hierdie koerant? Van besondere belang is die volgende feite: „Mr. C. E. Fichardt and some of the original shareholders would in the beginning have made it an AFRIKAANDER PAPER AND CONDUCTED IT IN THE CAPE DUTCH IN THE 'KLAAS WAARZEGGER' STYLE, but this idea or suggestion was overruled by Mr. Hamelberg and others who were determined to make it the organ of the Hollander party" (*The Friend,* 25 Febr. 1875).

Soos genoem, is die belangrikste Afrikaanse stukke in 1867 in *De Tijd* gepubliseer deur Trijna Snaaks, maar in dieselfde jaar maak ons ook kennis met ses briewe en 'n samespraak geskryf deur 'n afgedankte landdros, William Bramley van Harrismith. Die afwesigheid van gedigte in hierdie koerant val sterk op.

Die uitgewer White van *The Friend,* was ook vir baie jare uitgewer van die *Gouvernements Courant,* wat weekliks sedert 1857 gepubliseer is.

'n Paar weke na die dood van *De Tijd* verskyn *De Express, Vrystaatsche Advertentie-blad — The Express and Orange Free State Advertiser* en wel op 11 Maart 1875. Die Engelse titelekwivalent word egter vanaf 6 Junie 1878 nie meer gehandhaaf nie. Die blad is uitgegee deur die „Oranje Vrijstaatsche Nieuwsblad Maatschappy" en het as leuse gehad „Uwe onafhankelijkheid hebt gij verkregen; houdt ze, en maakt u harer waardig!" Die doel wat die blad hom gestel het, was om' „uit te vinden op welke wijze wij onze positie verbeteren, en ons van een rechtmatigen invloed versekeren kunnen voor den Vrijstaat in de algemeene zaken van Zuid-Afrika."

Hoewel 'n tweetalige en weeklikse koerant net soos *The Friend,* is *De Express* nes sy voorganger 'n vurige ondersteuner van die republiek se president, regering en onafhanklikheid.

Die „Express" het hom beywer vir die welvaart van die land soos hy dit gesien het. Die aanleg van spoorweë is aangemoedig. Die Tolverbond en meer ander dinge wat die verskillende State nouer aan mekaar sou bind, is voorgestaan.

Veral het die blad hom beywer vir 'n nouer vereniging tussen die twee Suid-Afrikaanse Republieke. Tot 1900 het die „Express" verskyn en is toe gemuilband deur die Britse gesag omdat dit so streng teen die Engelse opgetree het in verband met die oorlog hier. (Vgl. L. B. v. d. Walt in *Huis en Haard,* Okt. 1928).

*De Express* was aanvanklik vyandiggesind teenoor Afrikaans en die strewe van die Genoot-

skap van Regte Afrikaners, maar later het dit selfs 'n kampvegter vir Afrikaans geword. Ook in hierdie koerant het baie Afrikaanse stukke verskyn, en veral gedigte, o.a. van pres. F. W. Reitz en Piet Ondervelder.

In Julie 1882 het die O.V.S. Nieuwsblad Maatschappij ook 'n begin gemaak om 'n Engelse dagblad uit te gee. Hierdie koerant, die „Daily News", se doel was: „We intend supplying our readers with the very latest telegraphic news available". Dit het dan ook gewoonlik net die nuus weergegee soos dit gekom het en nie sy eie beskouings gelug nie. In 1890 is dit dood. *The Friend* wås natuurlik nie gediend met hierdie koerant se teenwoordigheid nie, en skryf op 27 Julie 1882: „smells like home—although we wish the babe well, we would sooner see it dead and buried than clad in the habiliments of a Dopper".

*De Burger* het vanaf 1893 tot 1900 bestaan — alleen in Hollands. Dit is uitgegee deur Gebr. Barlow & Co. en het Woensdae en Saterdae verskyn. Intekengeld was 22s. per jaar en sy rigting onafhanklik.

Voor 1900 het ons 'n hele paar plattelandse blaaie, almal tweetalig. Ongelukkig het hulle verlore geraak en berus daar geen eksemplare van dié koerante in die Vrystaatse argief nie. Ons weet alleen van hulle bestaan uit beriggies in die Bloemfonteinse koerante.

So skryf *The Friend* van 12 Januarie 1882: „The proprieters forwarded by last post a copy of the first number of the *Harrismith Chronicle* beautifully printed on white satin, to His

Honour the President". Dit het in Hollands en Engels verskyn.

Die *Philippolis Chronicle* het op 25 Desember 1882 die lig gesien, volgens *The Friend* van 28 Desember 1882. Op 22 Febr. 1883 kondig *The Friend* aan dat die tweede nommer van die *Philippolis Chronicle* die volgende dag sou verskyn met 'n geskiedkundige skets van die Vrystaat in beide Engels en Hollands

Richmond se korrespondent meld in *De Express* van 13 April 1882 dat hy die prospektus van *De Vrijstater*, Fauresmith, ontvang het. Op 25 Mei 1882 berig hy dat hy tevrede is met die nommer van *De Vrijstater* wat hom bereik het. *De Express* (6 Julie 1882) sê volgens *The Mining Record* is *De Vrijstater* spoedig dood, „want de Hollandsch lezend publiek van Fauresmith" het dit nie genoegsaam ondersteun nie. Die *Mining Record* van Fauresmith het, blykens oordrukke in die Bloemfonteinse koerante, teen 1881 'n belangrike rol gespeel in staatsaangeleenthede. Uit hom word telkens bydrae oor die Afrikanerbond, oor Afrikaans en in Afrikaans herdruk. Hy ondersteun die Bond, stel ruimte beskikbaar vir Afrikaanse stukke, maar aanvalle op Afrikaans bly nie uit nie.

*De Express* deel op 11 Oktober 1883 mee dat op Harrismith *De Afrikaander* gepubliseer gaan word.

Verder hoor 'n mens nog van lokale blaadjies wat op Jagersfontein, Bethlehem en Dutoitspan uitgegee is.

Op 3 Oktober 1905 is *De Vriend* en *The Friend* geskei, en nou heet die Hollandse koerant

*De Vriend des Volks.* Dr. O'kulis (ds. W. Postma) was baie in sy skik dat dit gebeur het; hy skryf in sy rubriek *Oogdruppels*: „Begryp jou die ,vriende'. Wel ik kan verstaan dat die tafel in die twee ,vriende' ze kantoor poote uit is. Die een zeh dis wit, die ander zeh dis swart. Die een autoriteit op die ander wordt op die tafel gepak om te bewys dat die ding wit en swart is, en dit kan die tafel nie staan nie".

Vir die student van die Afrikaanse taal is *De Vriend des Volks* 'n ware goudmyn om die geskiedenis van die Vrystaatse Taalbeweging te volg. Johannes Visscher, die eerste redakteur, het dadelik vir Afrikaans begin pleit, en hy is kragtig ondersteun deur ds. W. Postma wat in hierdie koerant in 1905 sy beroemde artikels oor Afrikaans geskryf het — die manifes van die Vrystaatse Taalbeweging. J. S. M. Rabie, wat Visscher in 1906 opgevolg het as redakteur, was ook 'n ywerige voorvegter vir Afrikaans.

Onder hierdie omstandighede het *De Vriend des Volks* so vinnig uitgebrei dat die weekblad vanaf Oktober 1910 halfweekliks verskyn het, met die wapenleuse „om te strijden voor Moedertaal en Vaderland".

*De Vriend des Volks* was destyds 'n krag wat nie oorskat kan word nie. Maar met die stigting van die Nasionale Party in 1914 het dit die politiek van die S.A. Party voorgestaan. In die „Nasionale" Vrystaat het die koerant dit nog 'n klompie jare uitgehou, en toe teen 1925 stilletjies doodgegaan.

Op 17 September 1917 is *Het Volksblad* van mnr. De Graaf deur die Nasionale Pers, Bpk.,

oorgeneem en dit het tot 1925 as halfweeklikse blad verskyn toe dit dagblad geword het. In 1933 het dit 'n middagblad geword. Dit het steeds as orgaan van die Nasionale Party gedien.

Vandag het die vernaamste Vrystaatse dorpe hulle eie (tweetalige) koerantjies, soos *The Bethlehem Express, The Frontier Guardian* (Ficksburg), *The Ladybrand Courant* en *The Kroonstad Times,* ens.

In die rigting van tydskrifte was die Vrystaat ook nie baie produktief nie. Ek sal hulle kortliks opsom. In die eerste geval is daar die offisiële orgaan van die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S., nl. *De Fakkel.* Die eerste reeks het geloop vanaf 1876 tot 1889; die nuwe reeks vanaf 1889 tot 1909, toe die blad (in 1910) by *De Kerkbode* ingelyf is. In 1877 o.a. het daar ook 'n Almanak van *De Fakkel* verskyn.

Vanaf November 1877 tot April 1880 het die Vrystaat sy eerste letterkundige tydskrif gehad, nl. *The Orange Free State Monthly Magazine.* Dit het gestaan onder die redaksie van Regter J. Buchanan. Hoewel in Engels, het hierdie tydskrif tog ook plek ingeruim vir Nederlandse en Afrikaanse bydraes. So het pres. Reitz se gedig *Ter Nagedachtenis van Kommandant Louw Wippenaar* oorspronklik in hierdie tydskrif (Nov. 1877) verskyn. Verder nog die Afrikaanse gedigte *Dapper, maar Voorsectag* (Maart 1879), *Villekens en zijn Dinah* (April 1879), en *Vrystaat Boo!* (Jan. 1879).

'n Teenhanger het hierdie tydskrif gehad in sy Hollandse tydgenoot: „*Het Oranje Vrijstaatsch Famielieblad* — Een weekblad voor Jong

en Oud". Sover my bekend, het dit net twee jaargange beleef — 81 nommers (1879—1880). Ook hierin het Afrikaanse gedigte verskyn, sommige waarvan deur die *Patriot* oorgeneem is, soos *Die Prokureur syn Hond.* (P., 11 Julie 1879.)

Dit sou lank duur voor die Vrystaat weer 'n tydskrif sal sien: die eerste is *Die Landbouweekblad* (1919), gedruk deur die Nas. Pers, Bloemfontein. Vanaf 1926 het in Ladybrand vyf jaargange van *Huis en Haard* die lig gesien. Dit was 'n letterkundige tydskrif, wat soms heel belangrike artikels en oorspronklike verhale en gedigte bevat het. Maar oor die algemeen was die standaard nie besonder hoog nie. Mnr. Theo Ferreira was die redakteur.

Wat die geskiedenis van die Vrystaatse almanakke betref, is dit soms in die duister. Die meeste daarvan het verlore geraak. Maar in 1879 reeds (23 Okt.) sê die redakteur van *De Express*, sprekende oor die Afrikaanse Almanak van D. F. du Toit & Co.: „Ons Almanak, De Boerenvriend, zal een voordeelig vergelijk kunnen doorstaan met de Afrikaanse Almanak voor 1879, eergisteren door ons ontvangen." Van *De Boerenvriend* het *De Express* vir 1880 sewe-duisend eksemplare gedruk, terwyl die weekblad slegs aan 2500 intekenare gestuur is. Vir dieselfde jaar het D. F. du Toit & Co. drieduisend eksemplare van *Die Afrikaanse Almanak* gedruk.

*De Express Boerenvriend Huisalmanak* is na die oorlog deur A. C. White, Drukkers- en Uitgewersmaatskappy, Bpk., voortgesit en verskyn nog steeds.

*De Vriend* het egter ook 'n almanak uitgegee: *De Boerenvriend.* Wanneer daarmee 'n begin gemaak is, weet ek nie, maar in die Almanak vir 1904 word gesê: „Het geeft ons genoegen thans in staat te zijn onze lezers en lezeressen als 'Kerst-Uitgave' van de *Vriend* de hen welbekende *'Boerenvriend'* aan te bieden". Dus moes dit voorheen ook al verskyn het. Dit is gedruk en uitgegee deur De Vriend Drukkerij, Bloemfontein. Tot 1932 het hierdie almanak verskyn, nou „Uitgegee deur en Eiendom van die Vriend Nuusblaaie, Bpk., Bloemfontein". Tot 1917 het dit baie letterkundige bydraes bevat.

Die koerant, *De Burger,* het die mode gevolg en ook 'n almanak gepubliseer, nl. *Vrijstaatsch Jaarboek en Almanak — Free State Annual and Trades Directory.* Dit was die eiendom van Gebr. Barlow & Co., en soos die titel aantoon, was hierdie almanak tweetalig; die Hollandse en Engelse gedeelte is vanaf 1894 geskei. Die eerste uitgawe van hierdie almanak het vir die jaar 1893 verskyn, en dit het voortbestaan tot 1898. Dit skyn in ieder geval nie of daar een vir 1899 was nie.

Wat boeke en pamflette betref, is die Vrystaatse drukpers vóór 1900 baie arm. In 1867 het Van Iddekinge & Co., Bloemfontein, uitgegee: *Verzameling van Besluiten, Regulatien en Ordonnantien van den Oranje-Vrijstaat.* Gedrukt op last van den Hoog Edelen Volksraad". Baie jare later (1885) kry ons die *„Constitutie van den Afrikaander Bond,* Bloemfontein: Gedrukt ten kantore van den O.V.S. Nieuwsblad

Maatschappij, C. Borckenhagen". Dit is 'n pamfletjie van vyf bladsye.

Van die eerste produkte van die plattelandse drukpers is 'n boek van 138 bladsye, gedruk in 1900 deur F. C. Hundermark, Jagersfontein, nl. *De Boeren Zijde: De Oorlog tusschen Groot Brittanje en de Republieken,* 1899—1900.

Ná die oorlog (1905) publiseer „De Vriend: Drukkers en Uitgevers Maatschappij, Beperkt, Bloemfontein", in 'n boekie van 154 bladsye die: *Offisieel Verslag van de verrichtingen van het Nationaal Kongres gehouden te Brandfort op* 1 *en* 2 *Desember,* 1904. *Met een overzicht van de voorbereidende maatregelen.*

---

## Hoofstuk VII.

## DIE DRUKPERS IN TRANSVAAL

In Transvaal het die drukpers laat gekom — eers in 1857. Maar reeds in Februarie 1851 het genl. Andries Pretorius hom beywer om 'n koerant in Transvaal gevestig te kry, want hy het gekorrespondeer met adv. Brand, die redakteur van die Kaapstadse blad: *De Zuid-Afrikaan,* en hom gevra om 'n drukpers in Transvaal op te rig. Hoewel adv. Brand baie simpatiek gesind was teenoor die Voortrekkers, kon hy om finansiële redes nie aan Pretorius se versoek voldoen nie. 'n Jaar later (Januarie 1852) het Pretorius vir Stockenström oor die-

selfde saak genader, maar ook hier het hy nie beter gevaar nie: „'n Drukpers", het Stockenström geantwoord, „zal vanzelven komen".

Pretorius is nou na Natal om die drukker C. M. Moll te spreek, want daar het gerugte in omloop gekom dat Pretorius se opponent, Potgieter, 'n komplete „boek- en koerantdrukkery" uit Holland verwag, as gevolg van Smellenkamp se beywering. Dit was egter 'n vals gerug.

Eers in 1857, vier jaar ná beide Pretorius en Potgieter se dood, het C. P. Moll sy handpers per ossewa van Pietermaritzburg na Potchefstroom vervoer, waar op 25 September van dieselfde jaar (Oktober volgens 'n verslag van dr. F. V. Engelenburg in 1893 aan die Staatsekretaris) *De Staats Courant* vir die eerste keer verskyn het. Die drukker en uitgewer van hierdie blad was C. P. Moll, jr., en hoewel dit hoofsaaklik 'n amptelike uitgaaf was, kon Moll ook politieke en algemene nuus publiseer. Die Regering was egter nie gediend met die toon van die blad nie, en op Vrydag 9 September 1859 is 'n nuwe amptelike blad uitgegee: *Gouvernements Courant der Z.A. Republiek.* In 1863 is die naam weer verander tot *De Staats Courant der Z.A.R.* Vanaf 1873 tot Oktober 1877 was mnr. J. F. Celliers, die drukker van *De Volkstem,* ook drukker van *De Staats Courant.*

Die drukpers van Moll waarmee hierdie koerant aanvanklik gedruk is, is tydens die Eerste Vryheidsoorlog deur die Engelse na die kamp in Pretoria verwyder. Dit het daar ver-

dwyn. Interessant is dit ook om te weet dat die „Gouvernements-noten” gedurende die depressiejare van 1860, '70 op Moll se pers gedruk is. Geskikte papier was nie altyd voorhande nie en daarom is van blou foliopapier gebruik gemaak. Selfs posseëls is op hierdie pers gedruk.

Die eerste eintlike nuusblad, *De Oude Emigrant,* 'n weekblad, het op 15 Oktober 1857 in Potchefstroom verskyn, nadat dit eers 'n tydlank geheet het *De Republiek van Zuid-Afrika.* Dit is gedruk en uitgegee deur Moll.

Op 24 Junie 1862 het Johannes Philippus Borrius *De Emigrant* uitgegee. Dit het onder die redakteurskap van A. F. Stuart gestaan, en hy het o.a. die medewerking van Fred Jeppe gehad. Genl. Schoeman het Borrius probeer oorhaal om na Pretoria te kom sodat hy Kruger beter kon beveg, maar Borrius het geweier. Na die sestiende uitgaaf van *De Emigrant* het genl. Schoeman tydens die burgeroorlog van 1862—63 op die drukpers beslag gelê en moes die koerant sy beleid bepleit. James, die Engelse redakteur, het egter na Harrismith gevlug. Toe genl. Schoeman deur Paul Kruger uit Potchefstroom gedwing is, kon *De Emigrant* weer tot sy vorige beleid terugkeer.

Dr. B. Poortman, die korrespondent van *Het Volksblad* (Kaapstad) te Potchefstroom, deel ons op 5 Julie 1862 'n interessante stuk geskiedenis mee omtrent *De Oude Emigrant* en *De Emigrant.* Die werskaf van *De Oude* was in so 'n toestand dat dit „twee deskundiges” twee maande geneem het om die letters weer byme-

kaar te soek en te sorteer. Een van die deskundiges was Borrius.

Die beginsel waarvan die redaksie van *De Emigrant* uitgegaan het, word op die volgende wyse saamgevat: „Wanneer de drukpers gebezigd word om gemoederen op te ruien of laster te verspreiden, is zij niets dan 'n middel om misdrijven te plegen; en mogten sedert geruime tijd de kolommen van *De Oude Emigrant* opgevuld zijn geweest met beledigende artikelen, waardoor de drukpers aan hare edele roeping niet heeft beantwoord, en art. 19 van onze Grondwet geheel uit 't oog verloren werd, zo hebben wij het ons tot eene pligt gesteld en zullen onze beste krachten aanwenden eendragt te stichten, want „eendragt doet kleine staten bloeien," — hierdoor hopen wij deelneming en ondersteuning van ieder weldenkend burger der republiek te ontvangen."

Op 18 Augustus 1863 het *De Staats Courant* in Pretoria verskyn. Volgens dr. Preller is dit gedruk in 'n ou grasdakgeboutjie op die Kerkplein, wat in later jare die kantore was van adv. Hollard, en bly staan het om ook nog die eerste administrasie van die Nasionale Party in Transvaal te huisves. Op dieselfde plek staan vandag die Mutual-gebou. Later het Moll met sy drukpers verhuis na die Kerkstraat. Hy is getrou bygestaan deur Daantjie Immelman.

*De Republikein* het in 1864 in Pretoria verskyn, en het van Hollands sowel as Engels gebruik gemaak. Lank het dit nie bestaan nie. Twintig jaar later (1884) het die drukker, Keith, 'n Hollandse blad met dieselfde naam in

Pretoria uitgegee. Dit was vyandiggesind teenoor die regering en het net twee jaar geleef. In 1935 het 'n derde blad met dié naam in Pretoria verskyn. Getrou aan die tradisie van sy voorgangers, het dit nie ouer as 'n paar jaar geword nie.

Van besondere belang vir die Afrikaanse taalstudent is 'n tweetalige koerant *De Transvaal Argus,* wat op 8 Mei 1866 sy verskyning in Potchefstroom gemaak het, want hierin kry ons van die oudste voorbeelde van geskrewe Afrikaans in Transvaal, deur Berend Moddermannetje. Dit is gedruk deur J. P. Borrius vir die eienaars Fr. Jeppe en H. C. Bergsma. Tekenend vir die tyd is dat die eienaars kon sê: „.... inteekeningen buiten deze Republiek kunnen met koloniale postzegels voldaan worden," en later toe papiergeld sterk in waarde gedaal het, moes intekengeld met „hard geld" betaal word. Op 10 Julie 1867 het J. H. Roselt die eienaar van die blad geword, en op 5 April 1869 is dit vervang deur die *Transvaal Advocate and Commercial Advertiser.*

In 1877 verskyn, weer by Borrius in Potchefstroom, *De Transvaal,* tot 1880, en in Februarie 1883 gee hy *De Potchefstroomer* uit, wat langer as sy voorgangers bly voortbestaan het, nl. tot die dood van Borrius op 3 September 1892.

Gedurende die nag van 15 op 16 Desember 1880 het Borrius 'n merkwaardige stuk eiehandig (omdat sy drukkers weggeloop het) met sy pers gedruk: die vryheidsproklamasie waardeur bekend gemaak is dat die Boere die

Engelse juk afskud en besluit het om hul vryheid met die wapen te herwin.

'n Tweede *Transvaal Argus* het in 1876 die lig gesien, maar in 1880 is die uitgawe gestaak met die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog. In hierdie oorlog het die Engelse die drukpers gebruik om die *News of the Lamp te druk.*

Op 8 Augustus 1873 het *De Volksstem* in Pretoria sy buiging gemaak, sestien jaar na die eerste verskyning van die koerant in Transvaal. Soos ons gesien het, was hul lewensduur maar heel kort. Die *Volkstem* is vandag die oudste blad van Transvaal, en was die eerste Hollandse koerant in Suid-Afrika wat daagliks verskyn het.

Die behoefte aan 'n eg-Transvaalse blad is sterk gevoel, en die saak is bespreek deur President Burgers, staatsekretaris Swart, staatsprokureur Buchanan en Fr. Jeppe. Hulle het besluit om Jan F. Celliers (wat sedert 1863 by *Het Volksblad* in Kaapstad was) te versoek om 'n blad op te rig en elk £80 bygedra vir aankoop van materiaal.

In April 1873 het Jan Celliers in Pretoria aangekom en op 8 Augustus het die eerste *Volkstem* verskyn, 'n blaadjie van 22 by 15 duim. Uitgewer, drukker en hoofredakteur was Jan Celliers. Oorspronklik het ook hierdie blad 'n beleid van tweetaligheid gevolg, en die vernaamste artikels in Nederlands en Engels geplaas.

Ná die anneksasie van Transvaal in 1877 het *De Volkstem* die burgers van Transvaal eers tot lydelike en daarna tot aktiewe verset aan-

gespoor. Die assistent-sekretaris, W. E. Bok, is van hoogverraad beskuldig en in hegtenis geneem, maar weer vrygelaat. Celliers is veroordeel tot 'n maand tronkstraf of £25. Tydens die oorlog het die blad opgehou om te verskyn.

Na die vrede is *De Volksstem* tweemaal per week uitgegee. In 1888 het Celliers die hele besigheid aan die Regering verkoop, wat die koerant na 'n paar dae weer van die hand gesit het.

Die daaglikse uitgaaf het in Mei 1895 begin (naas die halfweeklikse) en bestaan tot die Tweede Vryheidsoorlog, wat sake in die war gestuur het. Tydens die stryd is klein veldnummers uitgegee op die oorlogsterrein, o.a. te Elandslaagte, Glencoe en Kroonstad, terwyl daar in Pretoria 'n besondere daaglikse edisie verskyn het. Met die inname van Pretoria in Junie 1900 het die publikasie opgehou.

In Maart 1903 is opnuut begin met die halfweeklikse verskyning, dog op beskeie voet. Die Milner-bestuur en die armoede van die bevolking het uitbreiding moeilik gemaak. Toe selfbestuur in 1907 kom, het die blad orgaan van „Het Volk" geword; in 1904 is die gebou in gebruik geneem waar die blad nog gedruk word.

Toe die wêreldoorlog in 1914 uitbreek, het spesiale uitgawes gekom, vinniger op mekaar as die halfweeklikse, om die lesers van die beroeringe in Europa beter op hoogte te hou. Daardie buitengewone uitgaaf het die vaste dagblad geword en dit gebly, ook na die oorlog. *Die*

*Volkstem* verskyn nou natuurlik ook in Afrikaans.*

Ná die ontdekking van die Witwatersrandse goudvelde het koerante ook hier hulle verskyning gemaak. Volgens Hedley Chilvers was die eerste 'n Hollandse blad deur sekere Du Toit uitgegee. Meer daaromtrent weet ons egter nie. In 1887 het *De Republikein* van Pretoria hierheen verhuis. Op 24 Februarie 1887 het die *Diggers News and Witwatersrand Advertiser* teen ses pennies per eksemplaar in Markstraat, en die volgende dag die *Mining Argus* die lig gesien.

„Die *Diggers News* was feitlik al vooraanstaande blad in Johannesburg wat die regering in Pretoria in die ongelyke persstryd goedgesind was: die beleid van die ander was gemik op die verspreiding van agterdog, haat en veragting. Koerante soos die *Johannesburg Times, Critic, Burlesque* en *Transvaal Leader* het ongetwyfeld veel daartoe bygedra om deur onbeteuelde skeltaal en veroordeling 'n goeie verhouding tussen die regering en die uitlanders onmoontlik te maak. Die sogenoemde stryd om vryheid van die pers was geen stryd om vryheid nie, dog 'n stryd om die bandelose gebruik van taal wat geen perke geken het nie. Koerante soos *The Leader* het hulle, volgens die mening van 'n Engelsman, J. A. Hobson (in sy boek *The War in South Africa*) aan hoogverraad skuldig gemaak. Geruime tyd het die pers dag ná dag met sy skeldtaal voortgegaan, totdat die

---

*) Sien *Die Volkstem,* 8 Aug. 1933.

Staat eindelik ingegryp het. So erg was die lasterveldtog teen die Boere dat toe Monypenny in 1899 teen die Boer-vrouens uitgevaar het, Danie Theron, die beroemde verkenner van die Tweede Vryheidsoorlog, die redakteur in sy kantoor besoek en hom 'n paar harde vuishoue toegedien het. Theron is skuldig bevind en tot 'n boete van £50 veroordeel. 'n Hoed is dadelik in die hof rondgestuur om die boete met vrye gifte te betaal, dog het aan die end van die eerste ry reeds meer as die vereiste som bevat. Voordat die geld egter kon oorhandig word, het iemand opgespring en daarop aangedring dat hy die boete alleen wil betaal: hy het glo meer as £100 vir dié doel na die hof gebring!" (*Die Vaderland*, 2 Julie 1936.)

Die *Star* (aanvanklik *Eastern Star*) het die eerste keer op 3 April 1889 verskyn. In 1902 het die African Daily Mails, Bpk., die saak van die *Standard and Diggers News* gekoop, en in 1905 het die Rand Daily Mails, Bpk., tot stand gekom. Die eerste redakteur van die *Rand Daily Mail*, waarby die Transvaal *Leader* ingelyf is, was Edgar Wallace.

In 1892 het in Pretoria sy verskyning gemaak *Land en Volk*. Hierdie blad het opgetree as die Joubert-orgaan, en het gestaan onder redaksie van Eugéne N. Marais en J. de V. Roos. 'n Tydlank het dit gedeeltelik in Afrikaans verskyn. Dit het voortbestaan tot aan die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog. In Augustus 1902 het dit weer herrys en was die eerste Afrikaans-Hollandse koerant om ná die oorlog weer sy taak voort te sit — nou om die volk te help

herstel van die oorlogskok. Dit het egter in vreemde hande oorgegaan en radikaal van beleid verander. In 1908 het dit verdwyn nadat genl. Botha 'n swaar lasteraksie teen die blad gewen het.

Op die plattelandse dorpe het daar vóór 1900 ook verskillende koerante die publiek voorgelig. In Krugersdorp het Ben Viljoen, die latere veggeneraal, in 1893 *De Vierkleur* uitgegee. Dit het later *Ons Volk* geword. In Vryheid het verskyn *De Republikein* (1898—1900). Vóór en gedurende die eerste deel van die oorlog het in Pietersburg ook verskyn *De Zoutpansberg Wachter*, maar met die inname van hierdie dorp in Februarie 1901 het dit ook van die toneel verdwyn. Op 22 Junie 1888 word die *Gold Field News* te Barberton begin; op 23 Julie 1888 *The Klerksdorp Pioneer* in Klerksdorp, en op 22 Junie 1895 *De Boerevriend* te Nylstroom, ens.

Die Volkstemdrukkery het ná 1906 ook 'n landbouweekblad uitgegee: *De Boer*, wat onder redaksie van mnr. Harm Oost gestaan het. „Hierdie weekblad, wat die gedaante aangeneem het van 'n gewone nuusblad, — d.w.s. nie die stereotiepe vorm van die gewone landbouweekblad gevolg het nie, — het veel gedoen tot bevordering van 'n meer wetenskaplike belangstelling in boerderysake, wat toe onder geheel veranderde omstandighede gedryf moes word."

Deur die Volkstemdrukkery is ook uitgegee vanaf 31 Mei 1910 een van die belangrikste Afrikaanse tydskrifte, nl. *Die Brandwag*. Dit het gestaan onder redaksie van dr. W. M. R.

Malherbe en dr. Gustav Preller, en dit het 'n geseënde bestaan van twaalf jaar gehad.

In die eerste nommer word die doel van die blad as volg verduidelik: „Die Brandwag heeft positie gekozen op 'n punt waar 't terrein alsnog onbewaakt bleef: het Afrikaner huisgezin." Die tydskrif sal hom beywer om „leiding en koers te geven aan de vele zeer bekwaam gebleken Afrikanerpennen, die ernaar streven .... 'n eigen nasionaal-Afrikaanse letterkunde te helpen groot maken."

In die Afrikaanse taal- en kultuurstryd het *Die Brandwag* 'n belangrike rol gespeel, en baie aspirant-skrywers aan die skryf gekry. Deur sy gesonde letterkundige kritiek het hy leiding gegee.

## Hoofstuk VIII.

## DIE OPKOMS VAN DIE AFRIKAANSE DRUKPERS.

Geskrewe Afrikaans hou op 'n paar uitsonderings na intiem verband met die opkoms en bloei van ons Hollandse joernalistiek. Voor die eerstelingbundels van Totius en Celliers in 1908 is byna elke boek wat nog in Afrikaans verskyn het, 'n oordruk uit 'n koerant of tydskrif.

In die gebiede van ons land waar die drukpers kom, maak die koerant en tydskrif hul intrede en Afrikaanse brokstukkies vind sporadies 'n beskeie plekkie daarin. Maar die drukpers het baie lank gewag om in ons samelewing 'n faktor van betekenis te word.

Dit verklaar egter slegs ten dele die late opkoms van letterkundige bedrywigheid onder ons volk. Die kulturele peil van ons volk was nie hoog nie, en dit word weer uit die geografiese en maatskaplike struktuur begryplik. Die groot taak van landskoonmaak en die dunbevolktheid oor uitgestrekte gebiede met haas geen begaanbare weë of doeltreffende verkeersmiddels, het nòg die tyd nòg die geleentheid geskep vir daardie rustigheid van gees wat nodig is om aandag te skenk aan ander eise van die lewe wat van geen praktiese, onmiddellike belang was nie. Die peil van geleerdheid was laag en die prikkels vir 'n versnelling van die tempo van geestelike werksaamhede weinig.

Die eerste Afrikaanse boek, het ons gesien, is L. H. Meurant se *Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar over het Onderwerp van Afscheiding tusschen de Oostelyke en Westelyke Provincie* (1861). Dit is oorgedruk uit die *Cradock News* en *Het Cradocksche Nieuwsblad*, deur die drukker en uitgewer van hierdie koerante, J. S. Bold.

In die Hollandse koerante het daar nou, vóór 1870, baie samesprake, briewe en gedigte in Afrikaans verskyn, maar hulle is nie apart uitgegee nie. Die vernaamste koerante wat Afrikaanse bydraes gepubliseer het, was *Het Volksblad, De Zuid Afrikaan, De Vriend, De Tijd* en die *Transvaal Argus.*

In 1873 sien die derde Afrikaanse boekie die lig, nl. *Die Geskiedenis van Josef* deur C. P. Hoogenhout, by N. H. Marais, Kaapstad, en

gedruk deur Smuts en Hofmeyr, Kasteelstraat 11, Kaapstad.

Byna alle voortbrengsels in Afrikaans vanaf 1875 tot na die Tweede Vryheidsoorlog hou verband met die Genootskap van Regte Afrikaners. Hierdie organisasie oorheers alles wat voortaan in die volkstaal verskyn.

Op 14 Augustus 1875 word die Genootskap van Regte Afrikaners in die Paarl gestig met die doel: „Om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land." Onder „Aparte Bepalings" word die verwesenliking van die doel gesoek hoofsaaklik in die voorgenome publikasies, naamlik van 'n maandblad, 'n woordeboek, 'n spraakkuns en skoolboekies. Op 15 Januarie 1876 verskyn dan ook werklik die eerste nommer van *Die Afrikaanse Patriot.*

Die tydskriffie wat vyf sjielings per jaar gekos het, het met 50 intekenaars begin, maar daar het gemiddeld elke dag een intekenaar meer bygekom, en later selfs twee per dag. In Augustus 1876 was daar 400 name op die intekenlys; in Januarie 1877 het die getal tot 663 gestyg, en in 1881 was dit 3000.

Die eerste jaargang van die *Patriot,* d.w.s. toe dit nog 'n maandblad was, is gedruk deur Smuts en Hofmeyr in Kaapstad, die uitgewers van *De Zuid Afrikaan,* teen £3-5-0 vir 'n oplaag van 200 eksemplare. Deur private bydraes kon die eerste jaar afgesluit word met 'n klein winsie.

Soseer het die *Patriot* in die smaak geval, hoofsaaklik om sy gesonde en verfrissende nasionale gees; sy eenvoudige, bevatlike stukke

in lewendige, opgewekte styl gestel, dat intekenaars aandring om die blad te vergroot en meer dikwels uit te gee. In werklikheid was die *Patriot* in die eerste jaargang nie 'n koerant nie, maar 'n tydskriffie van 16 bladsye van 7½ x 5¼ duim. Maar die verrassende aanwas van intekenare het die G.R.A. aangemoedig om gehoor te gee aan die versoek om die *Patriot* te vergroot. Die tydskrif word koerant, die maandblad word weekblad, die formaat word groter (12 x 18 duim), die boekie verdwyn, advertensies, markberigte e.d.m. word opgeneem, en van Kaapstad verhuis dit na die Paarl. Dit geskied met ingang 1877.

Die *Patriot* is nou op 'n handpers afgedruk. Dit het in 'n buitekamertjie in die huis van Gideon Malherbe, Pastorielaan, gestaan. Gideon Malherbe het die lettersetters gehuisves en betaal, en ook sy eie seun, die bestuurder. Die eerste boekies van die G.R.A. dra die naam van die drukker P. J. Malherbe. P. J. Malherbe het egter ook ander drukwerk gedoen. In 1876 het hy reeds 'n klein boekie van 18 bladsye gedruk: *De Kleine Schoorsteenveger.*

Die *Patriot* het in 1877 vooruitgegaan, maar in Augustus van dieselfde jaar was daar al 'n groot tekort. Vrye bydrae word gedurig gevra, en telkens gee die voorstanders selfs tot bo hulle vermoë. Ds. Du Toit moes van sy eie boeke verkoop om geldelike verpligtinge, wat die *Patriot* se druk- en versendingskoste op hom gegooi het, te kon nakom. Tog was die tekort aan die einde van die tweede bedryfsjaar £173.

Oom Lokomotief alleen wil onderneem om die skuld tot die bedrag van £23-7-1 te dek, maar dan moet die G.R.A. 'n £100 vind en die intekenaars en „vriende van buite-af" £50.

Die G.R.A. wou graag die *Patriot* as 'n volwasse koerant die wêreld instuur, en het daarom in 1878 'n beter drukpers en 'n aantal letters vir £200 aangekoop, en daarna is 'n groot snelpers uit Europa teen 'n bruto onkoste van £300 ontbied. Maar dit het groot geldelike sorge meegebring. Daarom skryf Oom Lokomotief in die *Patriot* van 6 September 1878: „Glo tog, dit val Oom Lokomotief, met 'n paar ander vrinde, net *swaar* om alles te dra. Dis amper onmoontlik ver ons partykeer om moed te hou. Almal *prys,* mar weinige *help.* Glo ons tog, ons is nie mense wat geld het nie. Dit gaat met sugte en gebede gepaard."

Die lesers het dadelik hierop gereageer en bydraes gestuur vir 'n snelpers — bydraes wat geloop het van 5/- tot £20. Honderde ponde is ingesamel.

In 1878 het 'n paar vriende die plan deurgevoer om 'n drukkersfirma te stig, tot 1904 bekend as D. F. du Toit & Co., en die firma het toe al die verantwoordelikhede vir die uitgawe van die *Patriot,* die *Afrikaanse Almanak* en ander publikasies van die Genootskap op hom geneem. Uit die Genootskap van Regte Afrikaners het dus ook 'n besigheidsonderneming voortgekom. Hierdie firma set die werk van die Genootskap voort, maar omdat die werksaamhede van die G.R.A. grootliks samegetrek was in hul periodieke uit-

gawes, vervang die firma feitlik die Genootskap as 'n werkende liggaam. Tog is die doel waarvoor die Genootskap oorspronklik in die lewe geroep is, nog nie bereik nie, soos die vertaling van die Bybel in Afrikaans, die opbouing van 'n Afrikaanse letterkunde, die kulturele en nasionale bewusmaking van die volk. Met die stigting van die uitgewersfirma is in elk geval 'n belangrike mylpaal in die geskiedenis van die Genootskap bereik.

Met die bloei van die *Patriot* het die firma D. F. du Toit & Co. ook vooruitgegaan. Hierdie orgaan het, in weerwil van die heftigste teenstand, die storme weerstaan. Dit het voortgegaan van krag tot krag tot ongeveer 1890, en in verhouding hiermee het ook die taalsaak gewen. Maar in 1890 word ds. Du Toit die vaste redakteur van die *Patriot* en as gevolg van sy veranderde politieke opvattings kom hy in botsing met ander beproefde leiers, soos C. P. Hoogenhout en D. F. du Toit (Oom Lokomotief). Hulle breek dan ook die volgende jaar met ds. Du Toit en *sy* blad. Van nou af gaan dit vinnig afdraand, intekenaars bedank op 'n streep en hulle plek bly onopgevul. Toe kom nog 'n uiterlike faktor by: die Engelse oorlog breek uit, posverkeer word belemmer en die paar oorblywende Transgariepse lesers en intekenaars raak verlore vir die koerant. Die *Patriot* het 'n sukkelbestaan gevoer tot dit in 1904 doodgekwyn het. Politiek het die blad groot gemaak, en nie die taal waarin dit geskryf was nie; politiek ook

het die blad doodgemaak, en nogeens, nie die taal nie.

Die tweede belangrikste publikasie van D. F. du Toit & Co. was *Ons Klyntji* (1896—1906). Dit het begin met 750 intekenaars, maar het al spoedig 'n 3000 gehad. Van 1900 af het dinge verkeerd geloop en die tydskrif moes eindelik ook ten gronde gaan. Die spelling en taal het te veel herinner aan die *Patriot*, die drukkersfirma staan gevolglik om sy vernaamste publikasie in 'n slegte reuk by die publiek, en erger vir die tyd, ds. Du Toit, wat onder sterke verdenking by die volk was, is die vaste redakteur van die tydskrif. Die oorlog het ook die voortbestaan van die tydskrif bemoeilik, en toe die drukkery in likwidasie kom, word die staking daarvan 'n noodsaaklikheid, en in April 1906 het die maandblad ondergegaan. *Ons Taal* verrys in 1907, maar deur gebrek aan ondersteuning, moes dit ook in 1909 ophou.

Die G.R.A. se eerste boekies is geskryf en gedruk ooreenkomstig 'n bepaling in die Statute. Die naam van die vroegste werkie is *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal* (1876) deur S. J. du Toit e.a. Dit was maar dun en het slegs 29 bladsye leesstof bevat. Ses jaar later is dit weer herdruk, en in 1897 deur ds. Du Toit enigsins omgewerk, toe 'n 6000 eksemplare van die *Fergelykende Taalkunde van Afrikaans en Engels,* soos dit nou heet, gedruk is. In 1902 was 'n herdruk nodig. In 1877 verskyn die tweede uitgawe van die G.R.A., nl. *Die Afrikaanse Almanak* (burgerlik en kerklik), wat jaarliks

verskyn het, met 'n paar onderbrekings, tot 1918. Van dieselfde jaar is ook nog *Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk*, en *'t Misdadig Engeland*. Die eerste drie boeke is nog in Kaapstad gedruk, die laaste in die Paarl deur H. Stroombergen. Vanaf 1878 verskyn die G.R.A. se boeke dan by D. F. du Toit & Co. *Afrikaanse Gedigte, Eerste Versameling* (1878) is van die eerste boeke deur hierdie firma uitgegee. In 1879 volg die eerste Afrikaanse novelle: *Catharina, die Dogter van die Advokaat,* deur C. P. Hoogenhout.

Dit is ondoenlik om al die boeke hier op te noem wat deur D. F. du Toit & Co. gedruk is. Daarom net 'n paar algemene opmerkings. Die produktiefste tydvak is 1881—1885: in geen jaar het daar minder as vier Afrikaanse boeke verskyn nie, en in 1882 soveel as sewe. Dit is tog 'n belangrike prestasie vir so 'n jong taalbeweging wat onder die grootste moeilikhede begin het. Opmerklik is verder dat ons in hierdie vyf jaar (1881—1885) vier gedigteversamelings van die *Patriot*-kantoor kry teenoor die één van die voorafgaande halwe dekade, en die twee tussen 1886 en 1905. Dit is die belangrikste tydvak van poëtiese skepping. In hierdie tydperk het ons op prosagebied vier van die *Duiwels* van J. Lion Cachet. Die orige prosastukke hou verband met die politieke ontwaking van ons volk, sy belangstelling in ekonomiese kwessies, en met boerderysake.

Ongelooflik is die agteruitgang in die hieropvolgende vyf jaar 1886—1890. Teenoor die 24 afsonderlike boeke en boekies van die vorige

vyf jaar (met uitsluiting van die *Almanak*), is daar net twaalf in hierdie periode, en daarvan is vier voortsettings van reekse [*Di Afrikaanse Boer* nr. 3 (1886) en nr. 4 (1887), en *Samesprake in Afrikaans en Engels*, nr. 2 (1887) en nr. 3 (1890), terwyl één 'n bloemlesing uit twee bloemlesings is: *Bloemlesing van Afrikaanse Gedigte byeenversameld uit Nos. Twe en Dri*, 1888].

In die tydperk wat volg, nl. 1891—1895 duur die insinking voort. In hierdie periode is daar één enkele werkie wat tot letterkunde gereken kan word, nl. *Di Spogduiwel* (1892) van ds. Cachet. Daar is altesaam agt boeke in dié vyf jaar, dus dieselfde getal as in die eerste vyf jaar (1876—1880), maar hulle besit soveel minder frisheid en idealisme. Drie daarvan is bowendien vertalinge, twee van Bybelboeke en een oor geeste. Hieronder is geen enkel digbundel nie.

Met die oprigting van *Ons Klyntji* in 1896 het die Afrikaanse letterkunde en kultuurstrewe 'n algehele verjonging ondergaan. Hierdie tydskrif het die letterkundige kragte in hom saamgetrek en 'n tweede bloei gebring tussen 1896 en 1899. Drie van die vier belletristiese werke in Afrikaans in hierdie periode is oordrukke uit *Ons Klyntji*. Die vier werke is *Magrita Prinslo* (1896); *Di Koningin fan Skeba* (1898) deur ds. S. J. du Toit; *Wat Geld kan doen* (1898) en *Deur Hoogmoed Misly* (1899), albei deur M. H. Neser. Die Afrikaanse werke wat nog oorbly, bring niks nuuts nie.

Die opbloei was kortstondig. Die oorlog het nie net moeilikhede van 'n illogiese aard gebring nie, maar die teenstellings tussen redaksie en die leserspubliek tot op 'n breekpunt verskerp. Die tydperk 1900—1906 word die laaste. In 1904 raak die firma D. F. du Toit & Co. bankrot, die *Patriot* sterf ook, en twee jaar later *Ons Klyntji.*

Die boeke uit dié tydperk is van weinig belang, behalwe miskien die *Patriot-Woordeboek* 1902 *en* 1904) en *'n Haastige Huwelik* (1905) van B. R. Buys. Origens is die werke vertalings of versamelings.

Tot 1909 het nog 'n paar werkies verskyn wat die merkteken van die ou beweging aan die voorhoof gedra het: *Di Psalme* (1907), *Di Tower-Dokter* (1908), en dan twee boekies van G. R. von Wielligh: *Dire Storiis* (1907) en *By'e Teelt* (1909).*

Die betekenis vir die Afrikaanse taal en kultuur van die firma D. F. du Toit & Co. is nie te oorskat nie. Die redakteur van die *Patriot* het dit self besef in 'n inleidingsartikel van 1895, waaruit ek 'n paar aanhalings doen. Hy publiseer 'n lys van boeke deur die firma uitgegee, en sê: „Daaruit sal hul (die lesers) sien, dat ons in die laaste 20 jaar, behalwe die uitgaaf van die *Patriot* en die *Paarl* en die *Getuige,* behalwe ons Almanak, Musiekstukke en kleine boekies, en behalwe honderd duisende van Hollandse boeke van andere uitgewers wat ons verkoop en versprei het (bv. soos pryse vir

---

* Vgl. *Geskiedenis v. d. Afr. Letterkunde.*

Bybelraaisels), — dat ons omtrent 'n *honderd boeke*, klein en groot, self uitgegee het, en wel vir so ver ons die getalle kon nagaan in Hollans 93,500 en in Afrikaans 81,000, samen dus 174,650 boeke, waarvan nog mar 22,550 in voorraad is. Sodat ons van ons eie uitgawe 152,100 boeke verkoop en versprei het deur die land . . . .

„Maar uit die welsprekende syfers blyk verder, dat ons rigting volkome in ooreenstemming is met die gees en behoefte van ons volk. Want waar is die 155,000 boeke gebly? Ons Afrikaners koop nie boeke om dit as 'n sierlike huisraad in biblioteke te laat staan nie, soos baing ryke Europeane doen. Né, as 'n Afrikaner 'n boek koop, dan is dit *om dit te lees*. En as hy 'n boek kan te leen kry om te lees, dan koop hy dit nie. Sodat ons veilig kan reken, dat elk boek wat ons versprei het, deur minstens vyf persone gelees is."

Die boeke van die firma D. F. du Toit & Co. is spotgoedkoop op die mark geplaas. Die doel was nie om ryk te word en geld te maak nie, maar om te dien. Ds. Du Toit het later selfs die wins wat hom ten deel geval het uit die boeke van hom wat goed verkoop het weer gestort in die kas van die uitgewers om te vergoed vir wat verloor word deur die publikasie van minderbetalende werke soos die vertaalde Bybelboeke. As die firma wou ryk word, sou hy die boeke nie so goedkoop op die mark gebring het nie. Let op die pryse: *Wat Geld kan doen* deur Neser: 9d.; *Dire-Stories* deur G. R. von Wielligh: 6d.; *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal*: 3d.

Die meeste van die boekies was maar taamlik dun, en op enkele uitsonderinge na, baie onaantreklik uitgegee in papierbandjies. Die goedkoop pryse het dit egter meegebring.

In 1904 het die firma D. F. du Toit & Co. ondergegaan. Ds. Du Toit skryf in *De Getuige* as volg oor die gebeurtenis:

„Het valt ons zwaar dit afscheidswoord neer te schrijven. Edoch het kan niet anders. De Paarlse Drukpers Maatschappij is in likwidatie en weldra worden alle publikasies gestaakt, en moeten wij de pen neerleggen als hoofdredakteur van de „Patriot", gedurende 28 jaren, van de „Getuige" gedurende 26 jaren en van „Ons Klijntji", gedurende 9 jaren. Heel deze zaak is door ons opgebouwd met grote opofferingen; van een klein handpersje en een klein maandblaadje tot een komplete Drukpers gelijk er weinigen in Z.Afrika bestaan. Ons werk van een leeftijd wordt nu afgebroken.

„En waarom? Ja, hier moet juist het pijnlik antwoord ons uit de pen: omdat wij in de laatste jaren geen genoegzame ondersteuning vonden en de bezigheid dus niet betaalt. En vanwaar dan dit gebrek aan ondersteuning? Omdat de meerderheid van ons Afrikaander volk ons de rug heeft toegekeerd."

In dieselfde afskeidswoord kondig ds. Du Toit die verskyning van *Stemmen des Tijds* aan, wat vanaf 1905 tot 1914 bestaan het. Hy het dié tydskrif bedoel as 'n voortsetting van die *Patriot* en *De Getuige*. Dit is uitgegee deur die nuwe maatskappy wat in die plek van D. F. du

Toit & Co. gekom het, nl.: Die Paarlse Drukpers Maatskappy. *Ons Taal* (1907—1909) was die voortsetting van *Ons Klyntji.*

---

## HOOFSTUK IX.

## DIE BLOEI VAN DIE AFRIKAANSE DRUKPERS.

Hiermee het ons gekom by die moderne tyd, en omdat dit altyd gevaarlik is om oor geskiedenis te skryf wat nog in wording is, en veral oor die geskiedenis van die drukpers waar die besigheidsbelange van verskillende uitgewers ter sprake kom, moet hierdie hoofstuk noodwendig beknop wees. Ek sal my net by die hoofsake bepaal en so objektief moontlik wees, sonder om die een of ander uitgewersfirma of koerant bo die ander te stel. 'n Paar van die firma's wat Afrikaanse boeke ná 1900 uitgegee het, het ek reeds hoërop terloops genoem.

„Het Westen"-Drukkery van mnr. H. de Graaf van Potchefstroom het na die Tweede Vryheidsoorlog die voortou geneem met die uitgee van Afrikaanse boeke. Op 18 November 1904 het sy koerant *Het Westen* verskyn, eers as weekblad, maar vanaf 1909 halfweekliks. „De grondslag van deze krant is *Christelik-Nationaal"*, skryf die redakteur in die eerste uitgawe, en vanaf 1914 dien dit as mondstuk van die Nasionale Party. Toe mnr. De Graaf 'n nuwe

besigheid in Bloemfontein geopen het, „Het Volksblad"-Drukkery, het hy daar (9 Maart 1916) 'n nuwe koerant „Het Volksblad" uitgegee, terwyl A. H. Koomans, Bpk. *Het Westen* in Potchefstroom voortgesit het. Die naam is later verander tot *Die Weste*, en eindelik is die koerant in Pretoria uitgegee, maar nou onder die naam *Die Republikein*. Dit het daar egter nie lank staande gebly nie. In September 1917 het mnr. De Graaf die toe reeds goed gevestigde „Het Volksblad"-Drukkerij saam met die koerant (nou *Die Volksblad*) vir £15,000 aan die Nasionale Pers, Bpk., Kaapstad, verkoop.

Die vernaamste Afrikaanse skrywers aan die begin van hierdie eeu het hul boeke vir „Het Westen"-Drukkerij aangebied, en hoewel dit toe moeilik gegaan het om 'n duisend boeke van die hand te sit, het die uitgewer tog volhard. Hy het boeke gedruk en uitgegee van Totius (*Wilgerboombogies,* 1912), Jan Celliers (*Unie-Kantate,* 1910), D. F. Malherbe (*Vergeet Nie,* 1913), C. J. Langenhoven (*Ons Weg deur die Wêreld,* 1914), J. Lion Cachet (*Sewe Duiwels,* 1908), en van nog verskillende ander skrywers soos J. Lub, J. G. Engela en pres. F. W. Reitz.

'n Tydskrif van hoogstaande letterkundige aard is deur mnr. De Graaf uitgegee: *Werda!* Ongelukkig het dit net 'n jaar bestaan (Mei 1913—April 1914).

Tydens die Wêreldoorlog van 1914 het die nasionaalvoelende Afrikaners van die Kaapprovinsie 'n sterk behoefte gevoel aan 'n koerant wat hul gevoelens kon vertolk, en daarom is in

1915 De Nationale Pers, Beperkt, in Kaapstad gestig, en op 26 Julie 1915 verskyn *De Burger*, 'n dagblad van tien bladsye, met dr. D. F. Malan as hoofredakteur.

Terwyl die *Burger* die vernaamste publikasie van die Nasionale Pers, Kaapstad, is, is daar ook ander ewe belangrike uitgawes — uitgawes wat die maatskappy groot en sterk gemaak het. Vooraan staan ongetwyfeld *Die Huisgenoot*. Dit het op 20 Mei 1916 verskyn toe dit verenig is met *Ons Moedertaal* nadat laasgenoemde tydskrif agt aflewerings oor twee jaar belewe het (1914—1916). Prof. J. J. Smith was die eerste redakteur. Aanvanklik het Nederlands nog oorweeg, maar gaandeweg het Afrikaans sy regmatige plek opgeëis. Op 23 November 1923 het *Die Huisgenoot* 'n geïllustreerde weekblad geword, en steeds het hy in omvang en gehalte toegeneem.

Die Nasionale Pers, Bloemfontein, gee, behalwe *Die Volksblad*, ook 'n eie tydskrif uit: *Die Landbouweekblad*. Die eerste nommer het op 21 Mei 1919 verskyn.

Groot uitbreiding in die werksaamhede van die Nasionale Pers het in 1917 gekom toe 'n aanvang gemaak is met die uitgee van boeke, hoofsaaklik in Bloemfontein. In daardie jaar alleen is 10,000 eksemplare op die mark gebring. In 1935 het mnr. H. Roux bestuurder geword van Die Volksblad-Boekhandel, en onder sy beheer het die Boekhandel 'n ongekende vooruitgang gemaak. 'n Belangrike onderneming is Ons Eie Biblioteek-Skema wat in 1939 byna 10,000

lesers getel het. Populêr is ook die **Tweede Trek-Reeks.**

Vanaf 1917 tot April 1934 het die Volksblad-Boekhandel 214 boeke uitgegee, wat saam met die herdrukke 908,000 eksemplare bevat. Vanaf April 1934 tot 1940: 281 uitgawes (nuwes en herdrukke) met 'n totale oplaag van 1,225,581. Die totale aantal boeke deur Die Volksblad tot 1940 gedruk, beloop 2,133,581.

Op 15 Mei 1918 is die Burger-Boekhandel in Kaapstad geopen, en vanaf 1919 is mnr. W. F. Kruse die bestuurder. Tot 1940 het hierdie firma 605 boeke uitgegee, met 'n totale oplaag van 1,091,000. Spesiale vermelding verdien die *Versamelde Werke* van Langenhoven (14 dele), waarvan reeds 10,000 stelle verkoop is, d.w.s. 140,000 eksemplare; die *Versamelde Werke* van De Waal met 40,000 eksemplare verkoop.

Dit is onmoontlik om die name van al die skrywers te noem wat hul boeke deur die Nasionale Pers laat uitgee het, want daar is geen belangrike skrywer in Suid-Afrika wie se naam ons nie onder hulle sal vind nie.

'n Besonder belangrike Afrikaanse uitgewersfirma in Suid-Afrika is ongetwyfeld J. L. van Schaik, Bpk., Pretoria. Dit is gestig in 1914 en volgens mededeling van mnr. Van Schaik, het hy reeds ongeveer 700 Afrikaanse boeke gepubliseer. Tot my spyt beskik ek nie oor meer besonderhede omtrent hierdie firma nie.

Die voorlopers van die huidige koerant *Die Vaderland,* was *De Week, Het Volk,* en *Ons Vaderland.* In 1912 het mnr. Harm Oost in Pretoria *De Week* die wêreld ingestuur, maar in

1913 is dit gestaak; dit is dadelik opgevolg deur *Het Volk*, maar in Oktober 1914 op regeringsbevel stop geset. Die volgende jaar verskyn *Ons Vaderland* as 'n halfweeklikse uitgaaf van die Nasionale Party, en dit het voortbestaan tot Maart 1932, toe die Noordelike Drukkersmaatskappy deur die Afrikaanse Pers, Bpk., oorgeneem en die koerant verdoop is tot *Die Vaderland*. In Junie 1936 is *Die Vaderland* verplaas na Johannesburg.

Die Afrikaanse Pers, Bpk. het probeer voorsien in die behoefte aan ligte ontspanningslektuur, en in 1939 'n begin gemaak met die A.P.-Sakbiblioteek, waarvan reeds byna drie dosyn dele verskyn het. Dit bevat boeiende speur-, liefdes- en avontuurverhale.

Een van die belangrikste publikasies van Die Afrikaanse Pers is die populêre tydskrif *Die Brandwag*. Dit het op 6 Febr. 1937 as 'n weeklikse bylaag tot *Die Vaderland* sy verskyning gemaak en dit is met soveel geesdrif ontvang dat dit na ses maande as 'n selfstandige blad uitgegee is.

In 1936 is die Unie-Volkspers, Bpk. in Kaapstad gestig en op 8 Oktober 1936 het *Die Suiderstem* verskyn as mondstuk van die Verenigde Party. Hierdie firma het dadelik begin met die uitgee van boeke van allerlei aard, ook Engelse werke met 'n Suid-Afrikaanse strekking. Tot dusver het hy ongeveer 80 Afrikaanse boeke in die lig gegee. Op 10 Oktober 1940 kry die Unie Volkspers sy eie tydskrif: *Naweek*: 'n tydskrif met 'n eie persoonlikheid.

Die Voortrekkerpers, Bpk. is in 1937 in Johannesburg gestig en op 1 Oktober van daardie jaar maak *Die Transvaler* sy verskyning as orgaan van die Nasionale Party. Die Transvaler-Boekhandel is dadelik oopgemaak, en tot Augustus 1942 het die Voortrekkerpers reeds 78 boeke gepubliseer.

Dit is onmoontlik om hier al die Afrikaanse tydskrifte op te noem — ek het slegs 'n paar van die mees bekendes ter sprake gebring, net soos in die geval van die koerante. Ek sal ook nie in besonderhede kan tree wat die ander uitgewersfirmas betref nie, en daarmee doen ek niks aan hul betekenis af nie.

J. H. de Bussy van Amsterdam het in 1899 die besigheid van Jacques Dusseau & Co. (gestig 1894) in Kaapstad oorgeneem onder die naam Hollands-Afrikaanse Uitgewersmaatskappy, en ook in Pretoria 'n tak geopen onder sy eie naam. Hierdie firma het verskillende Afrikaanse romans, dramas en digbundels uitgegee, maar hom hoofsaaklik toegelê op godsdienstige lektuur en skoolboeke. Dit is ook die geval met Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch. Die S.A. Bybelvereniging, Kaapstad, die Christen-Studentevereniging, Stellenbosch, en die Christelike Uitgewersmaatskappy, Johannesburg, gee uitsluitlik godsdienstige boeke uit.

'n Jong firma wat vinnig vorentoe beur, is Unie-Boekhandel, Bpk., Pretoria, met sy Springbok-Biblioteek, waarvan reeds 19 dele verskyn het.

Genoem moet nog word Dirk Pons en Kie, Potchefstroom, Danie Smal-Boekhandel, Pre-

toria, en P. J. du Toit, Middelburg. Verskillende van die Engelse uitgewersfirmas het ook 'n enkele Afrikaanse boek uitgegee.

Ons staan verbaas oor die koorsagtige bedrywigheid van die Afrikaanse drukpers vandag. Voor 1900 het daar een Afrikaanse koerant, een tydskrif, en ongeveer 90 boeke die lig gesien. tot 1930 verskyn ongeveer 'n 2000 Afrikaanse boeke en na 1930 tot vandag weer 3000. Daar het byna 5000 Afrikaanse boeke en pamflette tot vandag verskyn. Op die oomblik kom daar gemiddeld 20 Afrikaanse boeke per maand van die pers af. Wie nog wanhoop aan die toekoms van Afrikaans, moet slegs na hierdie syfers kyk. Die Afrikaners word 'n lesende volk!

---

## LITERATUUR.


Barnard, Lady Anne: *South Africa a Century Ago. Letters written from the Cape of Good Hope* (1797—1801). 1913.

Barrow, John: *An Account of Travels into the Interior of Southern Africa, in the years 1797 and 1798, etc.* 1801.

Borcherds, P. B.: *An Auto-Biographical Memoir of Petrus Borchardus Borcherds.* 1861.

Bosman, dr. F. C. L.: *Drama en Toneel in Suid-Afrika* Deel I: 1652—1855. H.A.U.M., Kaapstad, en J. H. de Bussy, Pretoria. 1928.

Bosman, dr. F. C. L.: *Uit die Geskiedenis van Almanakke in Suid-Afrika.* „Jaarboek vir die Ned. Ger. Kerke in Suid-Afrika", 1931.

Bosman, dr. F. C. L., en Dreyer, Eerw. A.: *Hollandse Joernalistiek in Suid-Afrika gedurende die 19de Eeu* en *Lewensketse van Hollandse Joernaliste in Kaapland.* Oorgedruk uit „Ons Land" van 8 April 1930.

*Burger, Die,* 19 Maart 1935, en 25 Julie 1940.

*Cape Times,* May 9, 10, 11, 13, 1929 (Artikels van prof. J. du Plessis).

Conradie, dr. E. J.: *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika,* Deel I: 1652—1875. J. H. de Bussy, Pretoria. 1934.

Cutten, Theo E. G.: *A History of the Press in South Africa.* 1935.

Franken, J. L. M.: *Uit die Lewe van Charles Etienne Boniface.* Annale van die Universiteit van Stellenbosch, jg. XV, reeks B, Afl. 1 (April 1937).

Goodman, I. M.: *Die Nasionale Boek.* s.j. (1931).

Hofmeyr, J. H., en Reitz, F. W.: *Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan).* Van de Sandt de Villiers Drukpers Mij., Bpkt., Kaapstad. 1913.

*Kerkbode, Die* (feesnommer), 16 Jan. 1929.

Krüger, dr. D. W.: *'n Drukker-Pionier* (J. P. Borrius). „Die Huisgenoot", 5 Junie 1942.

Kruger, J. J.: *The Development of Printing in the Union.* „Suid-Afrikaanse Biblioteke", April 1936.

Laidler, P. W., and Ross, R.: *The Pre-Victorian Products of the Cape Press.* „S.A. Biblioteke", Jan. 1937.

Laidler, P. W.: *Annals of the Cape Stage,* 1926.

Lloyd, A. C. G.: *The Birth of Printing in South Africa.* „S.A. Biblioteke", Julie 1933.

McMurtie, Douglas: *The Introduction of Printing into South Africa.* „Output", Vol. II, No. 7 (1932).

Mendelsohn, Sidney: *South African Bibliography.* 2 dele. 1910.

Meurant, L. H.: *Sixty Years Ago.* Cape Town, 1885.

Morrison, W. R.: *A Bibliographical Excursion.* „S.A. Biblioteke", Julie 1936.

Morrison, W. R.: *A Brief History of South African Printing and Catalogue of Exhibition of Early South African Printing.* n.d.

Nienaber, dr. G. S., en Nienaber, dr. P. J.: *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging.* J. L. van Schaik, Bpk., Pretoria. 1941.

Nienaber, dr. P. J., en Nienaber, dr. G. S.: *Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde.* Deel I. J. L. van Schaik, Bpk., Pretoria. 1941.

Nienaber, dr. G. S.: *Honderd Jaar Hollands in Natal.* J. H. de Bussy, Pretoria. 1933.

Nienaber, dr. G. S.: *Van Roem tot Selfmoord.* Voortrekkerpers, Bpk., Johannesburg. 1939.

Nienaber, dr. P. J.: *Daeraad van die Drukpers in Suid-Afrika.* „Die Brandwag", 4 April 1941.

Nienaber, dr. P. J.: *'n Drukker-Pionier* (H. de Graaf). „Die Huisgenoot", 17 Julie 1942.

*Ons Tydschrift,* 1898—1899. Artikels oor B. J. van de Sandt de Villiers en dr. A. N. E. Changuion.

Pringle, Thomas: *Narrative of a Residence in Southern Africa.* 1835.

Roux, J. S. le: *Kleurryke Geskiedenis van die Pers in ons Land.* „Die Vaderland", 2 Julie 1936.

Schmidt, dr. Werner: *Deutsche Arbeit für Süd Afrika* (J. C. Ritter). „S.A. Biblioteke", April 1936.

Scholtz, dr. J. du P.: *Die Afrikaner en sy Taal.* 1806—1875. Nas. Pers, Bpk., Kaapstad. 1939.

Smith, Anna H.: *Printing in South Africa* (with map). „S.A. Biblioteke", Okt. 1938.

*Vaderland, Die,* 2 Julie 1936. Artikels van Rud. P. Visser, dr. Abel Coetzee, Harm Oost en dr. G. S. Preller.

Villiers, dr. Anna J. D. de: *Die Hollandse Taalbeweging in Suid-Afrika.* Annale van die Universiteit van Stellenbosch, jg. XIV, reeks B, Afl. 2. (Sept. 1936). (1937).

*Volkstem, De,* 1 Okt. 1924. Artikels van dr. G. S. Preller.

Walt, L. B. van der: Artikel oor Vrystaatse Koerante, in „Huis en Haard", Okt. 1928.

NASIONALE PERS BPK
BLOEMFONTEIN